

1984 116 779



U.O.V.S. - BIBLIOTEK

198411677901220000019



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

DIE MEDEDINGING TUSSEN DIE MANLIKE EN VROULIKE VOORNAAM-
WOORD IN AFRIKAANS

deur

CHRIS DU PLESSIS

voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE
DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

STUDIELEIER: PROF. G.J. VAN JAARSVELD

JUNIE 1984

Universiteit van Pretoria

14-11-1984

T 439.3682 PLE

BIBLIOTEK

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

D A N K W O O R D

My opregte dank aan:

prof. G.J. van Jaarsveld van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir sy besielende leiding, vakkundigheid, entoesiasme en ontvanklikheid wat met die skryf van die studie gepaard gegaan het. Dit was 'n voorreg om onder hom te werk.

prof. M.C.J. van Rensburg en mnr. Alf. Jenkinson van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir hul hulp en betekenisvolle leiding en lede van die departement Afrikaans en Nederlands vir hul onderskeie bydrae.

aan alle ander persone wat van tot tyd met belangstelling kennis geneem het van die onderwerp waaraan ek gewerk het en wat op een of ander manier behulpsaam was met die versameling van gegewens.

die volgende persone vir onderhoude aan my toegestaan, prokureur Wilhelm Herbst en oom Alwyn Prinsloo, mevv. Magda Brummer en Martha Styger en tant Mieña van der Westhuizen, mejj. Elbé Fraser en Elize van Rooyen en prof. Tony Links van die Universiteit van Wes-Kaapland vir sy hulp en leiding.

die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die finansiële hulp.

Beulah Wolmarans vir die finale tikwerk onder druk en Louie Swanepoel vir die hulp met die proefleeswerk.

'n Spesiale woord van dank aan:

My vrou en seun, Elsabé en Jaco, vir die aansporing en liefde en hul bydrae, onder meer, die soveel samesyn, tyd en aandag wat hul moes ontbeer tydens die voorbereiding van hierdie verhandeling.

die Skepper vir die krag, gesondheid en geleentheid om die studie te kan voltooi.

BLOEMFONTEIN

JUNIE 1984

I N H O U D S O P G A W E

	<u>Bladsy</u>
VOORWOORD	iii
HOOFSTUK 1 : DIE VOORNAAMWOORDSISTEEM IN STANDAARD- AFRIKAANS	
1.1 Inleiding	1
1.2 Doelwitte	1
1.3 Klasse voornaamwoorde	1
1.4 Posisie van die voornaamwoord in die sin	3
1.5 Semantiese kenmerke van die voornaamwoord, derde persoon, enkelvoud	6
1.6 Die derde persoon as anafoor	7
1.7 'n Beskouing oor die gebruik van die vervangende voornaamwoorde HY, SY en DIT in Afrikaans	12
1.8 Die konkurrensie en gebruikskemerke van HY en SY	19
1.9 Samevatting	26
HOOFSTUK 2 : MANLIKE DOMINANSIE IN DIE TAAL VAN MANS EN VROUENS	
2.1 Inleiding	28
2.2 Doelwitte	28
2.3 Haar taal teenoor sy taal	28
2.4 Statusrol van die vrou	31
2.5 Manlike dominansie in advertensies, boeke en tekenprente	34
2.6 Vaste uitdrukkings, idioome, spreekwoorde, titels, aanspreekvorme, vergelykings en Bybelse gebruik	43
2.7 Die mededinging tussen HE en SHE in Engels	58
2.8 Juridiese aspek	59
2.9 Samevatting	61

HOOFSTUK 3 : WISSELING IN STANDAARDAFRIKAANS

3.1	Inleiding	64
3.2	Doelwitte	64
3.3	Verskil met Nederlands	65
3.4	Die verbreiding van die besitlike voornaam- woord SY in Afrikaans	68
3.5	Engelse invloed	70
3.6	Die wisseling van geslag in Standaardafrikaans ten opsigte van nie-lewende referente, gemeen- slagtige nie-menslike referente, natuurelemente, abstrakta, stede en versamelname	73
3.7	Omruiing van menslike geslag	84
3.8	Die gebruik van die vroulike SY met verwysing na die man	100
3.9	Samevatting	102

HOOFSTUK 4 : SINTESE

4.1	Sosiale lae	104
4.2	Nie-standaardtaalvorme	105
4.3	Standaardafrikaans teenoor nie-Standaard- afrikaans	107
4.4	Aanvaarbaarheid van die onreëlmatige gebruik	108
4.5	Nie-standaardreëls?	109
4.6	Standaardisering	110
4.7	Grammatikareël of stylmiddel?	110
4.8	Manlike en vroulike voornaamwoordmededinging	111

BIBLIOGRAFIE	112
--------------	-----

BYLAES	119
--------	-----

OPSOMMING	136
-----------	-----

V O O R W O O R D

In WAT iv 1961 : 464 word die volgende verklaring vir die voornaamwoord hy gegee.

"Hy. Onderwerpsvorm van die persoonlike voornaamwoord, derde persoon, enkelvoud, manlik. Manlike persoon, of ding wat as 'n manlike wese gedink word: Is die kind (hond, kalף, skaap ensovoorts) 'n hy of 'n sy?, 'n seun (reun, bul, ram, ensovoorts) of 'n dogter (teef, vers, ooi ensovoorts.) Is 'n skip (trein, motor) 'n hy of 'n sy? - Hulle is hydinge."

i) Probleemstelling

Die omskrywing van WAT suggereer dat taalgebruikers hy (hom/sy) vir die deiktiese en anaforiese verwysing na manlike lewende wesens gebruik, ook met verwysing na gemeenskaplike en onsydige referente en dat sy (haar/haar) slegs vir vroulike lewende wesens gebruik word. Dit is ons insiens dan ook die basiese reël vir Standaardafrikaans. Vergelyk die volgende voorbeelde:

As die mannetjie so aanhou neul sal hy my tot raserny dryf
Santie sê sy stuit vir niks en sal saam met die seuns rugby speel
Die bal is bo-op die kas. Kry hom.

'n Mens hoef egter nie ver te gaan soek om iets soos die volgende te hoor nie:

Ag, siestog kan sy nie swem nie? (verwysing na 'n man)
Hy lyk darem vir jou uitgeput (verwysing na 'n vrou)
Sy kan nie meer nie, want haar voetjies is glo te seer (verwysing na 'n man)
Die Santa darem, hy het al die seuns uitgestof (verwysing na 'n vrou)
My pragtige motor. Iemand het haar gestamp.

WAT se omskrywing is vir Afrikaans nie uitsonderingloos geldig nie. Omruiling van manlike en vroulike voornaamwoorde kom in verskillende taallae en by verskillende groepe voor en dit is nie altyd 'n bewuste variasie nie.

Wanneer in die volgende voorbeelde na hy verwys word, impliseer dit ook hom/sy indien die konteks daarom vra, terwyl sy ook haar impliseer indien die konteks daarom vra. 'n Volledige uiteensetting van die Afrikaanse voornaamwoord, derde persoon, word in hoofstuk 1 gegee.

Van Rensburg 1983 : 135 wys daarop dat die standaardvorm van Afrikaans 'n idealisering is van hoe Afrikaans deur sy toonaangewende sprekers gepraat behoort te word. Dit is die Afrikaans wat aan geïnstitusionaliseerde instellings gekoppel word. Kortom dié norm van geskrewe en gesproke Afrikaans is 'n teken van Afrikaans se taalstatus - vir 'n standaardtaal bestaan daar 'n besliste vorm waarvolgens hy gepraat en geskryf behoort te word.

"Die nie-standaardvorme wyk almal van die standaardvorm af. Nie-standaardvorme is in die reël nie geskrewe vorme nie, en kan daarom ook nie as verteenwoordigend, en algemeen, beskou word nie. (Dit is die standaardvorme wat die taal "verteenwoordig" en wat kan staan as 'n "teken" vir 'n besondere taal). Die nie-standaardtaalvorme het in die reël ook nie die onderwerp vir taalstudies uitgemaak nie. Tans is dit duidelik dat nie-standaardvorme nie om taalkundige redes uit 'n taalkunde - ondersoekterrein uitgedefinieer kan word nie. Daar bestaan trouens geen rede om aan te neem dat nie-standaardvorme in enige opsig 'n "mindere" taal verteenwoordig nie" (Van Rensburg 1983 : 135).

Du Plessis 1983 : 50 sê elke taalgemeenskap vertoon 'n aantal taalvariante. Hierdie variante kan in verband gebring word

met byvoorbeeld verskillende groepe (bv. die taal van winkeliers, boere, ensovoorts). Hierdie "taal" bevat elemente op die vlak van woordeskat, uitspraak of sinsbou wat nie algemeen gebruiklik is oor die hele taalgebied nie en wat soms selfs onverstaanbaar is vir die spraakgemeenskap in sy geheel.

"Dit wil dus nie sê dat die gebruiker van 'n besondere variant geen ander variant ken en kan gebruik nie. Aan die ander kant is dit ook nie te sê dat alle lede van 'n besondere klas noodwendig 'n bepaalde spraakvariant gebruik nie of dat 'n variant beperk is tot een enkele gebied of klas nie" (Du Plessis 1983 : 50).

Die gebruik van die voornaamwoord, derdepersoon, enkelvoud toon afgesien van 'n bepaalde reëlmaat, ook heelwat variasie. Die variasie en wat dit in Afrikaans reflekteer is vir Afrikaans nog nie ondersoek nie.

ii) Hipoteses

In die verhandeling word daarvan uitgegaan dat:

1. die gebruikspatroon soos deur WAT vir hy uiteengesit die deiktiese en anaforiese gebruik van die voornaamwoord, derdepersoon, enkelvoud manlik geld. Dit beteken dat deikties en anafories hy of hom gebruik word, en besitlik sy. Dieselfde patroon geld vir onsydige en gemeenslagtige referente. Vir die voornaamwoord vroulik, derdepersoon, enkelvoud word sy en haar deikties en anafories gebruik terwyl haar ook as besitlike voornaamwoord gebruik word. Omdat die patroon in Standaardafrikaans die meeste voorkom word dit as basisreël beskou. Tot tyd en wyl die reël hergeformuleer is sal van reëlmatige gebruik en variasie gepraat word;

2. variasie, dit wil sê, die verwysing na manlike referente met sy, vroulike referente met hy en onsydige referente met sy/haar nie noodwendig as Engelse invloed gesien moet word nie, want daar is bepaalde voorwaardes aan die wisselende gebruik gekoppel;
3. nie-Standaardafrikaans sodanige variasie ten opsigte van die patroon in Standaardafrikaans vertoon en dat 'n aparte sisteem geïdentifiseer kan word.

iii) Doelstellings

In hierdie verhandeling word beoog:

1. om voorbeelde van die basispatroon vir die gebruik van die voornaamwoord, derdepersoon, enkelvoud in Standaardafrikaans te gee en die semantiese kenmerke van dié patroon te gee;
2. om die mededinging tussen hy en dit en hy en sy te bespreek;
3. om die patroonmatigheid van die variasie na te gaan, dit onder reëls te bring en verklarings daarvoor aan te bied;
4. om vas te stel in hoe 'n mate die vrou se mindere posisie in die taal en spesifiek wat betref voornaamwoorde gereflekteer word;
5. om vas te stel in hoeverre die variasie vir Afrikaanssprekendes aanvaarbaar is;
6. om te bepaal of die variasie 'n kongruerende tendens vertoon en indien wel om redes daarvoor aan te gee;

7. om die oorsprong van die variasie na te gaan;
8. om na te gaan of die wisselende gebruik by alle ouderdomsgroepe voorkom;
9. om vas te stel of die variasie bewus of onbewus is;
10. om 'n moontlike patroon vir die nie-standaardgebruik te bepaal en om afwykings van hierdie patroon en die redes daarvoor te bespreek.

iv) Werkwyse

a) Navorsing

Siende dat afwykings van die basisreël hom op 'n meer sistematiese wyse voordoen in die Noordweste van die land, is die aandag veral op dié gebied toegespits. Daar die verskynsel van die omruiling van die geslag deur die persoonlike voor-naamwoord, nie net in die Noordweste voorkom nie, maar verspreid oor die hele land, is in die ondersoek ook aandag gegee aan ander groepe, byvoorbeeld Kleurlinge en Griekwas en ook die wisseling in Standaardafrikaans.

Die wisseling kom onder bepaalde voorwaardes voor. Deur-slaggewende faktore by die aanspreekvorm soos ouderdomsver-skille, verskillende taalgroepe byvoorbeeld Engelse, Nederlandse en Kleurlingtaalinvloed, personifikasie, ouer taal-gebruik, naamgewing, situasie, ou literêre tradisie en affek is ondersoek.

Die ondersoek is hoofsaaklik 'n empiriese ondersoek aangesien daar nog feitlik geen navorsing in Afrikaans hieroor gedoen is nie. Om as data vir die ondersoek te dien is daar gebruik

gemaak van:

- : onderhoude met informante waarvan die data op band opgeneem is;
- : telefoniese gesprekke;
- : korrespondensie;
- : vraelyste;
- : die nuusmedia;
- : taalbronne;
- : 'n radiopraatjie wat uitgesaai is oor die Afrikaanse diens van die SAUK ten einde 'n bepaling van die voorkoms van die wisselende gebruik te kry en die bewustheid daarvan onder sprekers vas te stel;
- : veral waarneming tydens informele gesprekke en met niksvermoedende gespreksgenote;
- : 'n tydperk van twee jaar is gebruik om die variasie te identifiseer en op te teken.

Verskillende informante is aan dieselfde vroe onderwerp en getoets ten einde vas te stel of die gegewens met mekaar klop. Die gebruik van die manlike voornaamwoord vir die vroulike en omgekeerd is behalwe in die Noordweste, ook in die Vrystaat, Wes-Kaapland, Suidwes-Kaapland ondersoek en verskillende groepe soos byvoorbeeld blanke stedelinge, dorpenaars, plattelanders en anderskleuriges is by die ondersoek betrek.

b) Organisasie van die materiaal

Die verhandeling is in vier hoofstukke uiteengesit:

Hoofstuk 1 : Die voornaamwoordsisteem vir Standaardafrikaans.

Hoofstuk 2 : Manlike dominansie in die taal van mans en vrouens.

Hoofstuk 3 : Wisseling in Standaardafrikaans.

Hoofstuk 4 : Sintese.

c) Aanbieding van die stof

Aan die begin van elke hoofstuk word 'n verkorte inhoudsopgawe gegee. Die hoofstuk begin met 'n kort inleiding en doelwituiteensetting. Hierop volg die bespreking en waar van toepassing voorbeelde en moontlike redes vir die gebruik; waarna 'n gevolgtrekking die hoofstuk afsluit.

d) Slot

Die vertroude word uitgespreek dat die verhandeling met betrekking tot die mededinging van die manlike en vroulike voornaamwoord in Afrikaans tot hulp van andere sal wees en verdere navorsing in Afrikaans sal stimuleer.

H O O F S T U K 1

DIE VOORNAAMWOORDSISTEEM IN STANDAARDAFRIKAANS

1. Die voornaamwoordsisteesem in Standaardafrikaans
- 1.1 Inleiding
- 1.2 Doelwitte
- 1.3 Klasse voornaamwoorde
- 1.4 Posisie van die voornaamwoord in die sin
 - 1.4.1 Naamvalle
 - 1.4.2 Besitsvorm
- 1.5 Semantiese kenmerke van die voornaamwoord, derde persoon, enkelvoud
 - 1.5.1 Persoon
 - 1.5.2 Getal
 - 1.5.3 Manlik teenoor vroulik
- 1.6 Die derde persoon as anafoor
 - 1.6.1 Referensiële anaforiek
 - 1.6.2 Deiktiese verwysing
- 1.7 'n Beskouing oor die gebruik van die vervangende voornaamwoorde HY, SY en DIT in Afrikaans
 - 1.7.1 Inleiding
 - 1.7.2 Die konkurrensie van HY en DIT
 - 1.7.2.1 Stylvlak
 - 1.7.2.2 Affek
 - 1.7.2.3 Die konkurrensie van HY en DIT in dramas
 - 1.7.2.4 Verhalende prosa
 - 1.7.2.5 Primêre funksie van DIT
- 1.8 Die konkurrensie en gebruikskenmerke van HY en SY
 - 1.8.1 Inleiding
 - 1.8.2 Lewende geslagtelike referente
 - 1.8.3 Lewende gemeenslagtige referente
 - 1.8.3.1 Geslagtelikheid by menslike referente kan geneutraliseer word

- 1.8.3.2 Hy as gemeenslagtige pronomens
- 1.8.3.3 Hy-gebruik as die geslag nie bekend is nie
- 1.8.3.4 Geslagsonderskeiding
- 1.8.4 Nie-lewende (onsydige) referente
- 1.8.5 HY en SY : personifiërende gebruik
- 1.9 Samevatting

1. Die voornaamwoordsisteem in Standaardafrikaans

1.1 Inleiding

In die gesproke en in 'n mindere mate die geskrewe taal is daar 'n neiging om voorkeur te gee aan die manlike vorm van die voornaamwoord (hy/hom) ten koste van die vroulike vorm (sy/haar) en dit waar leweloze dinge en onsydigheid ter sprake is. Tog kan die voornaamwoord hy die voornaamwoord dit nie in alle kontekste vervang nie. Dit is dus nodig om te bepaal onder watter omstandighede hy die voorkeur kry. Onder bepaalde omstandighede word die hy ook deur sy verdring. Dit is dus nodig om die konkurrensie tussen hy en sy vir hierdie gevalle te bespreek.

1.2 Doelwitte

In hierdie hoofstuk word beoog

- * om die klasse voornaamwoorde in Afrikaans aan te dui;
- * om die semantiese kenmerke en anaforiese gebruik van die voornaamwoord, derde persoon, enkelvoud te bespreek;
- * om die gebruik en konkurrensie van hy, sy en dit te beskryf;
- * om die gebruikspatroon van hy en sy diagrammaties aan te dui.

1.3 Klasse voornaamwoorde

Volgens Jenkinson 1982 : 101 word voornaamwoorde grammatikaal in verskillende klasse en subkategorieë ingedeel (vergelyk figuur 1).

Volgens Ponelis 1979 : 55 verwys persoonlike voornaamwoorde

KOLOM 1

KOLOM 2

NIE-BEPAALD				BEPAALD								AAN- WYSEND	BETREK- LIK	
ONBEPAALD		VRAEND		PERSOONLIK										
P E R S O O N	MENSLIK	NIE- MENSLIK	MENSLIK	NIE- MENSLIK	MENSLIK								NIE- MENSLIK	
					NOMINATIEF		AKKUSATIEF		DATIEF		GENITIEF			
					ENKELVOUD	MEERVOUD	ENKELVOUD	MEERVOUD	ENKELVOUD	MEERVOUD	ENKELVOUD	MEERVOUD		
					EK	ONS	MY	ONS	MY	ONS	MY	ONS		
"EGTE" PERS. VNWE. SELFSTANDIGE BESITL. VNW. WEDERKERENDE VNWE.	1												WIE WAT	
						MYNE	ONS S'N	MYNE	ONS S'N	MYNE	ONS S'N			
								MY (SELF)	ONS (SELF)	MY (SELF)	ONS (SELF)			
"EGTE" PERS. VNWE. SELFSTANDIGE BESITL. VNW. WEDERKERENDE VNWE. GENERIES	2					JY	JULLE	JOU	JULLE	JOU	JULLE	JOU	JULLE	WIE WAT
						U	U	U	U	U	U	U	U	
						JOUNE	JULLE S'N	JOUNE	JULLE S'N	JOUNE	JULLE S'N	JULLE (SELF)	JULLE (SELF)	
EGTE PERS. VNW. VROUL.	3					HY	HULLE	HOM	HULLE	HOM	HULLE	HOM	HULLE	DIT
						SY		HAAR		HAAR		HAAR		
						SYNE	HULLE S'N	SYNE	HULLE S'N	SYNE	HULLE S'N			
SELFSTANDIGE BE- SITL. VNWE. WEDERKERENDE VNWE.	3					HARE		HARE		HARE			WIE WAT	
							HOM (SELF)	HULLE (SELF)	HOM (SELF)	HULLE (SELF)				
							HAAR (SELF)		HAAR (SELF)					
BESITLIKE VNW.	1	IEMAND	IETS	NIKS	WIE	WAT	WATTER						DIT	
						MY	ONS	MY	ONS	MY	ONS	MY		ONS
MANL. VROUL.	2					JOU	JULLE	JOU	JULLE	JOU	JULLE	JOU	JULLE	DIT
						U	U	U	U	U	U	U	U	
MANL. VROUL.	3					SY	HULLE	SY	HULLE	SY	HULLE	SY	HULLE	HIERDIE DAARDIE
						HAAR		HAAR		HAAR		HAAR		
						WATTER	WATTER							
						WATSE	WATSE							

na referente, en dit op 'n besondere manier waardeur hulle van leksikale naamwoorde (name en selfstandige naamwoorde) onderskei word : die verwysing na referente deur persoonlike voornaamwoorde geskied naamlik anafories (binnetekstueel) en deikties (buitetekstueel). (Vergelyk 1.6 vir 'n bespreking hiervan).

1.4 Posisie van die voornaamwoord in die sin

1.4.1 Naamvalle

Volgens Van Jaarsveld e.a. 1979 : 114 is naamvalle die grammatiese term wat gebruik word om die onderwerp, die voorwerp, die indirekte voorwerp en die besitsvorm binne die sin aan te dui. So word tradisioneel na die onderwerp verwys as die eerste naamval of nominatief, die voorwerp is die vierde naamval of akkusatief, die indirekte voorwerp is die derde naamval of datief en besitsverhoudinge word deur die genitief aangedui.

Die onderwerp (nominatief) van die sin is die persoon, dier of ding wat die handeling uitvoer of net "is"; die operateur wat iets doen. Die onderwerp kan uit die voornaamwoord bestaan, vergelyk:

Enkelvoud

Ek

jy

u skop die bal oor die muur.

hy

sy

Meervoud

Ons

Julle slaan die hond met 'n stok.

Hulle

Voornaamwoorde kan ook in sinne as die direkte voorwerp gebruik word waarvoor daar in die enkelvoudsvorme van Afrikaans 'n onderskeidende akkusatiefvorm bestaan, vergelyk:

Ek		hom	
jy	slaan	haar	met die stok
hy		hulle	
sy		ons	

Daar kan nog 'n derde persoon betrokke wees by die handeling of gebeure waar daar tussen die onderwerp en nog 'n naamwoord 'n verband gelê word. Hierdie verband word aangedui deur die indirekte voorwerp (datief) en kan deur 'n enkele woord of deur 'n datiefgroepering aangedui word (vergeelyk Van Jaarsveld e.a. 1979 : 115).

Hy koop blomme vir hom, haar, my, jou, ons, julle, hulle.

1.4.2 Besitsvorm

Volgens Ponelis 1979 : 83 kan 'n klas voornaamwoorde genaamd besitlike voornaamwoorde onderskei word wat bestaan uit die attributiewe en die selfstandige besitlike voornaamwoorde:

Attributief

Enkelvoud

my
jou Dit is my, jou, sy, haar
sy boek.
haar

Selfstandig

myne
Dit is joune, joue
syne
hare

Attributief

Selfstandig

Meervoud

Ons

ons sh

Julle Dit is ons, julle hulle,
u huis

Dit is julle sh

Hulle

hulle. sh

U

u sh

Die referente van die attributiewe voornaamwoorde my, jou, sy, haar (dus waarna hierdie voornaamwoorde verwys) is sonder meer duidelik, terwyl die referente van die selfstandige besittlike voornaamwoorde myne, joune, hulle sh, ensovoorts net uit die verband afgelei kan word (vergelyk Ponelis 1979 : 84).

Sarie het gesê dis haar fiets. Sy moes haar egter misgis het. Dis myne

Myne (verwys na fiets wat vroeër in die teks voorkom) myne (is dus anafories verbind met fiets).

Die voornaamwoord het 'n bepaalde kongruerende vorm deur die naamvalle, vergelyk byvoorbeeld:

Onderwerp (Nominatief)

Voorwerp (akkusatief)

Genitief

Hy

Hom

Sy

Sy

Haar

Haar

In ons ondersoek is gevind dat die kongruensie deurgaans gehandhaaf word, met ander woorde:

Hy het hom(self) met sy spoed misgis

Sy het haar(self) met haar raket beseer..

Wanneer daar verder in die verhandeling van hy/sy gepraat word, word hom/haar, sy/haar ook geïmpliseer.

1.5 Semantiese kenmerke van die voornaamwoord, derde persoon, enkelvoud

Die belangrikste semantiese kenmerke waaromheen die stelsel persoonlike voornaamwoorde gestruktureer is, is persoon, getal en geslag.

1.5.1 Persoon

"Tradisioneel word drie persone onderskei:

Eerste persoon (1P)	:	ek, ons
Tweede persoon (2P)	:	jy, julle, u
Derde persoon (3P)	:	hy, sy, dit, hulle

Hierdie persone staan egter nie op een lyn nie: 1P en 2P hoort saam en moet onderskei word van 3P, aangesien 1P en 2P te doen het met die eintlike deelnemer aan die gesprek. 'n Gesprek word gekonstitueer deur 'n spreker (1P : ek) en 'n aangesprokene (2P : jy) en kan handel oor iets of iemand anders (3P : hy, sy, ensovoorts)" (Ponelis 1979 : 56).

1.5.2 Getal

"Enkelvoudige en meervoudige persoonlike voornaamwoorde word onderskei:

<u>Enkelvoud</u>	<u>Meervoud</u>
ek	ons
jy, u	julle, u
hy, sy dit	hulle" (Ponelis 1979 : 57).

Die motor maak 'n geraas as hy verby die huise ry
Die motors maak 'n geraas as hulle verby die huise ry.

1.5.3 Manlik teenoor vroulik

"By mense en veral groter diere word hy en sy taamlik konvensioneel gebruik om verskille van natuurlike geslag aan te dui:

<u>Hy</u>	<u>Sy</u>
Jaco, Sarel	Marie, Elsabé
speler, instrukteur	speelster, instruktrise
hings, ram	merrie, ooi.

Hierdie onderskeid is die res van 'n sisteem wat eeue gelede alle naamwoorde omvat het, en waardeur selfstandige naamwoorde byvoorbeeld deur buigingsuffikse onderskei is as 'manlik' teenoor 'vroulik' teenoor 'onsydig' ensovoorts" (Ponelis 1979 : 58).

Die onderskeid tussen hy en sy in Afrikaans berus op natuurlike geslag. Daar word onderskei tussen stelsels wat op geslag (natuurlike geslag) berus, soos by hy en sy, en dié wat berus op sogenaamde grammatiese geslag of genus (Vergelyk Ponelis 1979 : 58).

1.6 Die derde persoon as anafoor


Jenkinson 1982 : 117 sê die derde persoon is iemand (of iets) oor wie (of wat) daar gepraat word en wat nie noodwendig tyd-ruimtelik in die gespreksituasie teenwoordig is nie. Gevolglik kan daar nie na die derde persoon verwys word sonder dat dit waarna hy, sy, hulle, dit verwys eers vooraf deur middel

van 'n individualiserende beskrywing geïdentifiseer is. Die derdepersoonsvorme van die voornaamwoord (die onderwerp, voorwerp, indirekte voorwerp, besitlike voornaamwoord, vergelyk die klassetabel figuur 1) kan daarom nie in die gewone gespreksituasie deikties (sien 1.6.2) gebruik word nie, tensy die sake waarna hy, sy, hulle, dit verwys tydruimtelik in die gespreksmilieu teenwoordig is en daar nie ander redes vir onsuksesvolle verwysing is nie.

Dit wil voorkom of ons die derdepersoonsvorme van die persoonlike voornaamwoorde oorwegend anafories gebruik om terug te verwys na 'n antesedent wat vooraf in die gesprek ondubbelsinnig geïdentifiseer is deur 'n individualiserende beskrywing, omskrywing, verwysing, aanwysing, uitwysing, bespreking, ensvoorts (vergelyk Jenkinson 1982 : 118 en figuur 2).

Die anaforiese (of terugverwysende) gebruik van die derdepersoonsname - gewoonlik sonder bepalings - veronderstel dus 'n antesedent wat vooraf suksesvol geïdentifiseer is, hoewel vooruitwysing (kataforiese verwysing) ook voorkom. Volgens Jenkinson 1982 : 118 meen Allerton 1979 : 267 egter dat die anafoor of terugverwysing die reël is. Die anafoor laat egter 'n groter moontlikheid tot referensiële verwarring toe as die deiktiese gebruik, omdat die derdepersoonsvoornaamwoorde gebruik kan word om na enigiemand of enigiets buite die gespreksituasie te verwys. Enige kenmerke wat as bykomstige identifikasie-aanduidings kan dien, is linguisties baie belangrik. Volgens Jenkinson 1982 : 119 meen Allerton 1979 : 243 dat dit die rede kan wees waarom die derdepersoonsvoornaamwoord grammaties gewoonlik beter gediffrensieer is as by ander voornaamwoorde ten opsigte van lewend of nie-lewend (hy, sy teenoor dit); kasus (sy, hy teenoor haar, hom); reflektief teenoor nie-reflektief (homself teenoor hom) (vergelyk figuur 1). Volgens Ponelis 1979 : 575 is voornaamwoorde verreweg die gebruiklikste anafore.

Figuur 2 : Die deiktiese en anaforiese gebruik van voornaamwoorde - vanuit semantiese perspektief



1.6.1 Referensiële anaforiek

Volgens Ponelis 1979 : 575 verwys die antesedente en hulle anafore in referensiële anaforiese kettings na dieselfde saak.

"Ek het vir Pieter gesien toe hy op pad was huis toe" (Ponelis 1979 : 575).

"n Anaforiese ketting kan sinsintern, soos hierbo, gestig word, aangesien die antesedent en die anafoor hulle binne dieselfde sinsgeheel bevind. Dit kan ook sinsekstern gestig word waar die antesedent in een sin voorkom en die anafoor in 'n ander.

Cabaret-wyn het kundige versorging nodig. Wanneer dit egter eenkeer deur hierdie lang proses gegaan het, is die resultaat 'n edelwyn"
(Ponelis 1979 : 576).

Volgens Ponelis 1979 : 576 is daar 'n voorwaarde dat in 'n referensiële anaforiese ketting moet die referent êrens geïdentifiseer word.

"In

Ek het vir Pieter gesien toe hy op pad was huis toe

verwys sowel Pieter as hy na die saak "Pieter", maar die leksikale naamwoordstuk Pieter doen nog iets wat nie deur die voornaamwoord hy gedoen word nie : dit individualiseer of identifiseer naamlik die referent" (Ponelis 1979 : 576).

Referente kan op twee wyses geïdentifiseer word : deikties of leksikaal.

"Deikties: Ek het hom (wys met 'n handgebaar na iemand wat in die gespreksituasie teenwoordig is) gesien toe hy op pad was huis toe.

Leksikaal: Ek het vir Pieter/jou pa/my enigste ryk neef gesien toe hy op pad was huis toe.

By leksikale identifikasie hoef die referente nie in die gespreksituasie teenwoordig te wees nie - hulle word heeltemal toereikend geïdentifiseer/geïndividualiseer deur die betrokke leksikale naamwoordstukke" (Ponelis 1979 : 577).

Daar bestaan ook 'n keuse waar die antesedent in 'n anaforiese ketting geplaas moet word. By vooruitwerkende anafories kom die antesedent eerste en word hy gevolg deur die anafore. By terugwerkende anafories gaan die anafore die antesedent vooraf (Vergelyk Ponelis 1979 : 577 ; 578).

Vooruitwerkend

Suid-Afrika se minerale bronne sal sorg dat hy altyd belangrik sal bly.

Die antesedent Suid-Afrika word gevolg deur die anafoor hy.

Terugwerkend

Sy minerale bronne sal sorg dat Suid-Afrika altyd belangrik sal bly.

Die antesedent Suid-Afrika word voorafgegaan deur die anafoor sy.

Volgens Ponelis 1979 : 578 is vooruitwerking meer verkieslik, dit wil sê om eers die antesedent te gebruik en daarna die anafoor, soos in die volgende voorbeelde:

Die busbestuurder het na 'n week sy bewussyn herwin

Die minister sê dat hy die versoek oordink

Die reën het nie juis natgemaak nie, want dit was maar min.

1.6.2 Deiktiese verwysing

Volgens Ponelis 1979 : 55 word met "deikties" bedoel die regstreekse verwysing na die een of ander aspek van 'n gespreksituasie. "In die volgende voorbeelde word die persoonlike voornaamwoorde deikties gebruik : die persoonlike voornaamwoorde verwys na referente wat in die gespreksituasie teenwoordig is:

Voel jy nie gesond nie?

Sy was gister hier gewees

Daar loop jy

Ek wil dit nie eet nie.

Hierdie soort verwysing heet ook buitetekstueel : die referent word aangedui deur die verband tussen die teks (die taaluiting wat gebruik word, byvoorbeeld die sin: *Voel jy nie gesond nie?* en iets daarbuite, naamlik die gespreksituasie" (Ponelis 1979 : 55).

1.7 n Beskouing oor die gebruik van die vervangende voornaamwoorde HY, SY en DIT in Afrikaans

1.7.1 Inleiding

In WAT vind ons die volgende oor hy. "Aanduiding van, verwysing na 'n manlike persoon of dier wat voorafgenoem of wat onder bespreking is - ook (met hoofletters) gebruik by verwysing na God of enigeen van die Persone van die Drie-Eenheid" (WAT 1961 : 463).

As voorbeelde van bogenoemde gee WAT die volgende:

"Sê vir Piet hy moet sy geweer saambring

Hy is aangesê om daarheen te gaan

Daar die bul 'n hele paar mense beseer het, moet hy maar van kant gemaak word

Kyk, Hy breek af, en daar word nie opgebou nie (Job. 12:14)

En as Hy (die Trooster) kom, sal hy die wêreld oortuig van sonde (Job. 16:8)

Herhaal om nadruk te verleen: Hy's somer 'n twak hy" (WAT 1961 : 463).

Die basisreël bepaal dat sy/haar nie vir manlike wesens en leweloze dinge gebruik mag word nie.

"Is 'n skip (trein, motor) 'n hy of 'n sy? - Hulle is hydinge" (WAT 1961 : 4)

"In die Afrikaanse taal is sy 'n suiwer geslagtelike pronomen" (Scholtz 1966 : 124).

By geslagtelik gemerkte referente (mense en diere) word sy ten opsigte van vroulik gebruik (vergelyk Scholtz 1966 : 124).

Die elandkoei het verlede jaar 'n tweeling gehad en dié jaar het sy 'n drieling

Die hen is in die tuin. Verwilder haar.

By name van lewende wesens van die vroulike geslag (persoonsname soos vrou, bruid en diername soos koei, ooi) word altyd sy gebruik (vergelyk Scholtz 1966 : 123).

Die ooi moet self haar lam beskerm as sy alleen is

Die bruid lyk swierig as sy in die paadjie afstap met haar bruidsgewaad.

By gemeenslagtige name soos vyand of skaap kry ons sy as die spreker of skrywer van die vroulike geslag van die betrokke persoon of dier bewus is; of as die gebruikte naam in die reël 'n vroulike persoon of dier benoem (vergelyk Scholtz 1966 : 123)

"'n Hoender kom na 'n tydjie aarselend die winkel binne, loer met uitgestrekte nek na al die kante, bang en begerig, tot sy naby die ouer Harro se bene kom. Rats gee hy haar 'n skop" (Van Melle) (Scholtz 1966 : 123).

Scholtz 1966 : 119 stel die volgende vraag oor die anaforiese voornaamwoorde in Afrikaans : Kan ons sê dat daar verskillende klasse van selfstandige naamwoorde in Afrikaans bestaan en dat die gebruik van 'n anaforiese voornaamwoord (hy, sy of dit) bepaal word deur die klas waartoe die substantiewiese antesedent behoort, sodat die vervangende voornaamwoord die substantiefklas reflekteer? Of omgekeerd gestel : Kan ons die selfstandige naamwoorde in klasse indeel op grond van die anaforiese voornaamwoorde wat by hulle gebruik word, sodat die voornaamwoorde dien as eksponente van verskillende substantiefklasse in Afrikaans? Geeneen van hierdie moontlikhede bestaan egter nie.

Le Roux 1923 : 208 sê as die subjekwoord een of meer lewende wesens aandui, kan die substantief van die predikaat daarmee in geslag kongruer, as dit 'n afsonderlike vorm het vir manlik en vroulik byvoorbeeld, *Hy is haar slaaf*, maar: *sy word behandel as slavin*. Hierdie kongruensie is egter lank nie altyd nodig nie. Die omgangstaal gee dikwels die voorkeur daaraan om die substantief in die manlike vorm te gebruik, ook as daar sprake is van vroulike wesens, vergelyk: *Sy het ekskuus gemaak, dat sy geen publieke spreker is nie*. Waar die vroulike geslag deur middel van 'n afsonderlike woord uitgedruk word, is die behoefte aan kongruensie egter sterker: *Sy was die niggie van die koning*. Sinne met die subjekwoord dit kom, ook wat die geslag betref, nie in aanmerking vir kongruensie nie.

'n Ondersoek na baie voorbeelde van taalgebruik sal ons moet leer watter faktore 'n rol speel by die keuse van een van die voornaamwoorde en daar word vervolgens gekyk na die vervangende gebruik van hy en dit, waaruit dit blyk dat dit gestadig aan die wyk is voor die aggressiewe opmars van hy.

1.7.2 Die konkurrensie van HY en DIT

Dit wil voorkom of die trefwydte van dit besig is om te kwyn.

"Taalverandering is besonder sterk aan die werk by voornaamwoordelike anaforiek. Twee van die belangrikste veranderinge is die verdringing van hulle deur dit by meervoudige referente en die konkurrensie tussen hy en dit oor 'n wye gebied, 'n stryd waarin hy op verskeie terreine die oorhand kry" (Ponelis 1979 : 584).

Hy is klaarblyklik besig om dit as anafoor te verdring.

"In die volgende voorbeelde is hy die nuwe/progressiewe vorm en dit die ou/behoudende vorm:

Dit is 'n goeie plan. Ek wonder of dit sal werk

Dit is 'n goeie plan. Ek wonder net of hy sal werk" ..

(Ponelis 1979 : 584).

Alhoewel dit sowel as hy in hedendaagse Afrikaans aanvaarbaar is, mag dit wees dat mens oor 'n aantal jare slegs hy sal gebruik. "Die een verdring die ander nie oornag nie, maar wissel mekaar oor 'n lang tyd af" (Ponelis 1979 : 585).

Volgens Ponelis 1979 : 585-589 word die profiel van hierdie wisseling bepaal deur die volgende veranderlikes, naamlik stylvlak, affek en antesedentkenmerke.

Hy som die huidige stand van konkurrensie tussen hy en dit soos volg op:

"In die skryftaal oorheers dit nog as anafoor van soortnaamwoorde. By massanaamwoorde staan dit in die omgangstaal nog sterk as anafoor, maar hy vorder hier met rasse skrede. In die skryftaal word hy selde indien ooit as anafoor van massanaamwoorde gebruik. Hy as anafoor van massanaamwoorde is affekties gelaai met die kenmerk "lewendigheid", en dit wek die vermoede dat die konkurrensie tussen hy en dit by

massanaamwoorde redelik jonk is. Sodra hy in die verband sy affektiese krag verloor, sal dit ook hier moet wyk" (Ponelis 1979 : 585).

Vergelyk die volgende voorbeeld van Ponelis vir soortnaamwoorde:

"Omgangstaal

Voordat die rivier die vlakke vat,
maak hy 'n skerp draai

Skryftaal

Voordat die rivier die vlakke vat,
maak dit 'n skerp draai"

(Ponelis 1979 : 586).

1.7.2.1 Stylvlak

"In die konkurrensie tussen hy en dit is hy die nuwe, progressiewe vorm, wat dus in veel groter mate in die spreektaal aangetref word, terwyl die meer behoudende skryftaal beskerming verleen aan dit, en hy probeer weer" (Ponelis 1979 : 586).

1.7.2.2 Affek

Alhoewel hy erken dat dit moeilik is om die veranderlike te omskryf meen Ponelis:

"..... affekties kan daar onderskei word tussen saaklike taalgebruik aan die een kant en dramatiese, lewendige taalgebruik aan die ander by neutrale, saaklike affek is dit die anafoor van massanaamwoorde en by lewendige affek word hy gebruik.

Saaklik

Imbuia is duur hout, maar dit werk lekker

Lewendig

Imbuia is duur hout, maar hy werk lekker

As jy kunsmis strooi, moet jy dit
nie te lank droog laat lê nie

As jy kunsmis strooi, moet jy hom
nie te lank droog laat lê nie"

(Ponelis 1979 : 587).

Ten opsigte van antesedentkenmerke kan die konkurrensie van hy en dit soos volg opgesom word:

1. By nie-getalsmatige abstrakta soos nuus, geweld, koste, liefde, hebsug ensovoorts is daar 'n voorkeur vir dit.
2. By getalsmatige abstrakta soos 'n teken, 'n probleem ensovoorts in skryf- en spreektaal is die anafoor hy.
3. By konkrete massanaamwoorde is die konkurrensie nog sterk, maar hy is gewoonlik affekties gelaai (vergelyk Ponelis 1979 : 588 vir 'n vollediger uiteensetting en voorbeelde).

1.7.2.3 Die konkurrensie van HY en DIT in dramas

Volgens Scholtz 1966 : 125 is dit insiggewend dat in die saaklike toneelaanwysings in dramas feitlik nooit hy gebruik word nie, ook as in dialoog by dieselfde woorde of soort woorde herhaaldelik hy staan, soms onmiddellik na dit buite die dialoog. (In Twee Lampe van Uys vind ons in die dialoog 28 maal hy teenoor 9 maal dit en in die toneelaanwysings geen hy nie teenoor 16 maal dit; in die spaarsame toneelaanwysings in die spele van Langenhoven kom dit 25 keer voor teenoor die een keer van hy, in 'n beskrywende sin wat in 'n toneelaanwysing ongewoon is, en Langenhoven is - soos ons nog sal sien - andersins 'n groot hy-gebruiker. Dieselfde toestand is aangetref in alle dramas wat deur hom ondersoek is).

1.7.2.4 Verhalende prosa

Volgens Scholtz 1966 : 126 verraai Langenhoven in sy verhalende prosa 'n groot voorliefde vir hy-gebruik. Ons vind

hy nie net by dingname nie (en onder dingname sluit hy in aardrykskundige eiename byvoorbeeld Meiringspoort, Karoo en name soos kloof, veld of verbindings soos gat water, lap aarde en ook woorde soos dorp, erf, pad); selfs stofname byvoorbeeld hout, melk, rook, water), abstrakta byvoorbeeld moeilikeid, geleerdheid, geheue) en ander name wat nie altyd met sekerheid op die betekenis af te klassifiseer is nie byvoorbeeld grap, storie, vonnis, tarief, skepping) is hy-gebruik by Langenhoven die byna vaste reël. Hier volg enkele voorbeelde:

Vroutjie, die water is nog te diep vir die trem. Wat wou hy te diep wees

Die kleinste roesplekkie gee 'n slegte smaak aan die melk, as hy hom nie totaal bederf nie (vergelyk Scholtz 1966 : 126).

Scholtz 1966 : 128 wys daarop dat Boerneef in Boplaas en Van my kontrei byna konsekwent hy gebruik by dingname. Waar hy van die reël afwyk, is daar dikwels 'n verklaring voor te vind in die sinskonstruksie, byvoorbeeld as daar 'n manlike persoonsnaam en 'n voorwerpsnaam in die sin voorkom en die gebruik van hy (hom) met terugverwysing na die dingnaam verwarrend of steurend kan wees: "As die oubaas vir my 'n briefie wil skrywe, dan wag jy daar en bring dit saam" (Kontrei, p. 17). Boerneef verwys ook graag na versamelings met hy (hom), selfs as die substantief in die meervoud staan, vergelyk: "Oppas tog dat die korrels nie afslaan nie. Ons het alte swaar gesukkel om die graantjies hier te kry. Ons kan hom mos nooit nou laat wegwaai saam met die kaf nie" (Boplaas p. 52).

1.7.2.5 Primêre funksie van DIT

Scholtz 1966 : 125 sê die primêre of basiese funksie van dit is sy gebruik by name van alles wat leweloos is - voorwerpsname, stofname, abstrakta. Hy kan ook nie willekeurig in die

plek van dit gestel word nie. In tallose voorbeelde van dit-gebruik in normale Afrikaans sou dit onmoontlik wees om dit deur hy te vervang sonder dat dit 'n vreemde of heeltemal on-Afrikaanse indruk maak. Die saak is alleen dat dit uiters moeilik, miskien selfs onmoontlik sal wees om 'n klas van selfstandige naamwoorde, miskien selfs 'n enkele selfstandige naamwoord, te noem waarby hy onder geen omstandighede gebruik kan word nie - uitgesonderd natuurlik moontlik die name van vroulike lewende wesens. (Op hierdie saak word daar later teruggekeer). Alles hang af van die houding van die taalgebruiker teenoor die saak wat hy noem, van sy voorstelling van die saak (of 'n bepaalde aspek van die saak), en ten slotte die hele konstruksie van die sin.

Dit kan gebruik word om 'n besondere houding uit te druk, vergelyk:

"Is dit dan nie kwaad vir my nie?"

Dit is mos altyd nukkerig op 'n Maandagmôre

Dit gesels een stryk deur" (Ponelis 1979 : 72).

Hieruit kan ons aflei dat dit, in plaas van hy, sy en selfs hulle, gebruik kan word om verskillende houdings soos spot, ergernis, sarkasme sowel as "intense aktiwiteit" teenoor die aangesprokene uit te druk en aan te dui (vergelyk Ponelis 1979 : 72 vir verdere voorbeelde).

1.8 Die konkurrensie en gebruikskenmerke van HY en SY

1.8.1 Inleiding

Die primêre funksie van hy is sy gebruik in verband met manlike persoons- en diername en by gemeenskaplike persoons- en diername waar die geslag nie ter sake is nie. Hy kan egter

onder bepaalde omstandighede deur dit, soos reeds gesien, en sy verdring word.

1.8.2 Lewende geslagtelike referente

By referente wat lewend is en geslagtelik gekenmerk is soos hings, haan ensovoorts verwys hy na manlike referente:

Die haan kraai elke oggend donsvordag en dan maak hy die hele wêreld wakker

Die hingsvul is opreg geteel en hy is dus baie werd.

Scholtz 1966 : 124 sluit hierby aan wanneer hy sê by name van lewende wesens van die manlike geslag (persoonsname soos vader, wewenaar en diername soos bul, hings) word hy altyd gebruik. Vergelyk ook WAT 1961 : 463 wat aandui dat by mense en diere die voornaamwoord die natuurlike geslag van die mens of dier volg:

As Koos wil wen sal hy sy kanse beter moet benut

Die koei is siek. Jaag haar weg

Die hen maak my kwaad. Verwilder haar.

Wanneer ons weet dat h selfstandige naamwoord verwys na natuurlike vroulike geslag moet die voornaamwoord wat daarmee in verband staan, ook liever vroulik wees.

1.8.3 Lewende gemeenslagtige referente

1.8.3.1 Geslagtelikheid by menslike referente kan geneutraliseer word

"Onderwyser of dokter kan byvoorbeeld gemeenslagtig gebruik

word om op die hele klas onderwysers of dokters te dui, en nie bloot op die manlike lede daarvan nie. In hierdie geval is hy ook gebruiklik sonder dat dit op die manlike sake slaan:

n Onderwyser moet sy werk goed voorberei.

In hierdie geval kan die onderwyser manlik of vroulik wees. Die gebruik om hy of sy in so 'n geval te sê is niks anders as pedanterie nie:

n Onderwyser moet weet wanneer hy of sy van die ouers se hulp gebruik kan maak" (Ponelis 1979 : 59).

1.8.3.2 Hy as gemeenslagtige pronomens

Volgens Scholtz 1966 : 124 blyk die funksie van hy as gemeenslagtige pronomens ook uit sy gebruik as korrelatief by elkeen, iedereen, iemand, n mens en dergelyke.

n Mens moet weet wat hy hom ten doel stel

Iemand het van hom laat hoor, maar het verkies dat hy anoniem bly.

"Die gebruik van hy by gemeenslagtige persoons- en diername is nie absolute vereiste nie. In besondere gevalle, tog net by wyse van uitsondering, tref mens dit aan:

n Dogtertjie van nege bring nou n baba onhandig na mev. Le Roux. Sy neem dit en sit die kindjie op haar skoot (Mikro)" (Scholtz 1966 : 124).

1.8.3.3 Hy-gebruik as die geslag nie bekend is nie

WAT 1961 : 463 sê as die geslag van die mans of dier nie bekend

of nie van belang is nie, word gewoonlik hy (hom) gebruik. Vergelyk die gesprek van Ampie en Annekie oor die tarentaal in Ampie en die Natuurkind (vergelyk ook Van der Merwe e.a. 1958 : 130):

Ampie: "Dit was te komieklik - op en onderstebo, en toe beginne hy te tsjier, tsjier! En toe word hy skielik reg en draf of die duiwel hom ry."

Later kom Annekie hierop terug:

"Nou ja, Ampie, daardie tarentaal is broeis, en ek kon haar nes nie kry nie." (Broeisheid dui op geslag.)

Maar as die gesprek dan omswaai na die skreëry van die tarentaal, sê Annekie: "Pa, maar die een wat ek bedoel, is almal se moses. Hy skree op 'n akkoord ek bedoel hom."

Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

Die uil se vlerkklap verrai sy skuilplek

Die professor het sy biblioteek aan die universiteit bemaak.

1.8.3.4 Geslagsonderskeiding

Geslagsonderskeiding kan deur anafoor aangedui word waar dit nie morfologies gekenmerk is ten opsigte van vroulikheid nie:

Sy is 'n goeie veearts/atleet/ruiter/student

Die duif het haar eiers uitgeskop

Die musik het haar opvoering kanselleer

My maat het nie haar afspraak nagekom nie.

1.8.4 Nie-lewende (onsydige) referente

Ponelis 1979 : 59 sê hy is 'n manlike voornaamwoord net binne die sisteem waar dit met sy kontrasteer. Hy kan nie altyd tipeer word as 'n manlike voornaamwoord nie. Hy kan slaan op

nie-lewende referente, waar dit met manlikheid niks te make het nie. (Die saak word bespreek in 1.8.5).

Hy (-trein) is al weer laat

Hy (-die boek) lê op die grond

Hy (-die Van Riebeeckstandbeeld) staan in Kaapstad

Hy (-die motor) is splinternuut.

Van der Merwe en Kempfen 1958 : 131 sê in verband met skepe, treine, vliegtuie, kerke, gemeentes, lande ensovoorts dat die manlike (soms onpersoonlike) vorm van die voornaamwoord gebruik word en nie die vroulike nie:

Die skip het sy skroef kwytgeraak

Die kerk het nog groot skuld wat hy moet delg

Die gemeente verheug hom oor die koms van die leraar

Suid-Afrika ken sy vriende.

By versamelname soos regering, kerk, privaatsektor, word hy gebruik wanneer die klem lê op die eenheid van die referent.

Die kommissie sien sy taak soos volg

Die regering sal hom nie laat voorskryf nie (vergeelyk Ponelis 1979 : 68).

Volgens Van der Merwe en Kempfen 1958 : 131 gebruik ons by lande, versamelname, abstrakte en konkrete dinge dikwels hy (hom) en nie haar vir lewelose dinge nie, want dit verraai Engelse invloed, byvoorbeeld:

Geldgierigheid is so: hy (dit) maak jou blind vir menslikheid

Die skip lê met sy (*haar) neus in die water

Engeland moet sy (*haar) handel opknop
Die gemeente kan nie sy (*haar) pligte versuim nie. (h Saak wat
bespreek word in hoofstuk 3).

Rossouw en Du Toit 1970 : 113 sê ook vir lewelose dinge ge-
bruik ons hy en dit, maar nie sy (vroulik) nie.

Die paal is swaar. Tel hom (dit) op
Die muur is vuil. Was hom (dit)
Die motor is stukkend. Maak hom reg.

1.8.5 HY en SY : personifiërende gebruik

Scholtz 1966 : 132 sê die vraag moet gestel word in hoeverre
ons by die veelvuldige gebruik van hy in Afrikaans met per-
sonifikasie te make het. Vergelyk ook hier Ponelis 1979 : 59
wat sê dat hy net in opposisie staan met sy as daar van ge-
slag sprake is. Dit sou kon beteken dat hy (byvoorbeeld vir
trein) nie 'n manlike voornaamwoord is nie.

Die vraag is dus of hy net 'n manlike voornaamwoord is, en of
daar nie ook 'n homoniem hy (=dit) bestaan nie. Kempen 1958 :
130 praat van die onpersoonlike hy en Jenkinson verwys daarna
as ongemerk. Ponelis, soos reeds genoem, meen ook hy is ge-
markeerd tov sy waar geslagtelikheid ter sprake is, dit wil
sê:

Geslag : hy : sy
Onsydig : hy : sy, dit (vgl. Die kruise is sy wiel kwyt).

Sommige van die gebruike van hy en sy by die onsydige groep
is personifikasie, die ander word om bepaalde redes so gebruik
waarna voortsoek word.

Scholtz 1966 : 132 sê al staan dit vas dat na lewelose sake in neutrale styl met dit verwys word, sou dit nie deug om in alle gevalle van hy-gebruik sonder meer van personifikasie te praat nie. Volgens hom moet die term gereserveer word vir duidelik-herkenbare gevalle van personifiëring, dit wil sê waar die verpersoonliking blyk uit meer as net gebruik van die "manlike" persoonlike voornaamwoord, soos in die volgende voorbeeld uit Ver in die Wêreld van Uys Krige:

*Dis ons eie brandbekke (-kanonne) wat daar praat.
Luister h bietjie na daardie ou grote hoe lekker hy elke
keer skoonmaak (p.131).*

Hy sê voorts:

"As Langenhoven daarenteen byvoorbeeld skryf:

'As h ding oorloop is hy vol.' (Versamelde werke, p. 119), sal dit sinloos wees om van personifikasie van 'die ding' te praat (Scholtz 1966 : 132).

Hy sê as daar in h sin woorde voorkom wat in hul primêre gebruik handeling of eienskappe van persone noem, wil dit nie sê dat die saak waarvan daar sprake is, gepersonifieer is nie. M.E.R. gebruik selde of ooit hy (hom) vir lewelose dinge. As sy nou in Uit en Tuis, p. 180 skryf:

'Ook ek ken die buitebakoond as h goeie vriend', verder telkens na die bakoond verwys met hom en eindig:

'En dan gaan jy jou gang; hy wat bakoond is, sal verder sorg; jy kan maar op hom reken'....- dan het ons seker wel met personifikasie te make; maar as sy op p. 163 die voortreflikheid van die kameeldoring, ook vir vuurmaak, beskrywe en sê:

'Krap maar die as oop, en jy kan jou keteltjie net so daarin neersit; so-ewe sal hy sing,' dan is die keteltjie ewemin gepersonifieer as wat die persoon wat van kwaadheid 'kook', in die

verbeelding tot vloeistof gedegradeer is" (Scholtz 1966 : 133).

Meermale sal dit wel moeilik wees om die grens tussen persoonifiërende en nie-personifiërende gebruik van hy te trek. Eintlik het ons geen vaste en volkome betroubare kriteria vir personifiëring nie; daarom sal ons ook hier meermale voor twyfelgevallen te staan kom (vergelyk Scholtz 1966 : 133, 134).

Personifiëring kan ook deur naamgewing voorkom. Die persoonifiërende verskynsel is by a) die persoonlike sowel as b) die betreklke voornaamwoorde waargeneem, vergelyk:

- A. 1. Stoffeltjie, ons ou tjorrie gedra hom nog goed
2. Daar staan Sandra, die lokomotief, en ek gaan jou van haar trotse verlede vertel
3. Wat is dit met Jakob, die ou trekker, dat hy nie wil vat nie.
- B. 1. Bessie, my ou tjor, vir wie ek baie lief is
2. My ou tjor vir wie ek baie lief is
3. Bessie vir wie ek baie lief is. (vergelyk bylaag G).

Uit die ondersoek wat met 35 standaardtaalsprekers gedoen is, is gevind dat naamgewing nie altyd bepalend is by personifikasie nie. Ses gevalle van personifiëring is by betreklke voornaamwoorde waargeneem waarby geen naam betrokke was nie (vergelyk A1-F1 bylaag G).

1.9 Samevatting

Diagrammaties sien die gebruikspatroon van hy en sy soos volg daar uit:

	<u>Hy</u>	<u>Sy</u>
Vir natuurlike manlike geslag:	X	
Vir natuurlike vroulike geslag:		X
Vir gemeenslagtelikheid by mense en diere:	X	
Vir onsydige entiteite:	X	
Vir soortnaamwoorde:	X	
Vir versamelnaamwoorde:	X	
Vir konkrete massanaamwoorde:	X	
Vir getalsmatige abstrakta:	X	
Vir nie-getalsmatige abstrakta:	X	

Dit is blykbaar die normale patroon vir Standaardafrikaans. Voorbeelde soos "Hy lyk darem mooi in die nuwe rok" en "My motor is vuil en ek gaan haar was" suggereer al dat van die patroon afgewyk kan word. Afwykings kan sistematies voorkom wat 'n bepaalde subsisteem veronderstel of dit kan om bepaalde redes gedoen word. Hierdie sake kom in die volgende hoofstukke aan die bod.

H O O F S T U K 2

MANLIKE DOMINANSIE IN DIE TAAL VAN MANS EN VROUENS

2. Manlike dominansie in die taal van mans en vrouens

- 2.1 Inleiding
- 2.2 Doelwitte
- 2.3 Haar taal teenoor sy taal
 - 2.3.1 Identifikasie
- 2.4 Statusrol van die vrou
 - 2.4.1 Oorsake van die vrou se professionele agterstand
 - 2.4.2 Nuwe probleme soos vrouens opwaarts beweeg - 2de generasie
 - 2.4.3 Grootste dilemmas vir die vrou in 'n manswêreld
 - 2.4.3.1 Professionele status
 - 2.4.3.2 Vroue wil liewers mans wees
- 2.5 Manlike dominansie in advertensies, boeke en tekenprente
 - 2.5.1 Plaaslike ondersoek
 - 2.5.1.1 Akteurs en aktrises
 - 2.5.1.2 Outeurs
 - 2.5.1.3 Tydskrifte
 - 2.5.1.4 Stories gelees
 - 2.5.1.5 Afrikaanse taalhandboek
 - 2.5.1.6 Prente in boeke
 - 2.5.1.7 Sinsgebruik
 - 2.5.1.7.1 Substantiewe
 - 2.5.1.7.2 Persoonlike voornaamwoorde
 - 2.5.1.8 Begripstoetstitels
 - 2.5.1.9 Aanhef van briewe
 - 2.5.1.10 Uitnodigings
 - 2.5.1.11 Samevatting

- 2.6 Vaste uitdrukkings, idiome, spreekwoorde, titels, aanspreekvorme, vergelykings en Bybelse gebruik
 - 2.6.1 Algemene gebruiksterme
 - 2.6.2 Vergelykings met 'n Bybelse konnotasie
 - 2.6.3 Vergelykings met 'n negatiewe konnotasie
 - 2.6.4 Die gebruik van bruid en bruidegom in Bybelse verband
 - 2.6.5 Neutrale terme
 - 2.6.6 Afleiding van selfstandige naamwoorde deur agtervoegsels
 - 2.6.6.1 Manlike persoonsname
 - 2.6.6.2 Vroulike persoonsname
 - 2.6.6.3 Gemeenslagtige persoonsname
 - 2.6.6.4 Samevatting
- 2.7 Die mededinging tussen HE en SHE in Engels
- 2.8 Juridiese aspek
 - 2.8.1 Kontrakte
 - 2.8.2 Aanspreekvorme in howe en publikasies
- 2.9 Samevatting

2. Manlike dominansie in die taal van mans en vrouens

2.1 Inleiding

Die dominansie van die manlike voornaamwoord vir onsydige voorwerpe en vir gemeenslagtige persoonsname byvoorbeeld onderwyser, dokter ensovoorts, suggereer dat manlike dominansie moontlik ook op ander vlakke van die taal gereflekteer word. In Afrikaans is daar nog weinig aandag aan die verskynsel gegee, terwyl daar as gevolg van die feministiese beweging reeds heelwat in Nederlands en Engels gepubliseer is.

2.2 Doelwitte

Met die afdeling word beoog

- * om die tendens van manlike dominansie ook op ander vlakke te ondersoek;
- * om die tendense soos aangedui deur die oorsese literatuur oorsigtelik te behandel aan die hand van die volgende temas:

Haar taal teenoor sy taal, manstaal teenoor vrouepraat;
Die moontlike agterstand van vrouens teenoor mans in taalgebruik;
Die statusrol van die vrou;
Manlike dominansie in boeke, advertensies en prente;
Neutrale, vroulike en manlik - allesomvattende terme;
He/she dominansie in Engels;
Die juridiese aspek.

2.3 Haar taal teenoor sy taal

Uit die literatuur blyk dit dat manstaal en vrouetaal in bepaalde opsigte verskil. Lakoff 1973 (in Thorne en Henley 1975 : 17) wys daarop dat vrouetaal oor die algemeen meer

verfynd en beskaafd is as die van mans. Brend 1972 (in Thorne en Henley 1975 : 17) dui aan dat vrouens 'n meer patroonmatige intonasie gebruik, minder geneig is tot sleng en volgens Brouwer et. al. 1979 : 17 maak vrouens hul minder skuldig aan krastaal. As gevolg van 'n tekortkoming soos beroepstatus verlaat vroue hul op ander statussimbole, insluitende die belangrikheid van korrekte uitspraak. "Als mannen bijvoorbeeld de r altijd als l uitspreken (mannen zeggen ladio, vrouwen zeggen radio), dan is er een systematisch uitspraakverskil" (Vergelyk Brouwer et. al. 1979 : 17).

Volgens Brouwer et. al. 1979 : 65, 83 pas vrouens hulle taal gouer en makliker aan as mans. Die meeste vrouens het nie 'n beroep waaraan hulle status kan ontleen nie; daarom word daar op die taal teruggeval as statussimbool. Meisies aan die anderkant het 'n voorsprong in taalontwikkeling en hulle artikuleer beter en die uitspraak is duideliker. Volgens Fischer 1958 : 239 hanteer meisies op tienjarige leeftyd die standaardvorm van taal beter as seuns van dieselfde ouderdom. Labov 1972 : 243 beweer in aansluiting hierby dat vroue baie meer sensitief ingestel is teenoor die gebruik van korrekte taalpatrone en sosiolinguistiese waardes.

Mans is oor die algemeen meer tweetalig as gevolg van hulle mobiliteit en kom dus meer in kontak met ander taalgroepe vanweë hul werk. Lakoff 1973 (in Thorne en Henley 1975 : 23, 25) sê voorts dat vrouetaal ondergeskik is aan die van mans, want dit bevat patroonmatige swakhede en toon tekens van onsekerheid. Vrouetaal is ook minder effektief en gee nie die sekerheid van oortuiging nie. Kortom, dit beskik nie oor die krag van die taal van mans nie.

Brouwer et. al. 1979 : 83, 144, 146 sê die taal van die vrou geniet minder waardering en in die openbaar, byvoorbeeld in vergaderings, het vrouens meer moeite om die woord te voer as mans. Mans neem veel minder notisie van vrouens se taal en daar word

meer gepraat oor die onderwerpe wat deur mans aangevoer word.

2.3.1 Identifikasie

Hook 1974 : 89 sê die beswaar van vroue dat hulle hulle identifikasie ontleen aan hulle eggenotes, bestaan gewoonlik as gevolg van die oorgeërfde benamingsstelsel. In ons gemeenskap neem die vrou, wanneer sy in die huwelik tree, die man se van oor. Indien dit nie die geval is nie, behou sy die van van haar vader. In sommige kulture egter, word die vrou se van behou en in nog ander hou beide die man en die vrou hulle eie vanne.

Voorheen het Spaanse vroue, toe statusbewustheid nie 'n rol by hulle gespeel het nie, hulle eie vanne behou. Aangesien die man se van 'n sterker statussimbooldraer is, het die vroue algaande, soos hul meer statusbewus geraak het, die vanne van hulle mans begin oorneem. Die oorgrote meerderheid het egter hulle voornaam tot een verminder en die eerste deel van die man se naam daarby geheg (Vergelyk Hook 1974 : 89).

In Suid-Afrika neem vrouens oor die algemeen ook die man se naam aan. Interessant is dat die verskynsel van koppeling van die vrou se naam aan die van die man ter identifikasie ook op ander wyses voorkom. So is daar byvoorbeeld in die omgewing van Brandvlei, in die Noordweste, verskeie identifikasievorme opgeteken soos:

Anna-Elias-hulle kom kuier

Anna-Pietluis kom kuier.¹

Om verwarring te voorkom, waar daar heelwat mense met dieselfde naam in die gebied is, is die volgende metode gebruik:

1. Volgens 'n boorling van Brandvlei, in die Noordweste, is die verskynsel van naamkoppeling baie algemeen in die streek.

Anna van Piet kom kuier.

In hierdie geval is die man se naam die identifiseerder, maar die omgekeerde kom ook voor:

Piet van Anna kom kuier.

Ook Anna Piet, dit wil sê 'n verkorting van Anna van Piet word soms gehoor.

Hierdie soort identifikasie is in Afrikaans na my wete nog nie ondersoek nie en die verskynsel is blykbaar besig om uit te sterf.

2.4 Statusrol van die vrou

In Suid-Afrika is die eerste vrou in 1933 in die Volksraad toegelaat. Haar kommentaar was: "Dit het moed gekos om die mans aan te kyk, maar ek wou die vroue nie in die steek laat nie. Nie 'n wantroue laat nie" (Radiopraatjie 1983).

2.4.1 Oorsake van die vrou se professionele agterstand

Die volgende gegewens het na aanleiding van 'n radiopraatjie oor "Vrouerubriek" in Julie 1983 na vore gekom. Die vrou het 'n gebrek aan selfvertroue en dit beïnvloed haar negatief. Sy kan die werkgewer dus nie oortuig; sy kan haarself nie handhaaf nie en sê dus nie nee vir werkoorlading nie.

Sy vind dit moeilik om man en kind ook in die werk te steek en oorkompenseer derhalwe by die huis.

'n Verdere oorsaak wat aangevoer word, is dat meisies nie so intensief loopbaanbeplanning geleer word nie en hulle stel daarom nie dieselfde doelwitte nie.

Vooroordele teenoor die vermoë van die vrou in die werksituasie veroorsaak verder dat die vrou 'n agterstand ten opsigte van die man het. Baie hang daarvan af hoe die werkgewer teenoor die vrou georiënteer is.

Die volgende illustreer vooroordele

- a) Baie werkgewers glo 'n vrou kan nie doeltreffend met syfers werk nie.
- b) Hulle glo dat sy nie gesag kan handhaaf nie.
- c) Verder word die vrou se agterstand geïllustreer deur die feit dat vrouens nie so maklik studiebeurse kry nie, en dat baie meer manlike poste geadverteer word.

2.4.2 Nuwe probleme soos vrouens opwaarts beweeg - 2de generasie

Wanneer die vrou in elk geval hoër status verwerf in die werksituasie, kom sy te staan voor 'n komplekse stel probleme. Enkeles word kortweg genoem:

- a) Die vrou wat nou eerste in bevel is, word gesien as 'n nutjie;
- b) Die mans weet nie mooi hoe om haar te hanteer nie en haar optrede is dus baie opsigtelik;
- c) 'n Fout word maklik uitgebuit en die beskuldiging is: dit is maar net 'n vrou;
- d) Indien sy sukses behaal, tree die jaloesie van die ander vroue na vore;
- e) Die vrou glo nie altyd sy word aanvaar nie, as gevolg hiervan probeer sy té hard deur byvoorbeeld gedurig iets in vergaderings te sê en raak later irriterend.

f) Die vrou veroorsaak soms selfs die probleme. In stede daarvan om stil te sit en 'n probleem op te los trek sy soms haar skoene uit en hardloop rond. Sy kommunikeer baie meer informeel as formeel deur byvoorbeeld eerder iets in die teekamer as in die kantoor te sê.

2.4.3 Grootste dilemmas vir die vrou in 'n manswêreld

2.4.3.1 Professionele status

Uit 'n ontleding van radio- en televisieuitsendings blyk die volgende oor die professionele status van die vrou: As sy nie in haar professionele rol aanvaar word nie, onttrek sy haar en verbreek kommunikasie. Baiekeer het sy die aanstelling, maar die aanvaarding is nie daar nie. Sy word nie altyd ernstig opgeneem in haar optrede nie en word gesien as die een wat die ornamentele en skinkbordrol moet vertolk. Die vrou is ernstiger as die man, sonder 'n tikkie humor. Baie vroue sien die topstruktuur as 'n manlike reservaat en in die mededinging is daar meer mans. Uit die man se oogpunt gesien is daar wel die geleentheid vir vroue om tot die Arbeidsmark toe te tree.

Die vrou streef egter eerder na beide die professionele en huisvroustatus. Die vrou kan ook nie summier uit die huis gehaal word nie. Die kind leer aan moedersknie en so kan norme beskadig word. Verder kan die man benarde situasies makliker verwerk en die dominansie val weg terwyl die vrou 'n banier ver wag, want sy wil eerder opgehef word.

Prof. Dawie de Villiers wys in 'n radiopraatjie daarop dat die huisvrou in 'n sosiologiese bestel verval, dat sy tegnologies agter raak, byvoorbeeld met swangerskap, en dat daar nog nie 'n roldefinisie vir die moderne vrou is nie (Radio en T.V.-uitsendings op 21 Julie 1983 en 22 Augustus 1983).

2.4.3.2 Vroue wil liewers mans wees

In 'n artikel in Die Volksblad "Vroue wil liewers mans wees" word na die bevindings van drie Amerikaanse sielkundiges verwys.

Dr. Frank Caprio sê dertig jaar van huweliksberaad het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat baie vrouens meen dit is 'n deel om as 'n vrou gebore te word. Vrouens se onvermoë om op gelyke vlak met mans in baie vertakkinge te kompeteer, lei tot emosionele frustrasie en soms tot wanhoop wat veroorsaak dat sowat een uit elke vyf vrouens wens dat hulle liewers mans was. Baie vrouens vind dat hulle byvoorbeeld nie mans se politieke sienings kan begryp nie en ook nie so intimiderend soos mans kan wees nie.

Dr. Jack Leedy sê dat kompetisie en politieke sienings baie verwarrend vir vrouens kan wees en as gevolg daarvan erken vrouens dat hulle liewers mans sou wou wees. Dit beteken nie dat vrouens operasies wil ondergaan wat hulle geslag sal verander nie, maar in die geheim wens hulle hulle kon liewers mans wees.

Dr. Emery Breitner, stem ook saam dat baie vroue liewers mans wil wees en dat dit veral beroepsvroue is wat dié wens het. Baie vroue het al vir hom gesê hulle meen hulle sal eerder aanvaar word as hulle mans is (Die Volksblad : 08/07/83).

Leipoldt sê: " *Behou die beste wat ons nasie het naamlik die vrou.*"

In die voorgaande gedeelte is daar heelwat oor die status van die vrou gesê. Die agterstand van vrouens teenoor mans reflekteer ook in taalgebruik. Hierop word verder ingegaan.

2.5 Manlike dominansie in advertensies, boeke en tekenprente

Die volgende gegewens het aan die lig gekom na aanleiding van

ondersoek wat oorsee en plaaslik gedoen is.

'n Onderzoek in Engelse skoolhandboeke het getoon dat die verhouding waarin he tot she, him tot her, his tot hers in die boeke voorkom, amper vier tot een was. As he met she vergelyk word, dan was die dominansie, van he teenoor she twee tot een: dus 50%. Uit die 940 items wat ondersoek is, is die manlike voornaamwoord 744 keer gebruik vir manlike wesens, 128 keer vir manlike diere en 36 keer vir vissers en boere wat gemeenslagtig kon wees. In 32 gevalle is daar na ongespesifiseerde items verwys. Die rede wat aangevoer word vir die dominansie van die manlike voornaamwoord in die skoolhandboeke, is dat die meeste van die onderwerpe oor mans en seuns gehandel het (Vergelyk Graham 1973 (in Thorne en Henley 1975 : 58). Vir die plaaslike ondersoek vergelyk 2.5.1).

In die werklike lewe is daar in Amerika, volgens Graham 1973 (in Thorne en Henley 1975 : 58) 100 vrouens vir elke 95 mans, maar in die boeke wat deur skoolkinders gelees word, word daar sewe keer meer na mans as na vrouens verwys, en meer as tweemaal soveel na seuns as na meisies.

'n Ander sonderlingheid het ook na vore gekom in Engelse skoolhandboeke en dit is dat die woord moeder meer konsekwent voorkom as vader en dat die woord wife (vrou) drie keer meer gebruik word as die woord husband (man) (Vir die gebruik van Vader, Moeder, Oupa en Ouma by plaaslike kinders vergelyk 2.5.1.9). Nou is die vraag of mens uit die Amerikaanse ondersoek moet aflei dat die moeder se rol in die opvoeding belangriker as die van die man is? 'n Onderzoek in Amerika het aan die lig gebring dat die man se naam vier keer meer gebruik word wanneer daar na die kinders verwys word byvoorbeeld:

Jim's son

the landlord's daughter

her son

Miss. Greenwoods daughter

(Vergelyk Graham 1973 in Thorne en Henley 1975 : 58).

Lee 1974 (in Thorne en Henley 1975 : 22) wys daarop dat mans in Amerikaanse televisievertonings en advertensies die grootste dekking kry. Sy ondersoek toon aan dat mans in televisieadvertensies in New York oorheers. Selfs waar die vrou die prominentste karakter is, praat die man meer as die vrou. Persentasiegewys kom dit neer op 89,3% manlike oorheersing.

Diebold 1964 (in Thorne en Henley 1975 : 277) se ondersoek oortweetaligheid in 'n dorpie Oaxaca, in Meksiko, lewer 'n interessante bevinding. Die inwoners praat Hoare en leer later Spaans aan en van die inwoners wat tweetalig is, maak die mans 80% uit.

Schneider 1973 (in Thorne en Henley 1975 : 222) het studente in 'n Sosiologieklass in Amerika gevra om prente te voorsien vir die voorstelling van 'n bepaalde hoofstuk. 64% van die voorstellings was manlik.

Na aanleiding van 'n spotprentsteekproef in The New Yorker het Kramer 1974 (in Thorne en Henley 1975 : 260) gevind dat in 156 spotprente mans 110 keer praat en die vrouens slegs 44 keer. Hy gee die volgende redes aan vir die manlike dominansie:

- a) Die meeste spotprenttekenaars is mans.
- b) Mans probeer harder om snaaks te wees.
- c) Mans hou daarvan om die laaste woord te hê.

2.5.1 Plaaslike ondersoek

In 'n ondersoek wat met st. 5-kinders (5 seuns en 5 meisies) gedoen is, het die volgende gegewens aangaande die man-vrougebruik aan die lig gekom.

2.5.1.1 Akteurs en aktrises

Elk van die kinders moes 10 akteurs/aktrises se name neerskryf van wie hul hou of wat aan hulle bekend is.

Resultaat : 78 mans
 22 vrouens
 100
 56 manlike meerderheid

2.5.1.2 Outeurs

Vervolgens moes elk 10 name, hetsy manlik of vroulik, neerskryf van outeurs wat aan hulle bekend is.

Resultaat : 71 manlike outeurs
 29 vroulike outeurs
 100
 42 manlike meerderheid

2.5.1.3 Tydskrifte

Elkeen van die tien kinders het die eerste tien advertensies in 'n tydskrif Die Huisgenoot geneem om die verhouding te bepaal van die aantal mans teenoor die aantal vrouens wat in die prentjies voorkom.

Resultaat : 52 vrouens
 31 mans
 100
 21 vroulike meerderheid

2.5.1.4 Stories gelees

Tien stories wat onlangs gelees is of wat byval by hul gevind

het, met die vereiste dat die titel manlik en/of vroulik aanduidend is, is neergeskryf.

Resultaat : 51 mans
48 vrouens
1 neutrale titel (man en vrou)
100
3 manlike meerderheid

2.5.1.5 Afrikaanse taalhandboek

Die man-vrou-verhouding is ook ondersoek in sinne wat in 'n voorgeskrewe taalboek voorkom. Daar is nie geselekteer nie en die eerste 10 sinne wat geslagaanduidend was, moes neergeskryf word.

Hier is bevind dat 62 van die sinne of man- of seungeoriënteerd was en dat vrouens of meisies in 34 sinne gebruik is en in 4 sinne is gemeenslagtige woorde gebruik.

Resultaat : 62 mans
34 vrouens
4 gemeenslagtig
100
28 manlike meerderheid

2.5.1.6 Prente in boeke

Drie prentryke voorgeskrewe laerskoolboeke is geneem en die verhouding van man teenoor vrou in die eerste 10 prentjies van die verskillende boeke bepaal. Die verhouding van man teenoor vrou (of seun-meisie) was:

Resultaat : 68 mans
21 vrouens
11 ewe veel mans en vrouens
100
47 manlike meerderheid

As die ses vorige proefnemings persentasiegewys verwerk word, sien die resultaat soos volg daar uit:

Persentasies : 60,2% mans
34,3% vrouens
5,5% neutraal
100%

Ten slotte is kinders in sts. 1 en 4 (ewe veel seuns en meisies) gevra om drie prentjies te teken en die geslag aan te dui:

60% mans
40% vrouens

Opvallend was dat die meisies in baie gevalle die verhouding van twee vrouens teenoor een man gebruik het of slegs drie vrouens, terwyl dit baie selde of ooit gebeur het dat die seuns 'n vrou op hulle prentjies geteken het.

Resultaat :	Seuns	Meisies
	34 mans	15 mans
	<u>8 vrouens</u>	<u>27 vrouens</u>
	26 manlike meerderheid	12 vroulike meerderheid

Die seuns het 26 meer mans (seuns) geteken en die meisies het 12 meer vrouens (meisies) geteken.

2.5.1.7 Sinsgebruik

2.5.1.7.1 Substantiewe

- a) Honderd sinne uit Le Roux en Nienaber 1956 is geneem om vas te stel wat die verhouding is van woorde wat na mans en vrouens verwys.
- b) Daar is gekonsentreer op selfstandige naamwoorde om te bepaal of die onderwerp van die sin na mans of vrouens verwys, byvoorbeeld

Vader het die motor bestuur (manlik)

Johan wil môre met vakansie vertrek (manlik)

Marie sal by ons kom kuier. (vroulik)

Die resultaat persentasiegewys

In 75% van die sinne verwys die substantiewe na mans

In 25% van die sinne verwys die substantiewe na vrouens

100%

50% manlike meerderheid

- c) Die sinne waarin verwysing na 'n manlike of vroulike referent voorgekom het, is geneem in die volgorde van voorkoms en geen seleksie is toegepas nie (sien bylae A vir voorbeeldsinne).

2.5.1.7.2 Persoonlike voornaamwoorde

- a) Sinne uit Le Roux en Nienaber 1956 waarin die persoonlike voornaamwoord as onderwerp optree of kwalifiserend is vir die geslag, is hierna ondersoek om die manlike of vroulike dominansie te bepaal. Sinne moes slegs 'n manlike of vroulike

voornaamwoord bevat en nie beide nie soos geïllustreer deur sinne 1 en 2 wat korrek is en 3 wat foutief is.

- (i) Hy gaan nie meer saam nie (verwysing na 'n man)
- (ii) Sy wil nie eet nie (verwysing na 'n vrou)
- (iii) Hy of sy sal ons vergesel (verwysing na 'n man en vrou).

Resultaat : Van die 100 sinne wat geneem is, was die manlike voornaamwoordgebruik 85% en die vroulike gebruik 15%.

85% manlike voornaamwoord dominansie
15% vroulike voornaamwoord dominansie

100%

70% manlike voornaamwoord voorkeur (sien bylae B vir voorbeeldsinne).

2.1.5.8 Begripstoetstitels

Die ondersoek is gedoen uit Truter en Van der Merwe 1982. Daar is gekyk na die manlike of vroulike prominensie in 55 begripstoetstitels (onderwerpe) byvoorbeeld:

Kleinjan loop sy rieme styf (manlik georiënteerde onderwerp)
Die man uit die Paradys (manlik georiënteerde onderwerp)
Seuns van die berge (manlik georiënteerde onderwerp)
Dis nou Trix. (vroulik georiënteerde onderwerp)

Die resultaat was soos volg

Uit die 25 begripstoetstitels in die standaard 4-boek was 9 manlik aanduidend en geen vroulik aanduidend nie.

Uit die 30 begripstoetstitels in die standaard 5-boek was 9 manlik aanduidend en 1 vroulik aanduidend.

Uit 55 was 18 manlik

1 vroulik

36 nie manlik of vroulik aanduidend nie

55

17 manlike meerderheid (sien bylaag C vir voor-
beelde)

2.5.1.9 Aanhef van briewe

Vyftig seuns en dogters is geneem om briewe te rig aan hul
ouers en grootouers.

Die uitslag by die laerskoolkinders was soos volg:

35 van die 50 het begin met Ma

15 van die 50 het begin met Pa

30 van die 50 het begin met Ouma

20 van die 50 het begin met Oupa.

Die voorkeur gebruik van Ma en Ouma, bo die van Pa en Oupa
was dus:

65% het Ma en Ouma gebruik

35% het Pa en Oupa gebruik.

By die hoërskoolleerlinge het die persentasietabel aansienlik
anders daar uitgesien:

53,6% het met Pa begin

46,4% het met Ma begin.

h Meningspeiling het daarop gedui dat die laerskoolkinders
voel dat die ma nader aan hulle leef terwyl die pa dié rol
oorneem by hoërskoolkinders.

2.5.1.10 Uitnodigings

In 'n onderhoud gevoer met die bestuurder van 'n bekende drukery in Bloemfontein is die volgende inligting verkry:

- a) In die geval van uitnodigings word die naam of titel van die man altyd eerste genoem byvoorbeeld:

Hiermee word u uitgenooi na die verjaarsdag van Sannie Prinsloo, dogter van mr. en mev. J. Prinsloo.

- b) Waar die man oorlede is, is die bewoording soos volg

..... seun van mev. S. Jordaan en wyle mr. P. Jordaan.

- c) In die geval van 'n huweliksuitnodiging word die name van die bruid se ouers eerste genoem.

- d) In verband met uitstallings is die volgende 'n tipiese voorbeeld:

Koos en Grieta Buys nooi u vriendelik uit na 'n uitstalling van juweliersware.

Soos uit die inligting blyk, word die naam van die man by voorkeur eerste geplaas.

2.5.1.11 Samevatting

In die geheel gesien toon die voorafgaande navorsing die manlike dominansie ten opsigte van die vroulike in sintaktiese en léksikale verband.

2.6 Vaste uitdrukkings, idiome, spreekwoorde, titels, aanspreekvorme, vergelykings en Bybelse gebruik

Vervolgens word ten doel gestel om te bepaal wat die

gebruiksfrekwensie en voorkeur gebruik van manlike en vroulike terme in bogenoemde hoofde is.

Vyftig idioeme in orde van voorkoms is uit Kritzinger e.a. 1957 : 7-21 geneem om die manlike of vroulike voorkoms in idioeme te bepaal, vergelyk:

1. Hy het aalwyn getap
2. Hy weet nie waar hy aan of af is nie
3. Sy aand- en mōrepraatjies stem nie ooreen nie
4. By 'n nooi aanlê
5. Hom iets aantrek
6. Al dra 'n aap 'n goue ring, hy is en bly 'n lelike ding
7. Iemand dink dat hy 'n aap aan die stert beet het
8. 'n Aardjie na sy vaartjie
9. Sy lyf aasvoël hou
10. Op die afdraand wees met sy breek los
11. 'n Agtermekaar kêrel
12. Gou op sy agterpote wees
13. Sy akkers brand
14. Allemands goed
15. Allemandsvriend
16. Sy is 'n Amasone : 'n Strydlustige vrou
17. Adonis : 'n Baie mooi man
18. Iemand lig sy arm
19. Jy kan hom uit die as skop
20. Sy as rus in vrede
21. Uit sy as verrys
22. Sy as het afgebrand
23. Sy asem ophou
24. 'n Ou as jas wees
25. Aspoestertjie
26. Iemand op sy baadjie gee
27. Sy baadjie vir 'n ander uittrek
28. Vir die keiser se baard speel

29. Baas bo baas : hy het sy meerdere gekry
30. Eers baas dan Klaas
31. Elkeen is baas op sy eie werf
32. Toe maar, mōre bak Ma koekies
33. Op die bakoond sit : 'n Oujongnood wees
34. Hy is die band van hulle almal
35. Liewer bang Jan as dooie Jan
36. Hom onder iemand se banier skaar
37. Iemand op sy bas gee
38. 'n Beeld van 'n meisie
39. Sy been breek
40. Op sy eie bene staan
41. Sy bene dra
42. Been-af wees op 'n nooi
43. Hy maak 'n bees van homself
44. Sy kragte begeef hom
45. Met hom kan 'n mens niks begin nie
46. Te laat vir sy eie begrafnis wees
47. Hy is net bek
48. Sy belofte hou
49. As die berg nie na Mohammed wil kom nie, moet Mohammed na die berg gaan.
50. Sy hare het te berge gerys.

Soos blyk uit die voorbeelde toon die gebruik van die manlike 'n algemene dominante karakter aangesien daar net sewe idiome is wat vroulik georiënteerd is.

2.6.1 Vervolgens is daar na algemene gebruiksterme gekyk wat op 'n onwillekeurige manier versamel is:

1. Man oorboord
2. Manslag
3. "Men only"

4. Mannemoed
5. Mnr./mev./mej.
6. Vaderland
7. Seremoniemeester
8. Held en heldin
9. Man en vrou
10. Mnr. en mev. J. Smit
11. Vader tyd
12. Dooiemansdeur
13. 'n Man van sy woord
14. 'n Man van iemand maak
15. Leermeester
16. Pure man
17. Stuurman
18. Timmerman
19. Bergklimmers (nie-sters nie)
20. Skrynerwerker
21. Broeders en susters
22. Geagte vriende (nie vriendinne nie)
23. Geagte Heer
24. Kwa jongens
25. (Mev.) J. Schutte (moet titel aandui indien vroulik)
26. Landsburgers
27. Kwaai vriende
28. Sportmanskap
29. Burgerskap
30. Koningskap
31. Die Boere (verwysing na die verskiet).
32. Die vrou neem die man se van oor
33. Die man openbaar nie huwelikstatus met 'n titel nie, die vrou wel
34. Alfabetiese orde : altyd eers seuns en dan meisies
35. 'n Mens praat van hy/sy en nie sy/hy nie
36. 'n Mens praat van hom/haar en nie haar/hom nie
37. Bemannig : nie bevrouing nie

maar:

38. Dames en here
39. Moedertaal
40. Moeder
41. Moederstad
42. Bruid en bruidegom (vir bybelse gebruik vergelyk 2.6.4)
43. Moedersielalleen
44. Nooienstoespraak.
45. Moederaarde

Ook in die algemene gebruiksgevalle is die manlik georiënteerde voorbeelde dominant.

Daar moet net gemeld word dat die begrip man in bogenoemde voorbeelde geïnterpreteer is as manlik hoewel man ook kan staan vir mens.

Die betekenisonderskeidings is:

- mens : 1. Persoon
2. Skepsel wat hom veral deur sy rede en sy taal van ander soogdiere onderskei (Vergelyk HAT 1973 : 583).

2.6.2 Vergelykings met 'n Bybelse konnotasie

In Kok 1942 : 46 tref ons die volgende aan:

1. So sterk soos Simson
2. So ongelowig soos Thomas
3. So kuis soos Josef
4. So geduldig soos Job
5. So slim soos Salomo
6. So lank soos Saul
7. So oud soos Metusalem
8. So vals soos Judas

9. So arm soos Lasarus
10. Swaar van tong soos oorlede Moses
11. So bang soos Haman vir Mordegai
12. So veelkleurig soos Josef se rokkie
13. So veilig soos Noag in die ark
14. Iets insluk soos die walvis vir Jona
15. Hy's nes Bileam se esel
16. Vriende soos Dawid en Jonatan
17. Voel soos Adam in 'n modewinkel

EN:

18. So mooi soos Rut op die koringland
19. So kaal soos Eva
20. Staan soos Lot se vrou.

Resultaat : 85% manlike inslag
 15% vroulike inslag
 100%
 70% manlike meerderheid

2.6.3 Vergelykings met 'n negatiewe konnotasie

Die vergelykings kom uit Kok 1942 : 8 e.v.:

1. 'n Baard soos 'n Joodse rabbi
2. 'n Hangbroek soos 'n komkuier-Jood se handsak
3. Dik lippe soos 'n staljong
4. 'n Snor soos Hitler
5. Weglê-tone soos 'n staljong
6. Gedurig brom soos 'n oujongkêrel
7. Hy ry soos 'n Engelse "Tommy" (swak)
8. Staan soos 'n predikant wat sy preek vergeet het
9. Vloek soos 'n matroos

10. Soveel van iets weet as 'n Russiese tsaar van Boerbiltong
11. So dom soos 'n padpredikant
12. Swart soos 'n stoker, mynwerker, smid
13. 'n Bek soos 'n straatmeid
14. 'n Dik gesig soos 'n maselmeid
15. Skurwe hakskene soos 'n kombuismeid
16. Abba-boude soos 'n Boesmanmeid
17. Platpoot soos 'n Kalahari-meid
18. Bloos soos 'n bruid in 'n bad (skooldogter)
19. Te here gaan soos die Tannies op 'n Boerewerf
20. Gaap soos 'n ou vrou in 'n kerk
21. Sy dra 'n bont sisrok soos 'n nuwejaarsmeid
22. Lyk soos 'n ou vrou wat verkoue in haar milt het
23. Hulle kekkel soos viswywe
24. Hy slaan so pap as 'n vrou wat hartverlamming het
25. So bekend as 'n slegte vrou
26. So lelik soos 'n heks
27. Haar huis is so skoon soos oom Joos se varkhok
28. So vet soos Visser se ou vrou
29. Vloek soos 'n matrooswyfie
30. Skree soos vyf vrouens en 'n Jood.

Van bogenoemde is daar 18 voorbeelde wat handel oor vrouens met 'n negatiewe konnotasie, dus 60%, en 12 voorbeelde wat handel oor mans met 'n negatiewe konnotasie, dus 40%.

Resultaat : 60% vroulik en negatief
 40% manlik en negatief
 100%
 20% vroulike negatiewe meerderheid

Dit is opvallend dat Nilsen 1973 (in Thorne en Henley 1975 : 220) min of meer dieselfde resultaat verkry het in 'n ondersoek na negatiewe konnotasies in Engels. Sy het in 'n steekproef

500 leksikonitems geneem wat gemerk was + manlik of + vroulik. Sy het gevind dat 25 vroulike items gemerk was met 'n negatiewe konnotasie en 20 manlike items gemerk was met 'n negatiewe konnotasie.

Soos in bogenoemde geval was die vroulike negatiewe items ook in die meerderheid met 1%, naamlik 5% vroulik teenoor 4% manlik.

Schulz 1975 : 65 sê ook dat negatiewe titelbeskrywings vir vrouens meer voorkom, byvoorbeeld feeks, heks ensovoorts. Voorts maak sy die volgende stelling: As 'n vrou 'n man genoem word is dit 'n identifikasiefout, maar as 'n man 'n vrou genoem word, is dit 'n belediging.

Graham 1975 (in Thorne en Henley 1975 : 58) wil juis die negatiewe ophef wanneer sy sê dat kinders van beide geslagte gelyke behandeling moet ontvang in soverre dit opvoeding en taal betref, en dat daarna gestreef moet word om die taak tot die hoogste toe te volvoer.

2.6.4 Die gebruik van bruid en bruidegom in Bybelse verband

In ons skryf- en spreektaal word daar normaalweg na die bruidspaar verwys as die bruid en bruidegom. Na aanleiding hiervan is 'n aantal Bybelse teksverwysings geneem om na te speur in watter verhouding bruid en bruidegom gebruik word:

- a) Jes. 61 : 10 - "soos 'n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ontbind, en soos 'n bruid wat haar versier met juwele."
- b) Jes. 62 : 5 - "Want soos 'n jonkman 'n jongedogter trou, so sal jou kinders jou trou; en soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees."

- c) Jer. 7:34, 16:9, 25:10 - "die stem van die bruidegom en die stem van die bruid."
- d) Openb. 18:23 - "En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie."
- e) Joh. 3 : 29 - "Hy wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom."

Opvallend in die aangehaalde tekste is dat bruid en bruidegom anders georden is as waaraan ons in die skryf- en spreektaal gewoond is. Uit die 5 tekste was daar net een wat die term bruid eerste vermeld het, naamlik Joh. 3 : 29, maar daar word die anafoor eerste geplaas.

2.6.5 Neutrale terme

Baie stemme het oorsee al opgegaan vir die daarstelling van neutrale terme, bedoelende terme wat verwysing na sowel die manlike as die vroulike geslag omvat. Hier word vervolgens kortliks gekyk na voorstelle vir gelykstelling, neutrale terme, plaasvervangende vroulike terme vir die manlike en na die vorming van manlike en vroulike persoonsname deur afleiding.

Hook 1974 : 88 noem drie Amerikaanse voorstelle vir gelyke huwelikstatus en behandeling. Die voorstelle kom hierop neer:

- a) Behou Mr. as titel vir mans en gebruik Miss., Mrs. of Ms. as titel vir vroue.

Aan Ms. wat saamgestel is uit Mrs. en Miss, en uitgespreek word as miz. grens drie probleme naamlik,

- (i) 'n Praktiese probleem - die aanvaarding en uitvoerbaarheid deur mense.
 - (ii) 'n Linguistiese probleem - die implimentering in die taalsisteem.
 - (iii) 'n Stilistiese probleem - die gebruiksfrekwensie.
- b) Brei die titels uit tot Mr. (married), Master (unmarried), Sir (ongeïdentifiseer) om die ekwivalent te wees van die vrouetitels naamlik Mrs. (married), Miss. (unmarried) en Ms. (ongeïdentifiseer).
- c) Behou Mr. (married or unmarried) en Mrs. (married) en gebruik Miss (married or unmarried) en geboortevan (naam) om die huwelikstatus te verbloem soos beroemdes soos Sophia Loren, Elizabeth Taylor soms doen, waarvan die laaste moontlikheid die waarskynlikste is.

Die "Ladies Home Journal" in Amerika het gedurende 1972 'n stemming uitgeroep om die voorkeurgebruik te bepaal. Uit 8074 mense wat reageer het, het 5352 die titels Mrs./Miss en 2722 Ms. verkies.

Volgens Hook 1974 : 93 lyk dit of die gebruik of herinvoering van die vroulike en/of neutrale vorms aan die toeneem is. Dit is nie langer noodsaaklik dat 'n woord soos "chairman" vir beide geslagte gebruik moet word nie. Of 'n ander term word vir die vrou gebruik, naamlik "chairwoman", of "chairlady" of as die geslag ontwyk moet word, kan "chairperson" of "chairbody" gebruik word. Vir "master of ceremonies" word die volgende twee alternatiewe aanbeveel. Behou die bestaande vorm en gebruik ook die term "mistress of ceremonies", of 'n neutrale vorm moet geskep word deur eersgenoemde twee se voorletters saam te voeg, dus die vorm MC in plaas van "master or mistress of ceremonies". Daar was na my wete in Afrikaans nog geen voorstel om iets aan dié saak te doen nie.

Hook 1974 : 93 wys daarop dat daar nog talle probleme is wat gepaard gaan met die gebruik of invoering van vroulike en neutrale terme. So byvoorbeeld is "saleswoman, salesman, saleslady" en neutrale vorme soos "salesclerk" en "salesperson" aanvaarbaar, sowel terme soos "salesgirl" en "watchman." In die geval van "salesboy" en "watchwoman" is daar egter nie geldige grond vir bestaan nie.

Volgens Lakoff 1973 (in Hook 1974 : 94) kan die gebruik van terme soos "congresswoman" en "male nurse" in Amerika die uitvloeisel wees van taalgebruik in provinsies wat nie so erg geslag georiënteerd was nie en met die bewuswordingsproses is dit vir hul noodsaaklik om die geslagsverskille op 'n manier aan te dui. So byvoorbeeld het een van die naasbestaendes van 'n oorledene in 'n vliegcramp in Switserland, nadat dit eers nagelaat is, daarop gewys dat die een persoon 'n "mailwoman" van Brittanje was (C.B.S.-TV. April 1973).

Lakoff 1973 (in Hook 1974 : 94) voorsien dat sekere probleme kan opduik soos byvoorbeeld in die geval waar die Anglikaanse Kerk vroue in die bediening toegelaat het. Gaan hulle "female priests" of "priestesses" of "Father" of "Mother" genoem word?

In Afrikaans bestaan daar soortgelyke probleme, vergelyk:

Nagwag maar nie nagwagteres nie

Verkoopsmeisie maar nie verkoopseun nie

Dominee maar nie dominesse nie

Predikant maar nie predikantes nie

Volgens Dr. I.S. Terblanche, in 'n berig in Die Burger, word vorme soos voorsitter teenoor voorsitster vir dames wisselend gebruik. Die dokter het naamlik 'n week lank koerante dopgehou en die volgende opgeteken. "Dr. Rina Smith is voorsitter van die Maatskaplike Werkersvereniging van Suid-Afrika, maar mev. Gillian Lloyd is voorsitster van die raad van sewe van die Internasionale Seremoniemeesteresse-organisasie; mev. Joyce Hoogenhout was by 'n sekere geleentheid

die genooide spreker, maar mev. Nina Smit word h skryfster genoem en daar word na Christine Reynolds as h Brits-gebore pianiste verwys; in een en dieselfde berig word die redaktrise van h blad die redakteur en h entjie verder die redaktrise genoem. In Tyger-Burger van 25 April word onder h foto gemeld dat mev. W. Hanekom die voorsitter en mev. H. Brand die sekretaresse van die VLV-tak van Parow-Oos is". (Die Burger : 09/05/84).

Na aanleiding van die verwarrende terme in Afrikaans is verskeie vrouens ondervra om te verneem of die manlike vorm vir die vroulike hinderlik is. Die oorgrote meerderheid neem verlief daarmee al is die aanspreekvorme nie altyd taalkundig korrek nie.

Tans is die posisie in Suid-Afrika so dat van die Susterskerke ook vrouens in die bediening toegelaat het. Volgens h ingeligte bron word die vrouepredikant in die Hervormde Kerk as dominee aangespreek. Net so word verwys na vrouens in die ouderlingamp in dië kerk as ouderling. Volgens h sinodale besluit, is toestemming verleen om vrouens as diakens aan te stel. Hoewel hulle in die meeste gevalle as diakens of vrouediakens aangespreek word, is daar ook gevalle waar van diakonesse gepraat word.

Die omgekeerde kom voor waar manlike persone titels beklee wat vroulike inslag het. As manlike verpleërs in hospitale bevorder word, beklee hulle die titels suster of matrone en word soos volg aangespreek:

1. Meneer of
2. Suster verpleër/of matrone verpleër
3. Manlike suster/of manlike matrone.

2.6.6 Afleiding van selfstandige naamwoorde deur agtervoegsels

Manlike dominansie in die taal word ook gereflekteer deur die

morfeme wat gebruik word as persoonsvormers.

2.6.6.1 Vir manlike persoonsname gebruik ons die agtervoegsels

-er, -aar (-naar, -enaar) -ier, (-nier, -enier)
-aard (-erd) -and, en die vreemde uitgang -aan,
-eur, -iet, -is.

- er : kom agteraan h werkwoord : werker, speler,
agteraan name van lande en plekke : Hollander
- aar : kom agteraan h werkwoord : dienaar, sukke-
laar
selfstandige naamwoord : sondaar, skuldenaar
plekname : Kapenaar
- ier : kom agteraan h selfstandige naamwoord :
tuinier, kruidenier
- aard : kom agteraan h byvoeglike naamwoord:
gierigaard, luiaard
- and : is die ou uitgang van die onvoltooide deel-
woord dus agteraan h werkwoord :
Heiland (- die helende)
vyand (- die hatende)
- aan : kom agteraan plekname : Pretoriaan, Ameri-
kaan
- eur : kom agteraan h werkwoord : inspekteur,
kontroleur
- iet : kom agteraan plekname : Paarliet
kom agteraan persoonsname : Israeliet
- is : kom agteraan name van instrumente : flutis,
telegrafis
kom agteraan persoonsname : Calvinis

Partykeer word die vroulike geslag hierby aangedui deur 'n -e byvoorbeeld leerling - leerlinge
kwekeling - kwekelinge
maar nodig is dit nie, en dit kan aanleiding gee tot verwarring met die meervoud. Woorde soos jongeling en ouderling is altyd manlik (Vergelyk Van Oostrum 1926 : 116 en Kempen s.j. 304 ev.).

2.6.6.4 Samevatting

Die manlike prominensie hier blyk daaruit dat:

- a) sommige afleidings slegs 'n manlike karakter dra;
- b) vroulike afleidings verdere afkomstige afleidings is van die afgeleide manlike vorm;
- c) sommige vroulike persoonsname moeilik afleibaar is en verwarring kan veroorsaak.
- d) 'n Vrou kan 'n swemmer genoem word, maar 'n man nie swemster nie, so ook onderwyser (Vergelyk Van Oostrum 1925 : 116 en Kempen s.j. : 304 e.v.).

Faust 1970 (in Thorne en Henley 1975 : 214) sê die volgende in verband met manlike titels, beroepe, professies en terminologiese oorheersing en kragdadigheid daarvan:

"Language oppresses and diminishes the female of the species, reducing her to an appendage or an extension of the male. Titles, professions, occupations are masculine, and are diminished when made feminine by adding -ess or -ette (sculptress, jockette). Male athletic teams have forceful names (Lions, Tigers, Rams); female teams are called names like Rockettes, Mercuresses, Cindergals).

Women are often defined by their sexuality (rarely are men defined so wholly and irrevocably in a single word e.g. whore, slut, tart)."

2.6.6.2 Vir vroulike persoonsname gebruik ons -es, -in, -ster

Woorde hiermee gemaak beteken:

- a) die vrou van die genoemde man;
- b) 'n vrou wat dieselfde werk doen as 'n man.

Party van hulle het twee betekenis byvoorbeeld:

koningin : die vrou van 'n koning
 of 'n vrou wat 'n koning se amp beklee
so ook : prinses, hertogin e.a.

-es -en -in word agteraan die manlike selfstandige naamwoord gevoeg, byvoorbeeld boer - boerin,
 held - heldin.

-ster maak vrouename direk van dieselfde werkwoord waarvan manlike name op -er gemaak is byvoorbeeld bakker (mnl) en bakster (vrl) altwee van bak prater (mnl) en praatster (vrl) altwee van praat (Vergelyk Van Oostrum 1925 : 116 en Kempen s.j. : 304 e.v.).

2.6.6.3 Vier gemeenslagtige persoonsname -ing (of -ling)

Agteraan plekname : dorpeling, stedeling
Agteraan afgetrokke selfstandige naamwoorde - gunsteling, Kleurling
Agteraan byvoeglike naamwoorde : woesteling, vreemdeling
Agteraan werkwoorde : volgeling, suigeling.

Hierdie woorde kan manlike of vroulike persone aandui.

2.7 Die mededinging tussen HE en SHE in Engels

Die bepleiting van die Vrouebeweging vir nuwe leksikale items word kortliks weer aangeroer en veral word daar gelet op die moontlike wedersydse mededinging tussen he en she in Engels.

Lakoff 1973 (in Thorne en Henley 1975 : 28) is van mening dat nuwe leksikale items wat bepleit word deur die Vrouebeweging 'n lang tyd sal neem om inslag te vind, al is die tekens al daar. Thorne 1975 : 28 stem nie saam nie en wys daarop dat woorde wat 'n dekade gelede feitlik onbekend was, onder druk van die Vrouebeweging, baie veld gewen het en sommige al inslag gevind het soos spokesperson en sexist alhoewel daar baie teenkanting teen die nuwe leksikale terme is. Teenstanders van die feministiese voorstelle vir taalverandering is dit eens dat die nuwe terme baie lomp voorkom.

Bodine 1975 (in Thorne en Henley 1975 : 28) wys daarop dat daar al baie steun was vir die gebruik van he in die plek van he of she en selfs they vir die enkelvoud. So is daar byvoorbeeld 'n ondersoek met 28 junior en senior grammatikaboeke gedoen. Sonder uitsondering is die gebruik van he/she en they vir die enkelvoud in al die boeke veroordeel. Die skrywers voer aan, dat eersgenoemde te lomp is en dat laasgenoemde foutief is, byvoorbeeld:

"As in the sentence, Everyone must take his place, there have always been other usages, especially they (their, them) : Everyone must take their place."

In die spesifieke boeke is die kinders dus geleer om he te gebruik al word daar na vrouens verwys om sodoende akkuraatheid te bevorder en lompheid te voorkom.

Volgens Hook 1974 : 86 is daar geen linguistiese bewyse dat

manlike chauvinisme 'n rol gespeel het in die gebruik van he teenoor she nie. Inteendeel, tot en met Middel-Engels, was daar in sommige dialekte geen duidelike onderskeid tussen die manlike en vroulike derde persoon, enkelvoudige voornaamwoord nie. Tot onlangs was he se gebruik 'n veralgemening. Hy be-
weer ook dat daar steun was vir die gebruik van he in plaas van he of she. Die vrouebevrydingsgroepe streef egter daarna om beide erken te kry, wat vir hulle op die gelyke regte van vrou dui en hulle sien die alleengebruik van he vir he of she as diskriminasie teen die vrou.

Densome 1974 : 87 stel op haar beurt die teenoorgestelde voor, naamlik dat she die he en she moet vervang omdat he ingesluit is in die woord she, maar Amerikaanse taalkundiges meen dat daar baie ver gesoek sal moet word om groter verwarring in die geskrewe taal te kry, as dit (Vergelyk Hook 1974 : 88).

2.8 Juridiese aspek

2.8.1 Kontrakte

Dit is 'n aanvaarde regsbeginnsel dat die gebruik van hy ook die vroulike insluit. Indien slegs die vroulike element van belang is, word die sy as die voornaamwoord, derde persoon, enkelvoud vroulik gebruik in kontrakte, regsdokumente en testamente (Vergelyk Steyn 1963 : 159).

Daar bestaan 'n neiging om in ingewikkelder kontrakte 'n spesiale klousule in te voeg wat 'n woordskrywing gee. Daar word nie 'n verduideliking van sy/haar gegee nie en dit bevestig die regsbeginnsel dat hy ook die vroulike verteenwoordig en insluit.

Die omgekeerde naamlik dat sy, die vroulike, die manlike insluit, kom nooit voor nie.

Volgens Schassert 1963 : 158 geld die reël egter nie waar dit gaan oor dinge waarvoor alleen mans bevoeg is nie. So kan byvoorbeeld volgens die gemene reg in die algemeen alleen mans openbare ampte beklee of voogde wees. In wette wat oor sodanige ampte of oor die voogdy handel, sou die manlike dus nie die vroulike insluit nie. Of die omgekeerde van hierdie reël geld, val te betwyfel. Voet 1963 : 158 wil dit nie by die uitleg van testamente toepas nie "omdat het een slegte zaak soude zyn dat onder een vrouwelyk naamwoord het mannelyk geslag begrepen soude zyn." Steyn 1963 : 154 sê ons wette word so reëlmatig met verwysing na die manlike geslag opgestel, dat die blote verwysing na die ander geslag 'n baie sterk aanduiding sou wees dat alleen daardie geslag bedoel word.

Die manlike kry dus voorkeur. 'n Testament sal byvoorbeeld soos volg lui: "Ek bepaal dat die bevoorreedes uit hoofde van die klousule sy/haar of hy/sy belange sal bemaak

Dit lyk dus of hier twee beginsels werk, naamlik:

- a) As slegs die manlike vorm gebruik word, sluit dit verwysing na vrouens in.
- b) As die manlike en vroulike gebruik word, word die manlike konstant eerste genoem.

2.8.2 Aanspreekvorme in howe en publikasies

Die volgende beginsels geld by aanspreekvorme in die howe en geregtelike publikasies. Dit is ongeskrewe reëls, maar word beskou as tradisionele instellings en aanvaarde aanspreekvorme:

- a) Daar word net van 'n regter gepraat en nooit 'n voueregter nie.

- b) Die terme regter, advokaat en prokureur geld vir beide geslagte.
- c) As jy in die hof optree, spreek jy die bank aan as U edele of Edelagbare terwyl Regter Leo van den Heever, die enigste vroueregter in ons land, as Haar Edelagbare aangespreek word.
- d) In Engelse howe is die aanspreekvorme:

Your Worship
My Lordship
Your Ladyship

Die vrou sal egter nie beswaard voel as jy haar aanspreek as Your Lordship nie.

Word die Afrikaanse gebruik met die reëls vir Engels vergelyk, is daar nogal groot ooreenstemming.

Veach 1979 : 6 wys daarop dat die hy-sy verwysing gebruik word om statuslae aan te dui byvoorbeeld:

- a) Daar word na regters en advokate verwys as he.
- b) Daar word na jurielede in Kalifornië verwys as he of she.
- c) Daar word na die jurievoorman verwys as he.

Outeurs en publiseerders maak soms melding daarvan dat he die vroulike insluit alhoewel dit as vanselfsprekend aanvaar moet word, want die orde van verwysing is he/she en nooit she/he nie (Vergelyk Veach 1979 : 6).

2.9 Samevatting

In Amerika en Nederland het die volgende inligting in verband

met die man-vrou en hy-sy mededinging na vore gekom. Banders 1977 : 7 (in Veach 1979 : 7) het die volgende interessante voetnoot in een van sy werke gemaak:

"To avoid the implied sexism of using only he and his, I have alternated between masculine and feminine pronouns throughout the book. She and her should be understood to apply equally to he and his and vice versa" (Banders 1979 : 7).

'n Motorhawe-eienaar in Amerika sê eendag: "Everybody and his brother has been here! Not to let that get by, a woman added: Everybody and his sister, too, presumably" (Banders 1979 : 8).

Nie oral word die feministiese taalneigings met akklamasie begroet nie. Wamelink, 'n Nederlandse joernaliste, laat haar in 1982 soos volg uit oor feminisme in 'n rubriek 'Open Forum' in 'n Nederlandse koerant.² Moet 'n vroulike messelaar 'n messelares genoem word? As 'n vrou 'n timmerman wil word moet sy haar eerder 'n timmerman noem as 'n timmervrou, want timmerman is tog die algemene begrip. Net so min sal daar van die bemaning van 'n vliegtuig gepraat word as bevrouing.

Van Dale, soos aangehaal deur Wamelink, gee 'n definisie van feminisme: "vrouwenbeweging, streven naar meer, respectievelijk gelijke rechten van de vrouw. Zodra feminisme word een zich afzetten tegen alles wat man is, heeft dit met emancipatie en gelijkberechting niets meer te maken."

- Sy doen 'n beroep op mense op op te hou met onvolwasse en niks-seggende nuwe woordskeppinge. Laat 'n bootsman 'n bootsman bly, al vervul 'n vrou ook hierdie funksie. Met die moderne tegnologiese ontwikkeling is daar juis so baie nuwe woorde.

Ten slotte kan daarop gewys word dat 'n Vrouebeweging in Amerika

2. Die presiese koerant en uitgawe is aan my onbekend. Slegs die uitgeknipte artikel is aan my gestuur.

daarna gestreef het om die Bybel herskryf te kry sodat daar nêrens in die Bybel na Christus as Hy verwys word nie omdat dit manlik gekwalifiseerd is - slegs die naam Christus moet gebruik word.

Volgens 'n berig in die Rapport, is God of Christus as vrou of ten minste met vroulike eienskappe, iets waaroor die gemiddelde Suid-Afrikaanse Christen nog nie juis dink nie. Op die oomblik is hier nie 'n debat oor God as vrou aan die gang nie (Rapport : 29/04/84).

Volgens 'n berig in Die Volksblad het die Presbiteriaanse Kerk van Skotland onlangs 'n studiegroep se voorstel dat God as "onse Moeder" aangespreek word, verwerp. Die groep se verweer is dat God nie noodwendig manlik is nie en dat die eienskappe wat aan God toegeskryf word 'n mens ook laat dink "aan al die beste eienskappe wat 'n vrou openbaar" (Die Volksblad : 23/05/84).

Hoewel Vrouebewegings al in 'n mate veld gewen het in die neutralisering van sekere manlike leksikale items, wil dit voorkom of hul ambisies prysenswaardig is, maar die resultaat minder suksesvol.

In Suid-Afrika het dit ons nog sover gespaar gebly.

H O O F S T U K 3

WISSELING IN STANDAARDAFRIKAANS

- 3. Wisseling in Standaardafrikaans
 - 3.1 Inleiding
 - 3.2 Doelwitte
 - 3.3 Verskil met Nederlands
 - 3.4 Die verbreiding van die besitlike voornaamwoord SY in Afrikaans
 - 3.5 Engelse invloed
 - 3.6 Die wisseling van geslag in Standaardafrikaans ten opsigte van nie-lewende referente, gemeenslagtige nie-menslike referente, natuurelemente, abstrakta, stede en versamelname
 - 3.6.1 Kunsmatige voorwerpe
 - 3.6.1.1 Naamgewing
 - 3.6.1.2 Engelse invloed
 - 3.6.1.3 Vroulike konnotasies
 - 3.6.1.4 Affek
 - 3.6.1.5 Oorlewering
 - 3.6.2 Gemeenslagtige nie-menslike referente
 - 3.6.2.1 Affek
 - 3.6.2.1.1 Intimiteit
 - 3.6.2.1.2 Ergernis
 - 3.6.2.1.3 Teerheid
 - 3.6.2.2 Handeling
 - 3.6.2.3 Ander bepalende faktore vir die wisselende geslagsomruiling
 - 3.6.3 Die vroulike voornaamwoordgebruik by natuurelemente, abstrakta, lande, stede en versamelname
 - 3.6.3.1 Natuurelemente
 - 3.6.3.2 Abstrakta
 - 3.6.3.2.1 Verhewe begrippe

- 3.6.3.3 Lande, stede en versamelname
 - 3.6.3.3.1 Engelse invloed
 - 3.6.3.3.2 Personifikasie
 - 3.6.3.3.3 Affek
- 3.6.3.4 Bybelse verband
- 3.6.3.5 Toetsing
- 3.7 Omruijing van menslike geslag
 - 3.7.1 Griekwas
 - 3.7.2 Kleurlinge
 - 3.7.3 Die vroulike gebruik met verwysing na diere en lewelose dinge in die Noordweste
 - 3.7.4 Gebruiksfrekwensie in Standaardafrikaans
 - 3.7.5 Lokaliteit
 - 3.7.6 Voorbeelde en moontlike redes vir die gebruik van HY met verwysing na die vrou deur standaard en nie-standaardsprekers in die spreek- en streektaal
 - 3.7.6.1 Respek
 - 3.7.6.2 Woede
 - 3.7.6.3 Vleitaal (Toegeneentheid)
 - 3.7.6.4 Teenwoordigheid
 - 3.7.6.5 Liefdevolle, versagtende optrede
 - 3.7.6.6 Koppigheid
 - 3.7.6.7 Neerhalende gebruik
 - 3.7.6.8 Manlike handeling
 - 3.7.6.9 Selfstandigheid
 - 3.7.6.10 Teleurstelling
 - 3.7.6.11 Elegansie en tydsaspek
 - 3.7.6.12 Simpatieke meegevoel
- 3.8 Die gebruik van die vroulike SY met verwysing na die man
 - 3.8.1 Doelbewuste vernedering
 - 3.8.2 Goedige waarskuwing

- 3.8.3 Gegriefdheid
- 3.8.3.1 Oor selfbejammering
- 3.8.3.2 Oor verfyndheid
- 3.8.4 Terg
- 3.8.5 Frustrerende moedeloosheid
- 3.8.6 Leedvermakerigheid
- 3.9 Samevatting

3. Wisseling in Standaardafrikaans

3.1 Inleiding

In hoofstuk 1 is aangetoon dat in Standaardafrikaans hy/hom patroonmatig aangewend word wanneer deikties of anafories na natuurlike manlike geslag, gemeenslagtige mense en diere en onsydige entiteite verwys word terwyl sy/haar natuurlike vroulike geslag aandui. Daar is egter uitsonderings waar die manlike vorm van die voornaamwoord opgehef word en waar die vroulike voornaamwoord voorrang geniet. Die spesifieke gebruikse gevalle het in sommige streke 'n patroonmatige voorkoms. Andersins toon die verskynsel 'n minder patroonmatige gebruik wat in beide Standaard- en nie-Standaardafrikaans voorkom.

Die verskynsel van wisselende voornaamwoordgebruik doen hom landswyd voor en word by beide geslagte aangetref. In sommige gevalle gaan dit gepaard met doelbewuste gebruik, met ander woorde, met die doel om iets te bereik of 'n reaksie te ontlok. Dit wil egter blyk of die omgekeerde gebruik meestal deel uitmaak van 'n subsisteem van taalgebruik wat bloot deel van die persoon se taalskat is as gevolg van onbewustelike gebruik en oorlewering.

3.2 Doelwitte

In die hoofstuk word beoog om

- kortliks die herkoms en uitgebreidheid van die manlike en vroulike verwysing vir lewende en nie-lewende referente te bepaal;
- om vas te stel in hoeverre die Afrikaanse wisseling in verband gebring kan word met wisseling in Standaard en nie-Standaardnederlands;

- om kortliks te wys op die Engelse invloed met betrekking tot die gebruik van die vroulike voornaamwoord;
- voorbeelde van wisseling van geslag te gee ten opsigte van nie-lewende referente, byvoorbeeld treine, lewend geslagtelike maar nie-menslike referente byvoorbeeld hond, kat ensovoorts en om redes aan te voer vir die wisselende gebruik;
- om die omruiling van menslike geslag te bespreek aan die hand van voorbeelde en om redes daarvoor aan te toon.

3.3 Verskil met Nederlands

Nienaber 1949:69 sê dat met die uitsondering van die werkwoorde daar geen enkel gebied in die vormleer is waar die verskil tussen Afrikaans en Nederlands groter is as by die voornaamwoord nie.

Scholtz 1966 : 119 wys daarop dat in tale soos Duits, Frans en Nederlands die Indo-Europese verdeling van substantiewe in genera of klasse in gewysigde vorm voortleef. Die genus van die substantief is in die eerste plek kenbaar aan die begeleidente lidwoord : in Duits der, die of das, in Frans le of la, in Nederlands de of het. So het Nederlands by die persoonlike voornaamwoord 'n onsydige derde persoon het wat in Afrikaans verdwyn het (vergelyk ook onder andere Nienaber 1949 : 69).

<u>Duits</u>	<u>Frans</u>	<u>Nederlands</u>	<u>Afrikaans</u>
der	le	de	die
die	la	het	
das			

Volgens Van den Toorn 1977 : 219 is daar in Nederlands verskillende vorme by die derdepersoon enkelvoud om onderskeid "in sekse en/of genus" te maak. Volgens Donaldson 1981 : 27 onderskei moderne Nederlands slegs tussen "common gender and neuter gender" waarvan die eerste 'n amalgamasie is van die vroeëre manlike en vroulike geslag. Manlike en vroulike geslag soos vandag deur die Nederlanders gebruik; dui dus in Nederlands nie noodwendig op natuurlike geslag nie en wisseling kom voor afhangende van die stylsoort van die uiting:

"Het meisje heeft haar grootmoeder lekkere dingen gebracht/Het meisje heeft zyn grootmoeder bezocht" (Donaldson 1981 : 58).

Le Roux het in 1921 ook die wisselende gebruik waargeneem (vergelyk Le Roux 1921 : 43). Die wisseling in Standaardnederlands laat 'n mens groter variasie by nie-Standaardnederlands vermoed wat veral vroeër invloed op die patroon in Afrikaans kon gehad het. (Vgl. byvoorbeeld Bosman 1923 vir variasie van Nederlandse voornaamwoorde in die Haagse dialek en Vlaamse dialekte.) Vir die huidige studie is dit nie nodig om verder hierop in te gaan nie.

Nie net vind daar in Nederlands omruiling van manlike en vroulike geslag plaas wanneer na menslike wesens verwys word nie. In Nederlands behoort die manlike voornaamwoord te kongreer, met de- woorde en die vroulike met het - woorde wanneer dit gaan om onsydige objekte byvoorbeeld fietse, motors, boeke ensovoorts. Enkele voorbeelde uit gedigte van die negentiende eeu toon egter dat wisseling ook hier voorkom en dat die vroulike vorm dikwels voorkeur geniet:

J. Perk "Aan de Sonetten" 1879

"Naar eigen hand de vrije taal te zetten

Is eedle kunst, geen grens, die haar ontkrachte .. (Antonissen s.j. :23).

F. van Eeden "De Waterlelie" 1888

"Ik heb de witte water-lelie lief,
daar die zoo blank is en zoo stil haar kroon ..." (Antonissen
s.j. : 44).

R. Holst "de Stilte der Natuur"

"De stille der natuur heeft veel geluiden
en is toch vol van rust voor ziel en zinnen
die druppelt zacht en ongemerkt naar binnen
tot in ons hart een zilv'ren toon gaat luiden
gelijk met haar" (Antonissen s.j. : 94).

H. Lodeizen "Hy die de Wind"

"hy die de wind
had willen nabootsen in haar
meest intieme bewegingen
nie ligt hij als een steen
in een beek, zwijgend in het
spelende water" (Antonissen s.j. : 343).

D. Rafaelszoon Camphuysen : "Geestelik Meditatie - Liedt"

"En d' Aerde heeft voor dese maal
Haer lijden af - geleen" vers 3

"Dies is die tijt weerom, geheert
Waar in natuÿr verjonght,
Haers milden scheppers gretheydt eert
En met zijn gaven proncht" vers 4 (Grove & Steyn s.j. : 38).

C. Huygens : "Scheeps - Praet, ten overlyden van Prins Mauritz"

"Mouring, Schipper sonder weergee
Die zijn onverwinlikheit
Waer de Sonn op, waer sij neer gee" vers 2 (Grove & Steyn
s.j. : 49).

3.4 Die verbreiding van die besitlike voornaamwoord SY in Afrikaans

Volgens Raidt s.j. : 185 kom sy in ons Kaapse argiefstukke van 1700 af dikwels in die taal van Kaapsgebore koloniste en by Duitse en Franse immigrante voor. Ons beskik dus oor afdoende bewyse dat sy as besitlike voornaamwoord al aan die begin van die 18de eeu in die Kaapse taal heel gewoon is.

Scholtz 1980 : 70 wys daarop dat die pronominale bindwoord se in Nederlands die teenhangers zijn (z'n) en haar (d'r, 'r) het : "Jan zijn fiets; Kotie haar hoed." Die gebruik om ná vroulike voornaamwoorde zijn in plaas van haar te gebruik kom volgens Scholtz 1980 : 70 in Kaapse stukke voor : een keer in 1734 en daarna eers weer geïsoleer in 1773 en 1774. Die vervanging van haar het klaarblyklik baie geleidelik plaasgevind. Trigardt gebruik dit nog konsekwent, en dit het voortbestaan tot in die 20ste eeu.

Pheiffer 1980 : 57 toon aan dat by die vroulike besitlike voornaamwoord 'n paar interessante en selfs belangrike gebruiksgevalle voorkom by die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu. Benewens die normale haer (byvoorbeeld haer zoon), kom die gebruik van zijn voor ten opsigte van 'n vroulike antesedent: "een schelm die jouvrouw joubert zijn sestiene schaapen gestool (heeft) en jouvrouw joubert is te kort van zijn sestiene Hamels; Waer was jouvrouw Steen zijn."

Die besitlike voornaamwoord zijn word hier gebruik waar ons hedendaags se gebruik (juf. joubert zijn), ook waar ons haar sou gebruik (zijn sestiene hamels) en waar ons vandag sh sou gebruik (juf. Stein sijn).

Volgens Scholtz 1980 : 71 kan die uitbreiding in die gebruik

van syn, sy, se gewyt word aan veral 'n uitgebreide en ingewikkelde proses van analogiewerking wat hom eers in die 20ste eeu voltrek het. Selfs die invloed van die gebroke Hollands van slawe en Hottentotte in die ontwikkeling van die Afrikaanse situasie staan nie vas nie en as invloed van vreemde tale in berekening gebring word by die uitbreiding van die se-konstruksies, dan mag die moontlike invloed van Engels oor die afgelope honderd jaar en meer nie uitgesluit word nie. Die eenvoudige patroon in Engels wat voorkom in John's hat, Mary's shoes beantwoord aan die eenvormigheid in Afrikaans Jan se hoed, Maria se skoene (Scholtz 1980 : 71).

Nienaber 1949 : 70 wys daarop dat die belangrikste oorblyfsel van geslagsonderskeidinge in Afrikaans by die derde persoon (hy, sy, dit) van die persoonlike voornaamwoord voorkom. Dit bly ook behoue in die naamvalsvorme, behalwe in die veelseggende afwyking van die geslagslose partikel se (moeder se hoed). In nie-Standaardafrikaans het die se-vorm nog 'n groter gebruiksveld as in Standaardafrikaans. Du Plessis 1984 : 106 wys daarop dat daar in gesproke Griekwa-Afrikaans gevalle waargeneem is waar die se-vorm selfs voorkom in die patroon : voornaamwoord + se + naamwoord:

Hulle se veld
my se seun
hy se pa
ons se gesag
hulle se gaatjie.

Volgens Scholtz 1966 : 120 prevaleer by Nederlandse persoonsname geslag bo genus, dus het meisje zij, en het kind hij of zij in plaas van het as die spreker van die kind se geslag bewus is. By diername word altyd hij gebruik, dus ook by neutra soos het paard, het schaap en by substantiewe van die genus commune wat vroulike diere noem, soos de koe

(dus : *Deze koe heeft pas gekalfd; hij geeft nie veel melk*). Jenkinson noem dat ons in Afrikaans nie 'n besitlike voornaamwoord vir die onsydige voornaamwoord dit (Eng. its) het nie, wel vir geslagtelike voornaamwoorde wat meebring dat ons verplig is om of die besitlike vorm "sy" of "haar" vir die onsydige te gebruik. Dit beteken dat die "sy"-vorm ongemerk is ten opsigte van (\pm lewend) (\pm menslik). Scholtz 1966 : 120 sê voorts dat in Nederlands by alle ander substantiewe die algemene reël geld dat neutra gereflekter word deur het en substantiewe van die genus commune deur hy, maar daar is ook belangrike uitsonderings op dié reël. By neutrale voorwerpsname byvoorbeeld het boek, het slot word dikwels hij gebruik in stede van die kongruerende het : en stofname byvoorbeeld soep, wol, wyn word in die taal van baie sprekers gereflekter deur ze (nooit zij nie) in plaas van hij, en dikwels ook deur 'n nie-kongruerende het. Daar is dus in Nederlands belangrike substantiefgroeperings wat die genusklassifikasie deurkruis.

Omdat Nederlands nog genus onderskei (vgl. Ponelis 1984 : 11) en die Afrikaanse voornaamwoordelike sisteem meer op natuurlike geslag gebaseer is, is die verskille tussen Nederlands en Afrikaans redelik groot. Omruiling van die geslag kom egter in beide tale voor. Die verlies van die genus in Afrikaans kan volgens Ponelis 1984 : 12 toegeskryf word aan die versteurde uitwerking wat van die 17de- en 18de-eeuse kontaksituasie op Afrikaans-Hollands uitgegaan het, toe Afrikaans-Hollands gepraat is binne 'n heterogene en vlottende gemeenskap waarvan 'n groot persentasie die taal aanvanklik net as vreemde taal geken het.

3.5 Engelse invloed

Scholtz 1966 : 121 toon aan dat daar in Engels, net soos in

Afrikaans, geen spoor van die ou Indo-Europese genus oor is nie (vgl. ook Ponelis 1984 : 11), en dat Engels waarskynlik invloed op die Afrikaanse patroon gehad het (vergelyk Scholtz 1980 : 71).

Scholtz 1966 : 123 sê dat daar tussen die genuslose Afrikaans en Engels heelwat ooreenkoms bestaan, maar ook belangrike verskille ten opsigte van die voornaamwoordelike gebruik. Die opvallendste verskil is dat hy oor die algemeen 'n veel uitgestreker gebruiksveld as he het en dat sy in Afrikaans 'n nog kleiner gebied bestryk as she in Engels.

Wanneer geslag in Engels by persoonsname soos friend, guest nie ter sprake is nie, is die vervangende voornaamwoord he. By persoonsname beheers die natuurlike geslag van die referent die gebruik van die voornaamwoorde he of she; maar wanneer met veragting van 'n man gepraat word, kom it ook voor (vergelyk Scholtz 1966 : 122). In Afrikaans word veragting ook uitgedruk en wel deur sy, wanneer na 'n man verwys word en hy, wanneer na 'n vrou verwys word (vgl. hf. 3), maar dit kom ook voor, byvoorbeeld:

Wat doen sy nou tog weer? (verwysing na 'n man)
Wat doen hy tog nou weer? (verwysing na 'n vrou)
Wat doen dit tog nou weer? (verwysing na 'n man)
Wat doen dit tog nou weer? (verwysing na 'n vrou)

In voorbeelde soos bogenoemde kan sy ook jy, dit wil sê die tweedepersoonsvoornaamwoord, vervang wanneer die persoon in die gespreksituasie teenwoordig is en direk aangespreek word. Dié vervanging gaan altyd met affek gepaard.

Scholtz 1966 : 122 meld verder dat it ook gebruiklik is by woorde soos baby, child (Vir Afrikaanse gebruik vgl. hf. 3).

It kan ook op alle diername volg, selfs op diername wat uitdruklik geslagsonderskeidend is, soos bull, ram, stallion of cow, ewe, mare. By sommige gemeenslagtige diername, veral hoër diersoorte soos elephant, lion, horse, dog, maar ook canary word in Engels by voorkeur he gebruik, maar by sommige weer she, byvoorbeeld by cat, hare, parrot. Vir woorde in Engels wat selfaangedrewe voertuie of masjiene benoem, byvoorbeeld boat, ship, train, engine word dikwels she gebruik. Na klein persoonlike gebruiksvoorwerpe byvoorbeeld pipe, watch word meermale in Engels met he verwys.

Diagrammaties sien die gebruikspatroon van he, she en it in Engels soos volg daar uit:

	<u>He</u>	<u>She</u>	<u>It</u>
Vir natuurlike manlike geslag : husband	X		
Vir natuurlike vroulike geslag : wife		X	
Vir natuurlike dierlike geslag : bull	X		X
Vir natuurlike dierlike geslag : cow		X	X
Vir gemeenslagtelikheid by mense : baby	X	X	X
Vir gemeenslagtelikheid by diere : lion	X		
: cat		X	
Vir onsydige groot entiteite : ship		X	X
Vir onsydige klein entiteite : watch	X		X

Volgens Scholtz 1966 : 122 behoort alle Engelse substantiewe wat nie persoon- of diername is nie tot die it-klas, met uitsondering net van plantname in geleentheidsgebruik (Vir konkurrensie van hy en dit en hy en sy in Afrikaans, vgl. 1.7 en 1.8).

Dit sal dus interessant wees om te kyk in hoeverre die gebruik van die vroulike voornaamwoord vir lewelose dinge soos treine, skepe ensovoorts aan Engelse invloed toegeskryf kan word.

3.6 Die wisseling van geslag in Standaardafrikaans ten opsigte van nie-lewende referente, gemeenslagtige nie-menslike referente, natuurelemente, abstrakta, stede en versamelname

Daar is in Afrikaans ook uitsonderings waar die manlike vorm van die voornaamwoord opgehef word en waar die vroulike voornaamwoord voorrang geniet. Die voorwaardes vir die gebruik van dié voornaamwoord skyn egter baie beperk te wees. Die mees waarskynlike redes vir die gebruik van die vroulike voornaamwoord kan moontlik soos volg gestipuleer word:

3.6.1 Kunsmatige voorwerpe

Daar word in Afrikaans dikwels na 'n skip, motor, trein, motorboot ensovoorts verwys as sy (haar) terwyl soortname van klein persoonlike gebruiksvoorwerpe soos byvoorbeeld 'n horlosie, krieketbal, blompotjie meermale deur hy vervang word.

Soos uit gesprekke opgeteken is daar by bogenoemde gebruik van die vroulike voornaamwoord nie 'n patroonmatigheid te bespeur nie, maar moontlike redes kan wees:

3.6.1.1 Naamgewing

Die Maria van Riebeeck se motore gee las en hulle neem haar op sleeptou

Grietjie, die kanon van die Voortrekkers, het haar goed van haar taak gekwyf

Damoina, die sikloon, het haar uitgewoed en die mensdom ontsettende skade berokken

Die tog op die see met die Sarie Marais is neusie verby, want sy is stampvol

"Daar staan Sandra die lokomotief. Hulle gaan haar nou was en sal sy nie mooi lyk nie! En hoekom sê ek vir haar sy? - haar naam is Sandra" (Wit en Tuis : 12/05/1983).

Volgens ingeligte persone met wie gesprekke gevoer is, was dit tradisie dat die persoon aan wie die stoomlokomotief toevertrou was aan die lokomotief 'n vroulike naam moes gee. In gespreksituasies word daar dus na die stoomlokomotief as vroulik verwys, vergelyk die voorbeelde wat in Bloemfontein opgeteken is:

Sy wil nie vat nie
Sy wil nie stoom nie
Sy moet gestook word
Ek moet haar vandag blink maak.

Na my wete is die gebruik van vroulike name vir lokomotiewe besig om uit te sterf aangesien die stoomlokomotiewe deur elektriese eenhede vervang word en een persoon nie meer alleen verantwoordelik is vir die skoonmaak van die eenheid nie.

3.6.1.2 Engelse invloed

Soos reeds vroeër in die hoofstuk genoem, is die Engelse gebruik om na selfaangedrewe voertuie as she te verwys. Vergelyk die volgende voorbeelde wat gedurende 'n Engelse TV-program opgeteken is.

Tydens 'n Engelse TV-program is 'n motor se wisselwerking gedemonstreer waarop die antwoord na 'n suksesvolle poging was:

"There she is."

Ook in ander kategorieë in Engels is she gebruiklik. Twee Engelse

krieketkommentators, onderskeidelik van Suid-Afrika en Engeland, het hul soos volg uitgelaat nadat die bal geslaan is:

"Up she goes" (die bal)

"Away she went. (die bal)

Onder standaardtaalsprekers in Afrikaans is die volgende voorbeelde opgeteken:

Die skip vervoer haar passasiers

Ek neem my motorboot om haar te toets.

Scholtz 1966 : 124 wys daarop dat in "Dias" gereeld met hy na die skip verwys word (p. 15) behalwe een keer waar die stuurman Pedro opgewonde praat (p. 21 "Sy draai/Sy draai) En hoor haar maste sagter kraak." - al dra die skip die manlike naam Sint Christoforus.

3.6.1.3 Vroulike konnotasies

Vroulike konnotasies soos byvoorbeeld die ou tradisionele gebruik om 'n kind op die rug te dra was 'n beweegrede vir die vroulike voornaamwoordgebruik, vgl.

Die trein sukkel met haar vrag die bult uit.

3.1.6.4 Affek

In die volgende twee voorbeelde is intimiteit bepalend. In 'n Kleinteaterproduksie Gee mekaar die regterhand deur M. Breedt is die volgende opgeteken na aanleiding van die pa en seun se gesprek oor hul ou motor.

"Wat was verkeerd met haar?" vra Pa "Sy het nog lekker geloop."
"Ja, maar sy was al oud." sê die seun "Sy het vir my net so onmis-
baar geword as my vrou" sê die Pa. (S.A.U.K. : Afrikaanse diens,
01/09/83).

En in 'n televisieprogram het die armoedige Joachim Verwey hom
soos volg oor sy fiets uitgelaat: "Sy slaap die hele aand by my.
As hulle haar moet steel?" (1982).

3.6.1.5 Oorlewering

Uit die inligting wat van die segsmanne verkry is, was dit
sonder meer duidelik dat oorlewering ook 'n beweegrede vir die
wisselende gebruik is.

3.6.2 Gemeenslagtige nie-menslike referente

Daar is nie 'n konsekwente manlike en vroulike gebruikstendens
vir die gemeenslagtige diername nie, en geslagsomruiling het
voorgekom. Vergelyk die volgende moontlike voorbeelde en
redes vir die vroulike gebruik na aanleiding van 'n vraelys
(vgl. tabel 1 en bylae D).

3.6.2.1 Affek

3.6.2.1.1 Intimiteit

Die gevoelswaarde vir honde en katte is belangrik, want dié
diere word baiekeer as lieflingsdiere beskou, vgl.

*My liefingskat sal jou bevlieg as jy haar nooit pla
Ek bad my skoothond gereeld dat sy kan skoon bly.*

3.6.2.1.2 Ergernis

Wanneer daar egter uit ergernis van die lieflingsdiere gepraat word, sal die vroulike gebruik hoogs uitsonderlik wees, byvoorbeeld:

Daar is die verbrande kat, skiet hom vrek.

3.6.2.1.3 Teerheid

Begrippe soos swakheid, verfyndheid en skadeloosheid word geassosieer met die broosheid van 'n meisie. Vergelyk die volgende voorbeelde waar die informante die vroulike voornaamwoord gebruik het:

Die onskuldige motjie waag haar lewe om die kers

Die vlindertjie bekoor my met haar pragtige kleure

Die duifie lyk skadeloos waar sy op die gras sit (vgl. tabel 1).

3.6.2.2 Handeling

'n Rede vir die vroulike gebruik, byvoorbeeld by die hoender is dat die skropebeweging 'n eienskap is wat eerder aan die hen, as aan die haan, toegedig word, vgl.

Die hoender skrop so baie in die tuin dat ek haar nek wil omdraai.

3.6.2.3 Ander bepalende faktore vir die wisselende geslagsomruiling is:

- Of die spreker 'n stedeling of plattelander is.
- Of die dier 'n plaas- of huisdier is.

3.6.3 Die vroulike voornaamwoordgebruik by natuurelemente, abstrakta, lande, stede en versamelname

Scholtz 1966 : 123 sê dat waar ouer digters af en toe in 'n opstel of gedig met sy (haar) terugverwys na 'n abstractum of 'n stadsnaam, ons te make het met 'n duidelike voorbeeld van personifikasie of die nawerking van 'n ou literêre tradisie. Ponelis 1979 : 68 sluit hierby aan deur te sê dat om met sy (haar) na die maan en natuur, en ook die gemeente (die bruid van Christus) te verwys, personifikasie in die spel is.

3.6.3.1 Natuurelemente

In verskeie literêre werke kom die gebruik van die vroulike voornaamwoord vir natuurelemente voor. Vergelyk hier digters soos Van Wyk Louw, Totius, Langenhoven en A.G. Visser.

Scholtz 1966 : 124 sê dat in een van Van Wyk Louw se vroegste verse vind ons die vroulike voornaamwoord by verwysing na die lelie, die mōre, die aandster, die nag, die aandblom (Alleenspraak, p. 49). In personifiërende styl verwys Visser (Rosa Rosarum) ook na 'n lelie met 'n vroulike voornaamwoord, vgl.

*"Kom waar die lelie - die blanke, die reine -
Skugter haar boesem ontbloom aan die maan,
Blou miosotis, die slanke, die klein -
Met haar vergeet-my-nie-ogies bestaan" (Malherbe 1975 : 26).*

Na die voorbeeld van ouer taalgebruik praat Langenhoven van die aarde as haar, vgl.

Die aarde en haar volheid is aan hulle voete.

Wanneer Totius vroulike eienskappe aan "Die Oue Put" toedig is daar sprake van personifikasie en vergelyking, vgl.

*"Die put maar en sy gee immer
dit put maar en sy weier nimmer
net soos h moeder, so opreg
gee sy haar laaste druppel weg!"* (Malherbe 1975 : 68).

In Maskers van Erns (p. 3) word die natuur ook vervroulik, vgl.

"Die natuur bring dalk vandag meer digters voort as wat sy nodig het." (Scholtz 1966 : 123).

Sprekers in Standaardafrikaans het na aanleiding van 'n vrae-lys (vergelyk bylae D) wat hul moes voltooi die volgende redes verskaf vir die vroulike voornaamwoordgebruik by natuur-elemente (vergelyk ook tabel 1).

a) Die vroulike element

In 'n sin soos "Moederaarde is dikwels wreed teenoor haar kinders" speel die vroulike element in die samestelling 'n rol.

b) Assosiasie

In voorbeelde soos:

*Die lelie is bekend vir haar skoonheid
Die aandblom staan daar in al haar glorie.*

word die blomme geassosieer met skoonheid en dít is 'n simbool van vroulikheid. Verdere assosiatiewe vroulike eienskappe was byvoorbeeld kleur, reuk en beweging, vgl.

Die roos ontbloomt haar pragtige kleure
Die môre groet ons uuiwend met haar pragtige kleure.

3.6.3.2 Abstrakta

In literêre verband het die volgende voorbeelde voorgekom:

"Die erns was wel altyd byna ongemerk n gas in die geselskap, maar watter lieflike maskers kan sy dra die ligte, liggende erns"
(Maskers van Erns, p. 3).

"Die filosofie sal nooit baie mense trek nie; en van die wat sy trek, sal baie nog weer van haar kom afval" (Maskers van Erns, p. 48)
(vergelyk Scholtz 1966 : 123).

3.6.3.2.1 Verhewe begrippe

Terugvoering van die informante dui daarop dat abstrakte begrippe soos skoonheid en vreugde verhewe begrippe is en pas binne die vroulike sfeer. So ook liefde (vergelyk 1 Kor. 13).

Skoonheid doen haar baie voor in die veelkleurige natuur
As die vreugde eg is, verbly sy mens behoorlik
As die liefde jou vang laat sy jou nie los nie.

3.6.3.3 Lande, stede en versamelname

3.6.3.3.1 Engelse invloed

In Engelse konteks word daar na lande as vroulik verwys, byvoorbeeld "Mother Russia." So was daar ook standaardsprekers in Afrikaans wat die vroulik vir lande gebruik het, vgl.

Engeland het haar kolonies onderdruk
Engeland, die moederland, het haar mense uitgebuit.

3.6.3.3.2 Personifikasie

Soos reeds aangedui kan ons te make hê met personifikasie of die nawerking van 'n ou literêre tradisie wanneer daar na 'n stad met sy (haar) verwys word.

In Germanicus (p. 100) staan:

"My stad wat op haar sewe heuwels lê /...../ sy is die sigbare beeld van die groot ras/ wat daar geskenk is aan die wêreld Jy moet haar reinig,/ die hele Ceasar - huis uit Rome sny" (Scholtz 1966 : 124).

3.6.3.3.3 Affek

By gevalle soos die volgende kan gevoelswaarde deurslaggewend wees:

Die gemeente sit haar aangevange godsdiensoefening voort
Die kerk en haar strewe.

3.6.3.4 Bybelse verband

Ook in die Bybel kom talle voorbeelde voor:

"En Ek het gesê nadat sy alles gedoen het: Keer na My terug! Maar sy het nie teruggekeer nie. En dit het die ontroue, haar suster Juda, gesien." (Jer. 3:7).

In Jes. 51:18 lees ons in verband met Jerusalem.

"Nie een van al die seuns wat sy gebaar het, het haar gelei nie;
en nie een van al die seuns wat sy grootgemaak het, het haar aan
die hand gegryp nie."

In Bybelse verband is afvalligheid en voortbringing vroulike konnotasies.

3.6.3.5 Toetsing

In nie-literêre verband is die voorkeur gebruik van die manlike of vroulike voornaamwoord vir naturelement, lewelose dinge, abstrakta, gemeenslagtige diere en versamelname getoets. Vyf-en-sestig informante, bestaande uit 15 blanke volwassenes, 20 laerskoolkinders, 20 studente, 5 Kleurlingmatrikulante en 5 Kleurlingwerknemers het elk 'n vraelys (vergeelyk bylae D) voltooi.

In die volgende voorbeelde het die vroulike voornaamwoord, by een of ander groep, voorkeur bo die manlike voornaamwoord geniet (sien tabel 1).

Moederaarde is dikwels wreed teenoor haar kinders

Die lelie is bekend vir haar skoonheid.

Die aandblom staan daar in al haar glorie

Die skip vervoer haar passasiers

Die treintjie beur met haar vrag die bult uit

Skoonheid doen haar baie voor in die veelkleurige natuur

Ek bad my skoothond gereeld dat sy kan skoon bly

My lieflingskat sal jou bevlieg as jy haar nooi pla

Die eend loop al waggelend na haar drinkplek
 Die hoender skrop so baie in die tuin dat ek haar nek wil omdraai
 Die vlindertjie bekoor my met haar pragtige kleure
 Die onskuldige motjie waag haar lewe om die kers
 Die duifjie lyk so skadeloos waar sy op die gras sit

Engeland het haar kolonies onderdruk
 Die kommissie na vroueregte moet haar ten volle laat geld
Engeland, die moederland, het haar mense uitgebuit.

Tabel 1 : Voorkeur vir manlike of vroulike voornaamwoord

	VOLWAS- SENES	LAER- SKOOL KINDERS	STU- DENTE	KLEUR- LING MARIKU- LANTE	KLEUR- LING WERK- NEMERS
	(15)	(20)	(20)	(5)	(5)
MOEDERAARDE	X	X	X	X	X
LELIE	X	X		X	
AANDBLOM	X			X	
SKIP					X
TREINTJIE					X
SKOONHEID	X	X		X	
SKOOTHOND	X			X	
LIEFLINGSKAT	X		X	X	
EEND				X	
HOENDER	X				
VLINDERTJIE	X		X	X	
MOTJIE				X	
DUIFIE				X	
ENGELAND	X				
KOMMISSIE				X	
ENGELAND (MOEDERLAND)	X	X			

Die kruisies dui aan dat die meerderheid van die informante in daardie geval voorkeur aan die vroulike voornaamwoord gegee het.

Interessant is dat informante slegs by twee begrippe glad nie die vroulike voornaamwoord gebruik het nie, naamlik:

*Geldgierigheid is so: hy maak jou blind vir menslikheid
Die komitee moet sy besluite gestand doen.*

In al die ander gevalle het een óf meer van die informante uit elke groep die vroulike voornaamwoord gebruik met verwysing na natuurelemente, onsydige entiteite, abstrakta, gemeenslagtige diere en versamelname (vergelyk bylae D vir voorbeeldsinne).

Vervolgens 'n kykie na die wisselende gebruik van die voornaamwoorde by blanke standaard- en nie-standaardsprekers.

3.7 Omruiwing van menslike geslag

In hierdie gedeelte word beoog om die omruiwing van menslike geslag te bespreek en om moontlike voorbeelde en redes vir die wisselende voornaamwoordgebruik onder Standaard- en nie-Standaardafrikaanse sprekers aan te toon.

3.7.1 Griekwas

Volgens Von Wielligh 1925 : 157 is die Basters of Griekwas 'n bloedvermenging tussen blanke vaders en Hottentotse moeders en hulle het saam met die boere uit hawestede en onmiddellike omgewing noordwaarts getrek. Daar hul vrouens Hottentotse vrouens was, het die kinders 'n plat, onbeskaafde Afrikaans gepraat - 'n Afrikaans wat toe nog (1925) deur hulle gebruik is. En dit is juis hierdie gebrekkige wyse van uitdruk wat so nadelig werk op die spraak van Namakwaland en Boesmanland, sê Von Wielligh 1925 : 157.

Von Wielligh 1925 : 159 gee die volgende voorbeelde van die verskynsel in Griekwa-Afrikaans.

"Die bok het lankal begin om te uier en nou het hy getweeling (of gedrieling)

Klimmeid soms vir blanke meisie byvoorbeeld Voordag het die klimmeid sy (of hy se) baksel brood in die oond

So ken hy mos vir hom dit is sy ken haarsel, sy is knap."

Von Wielligh merk op dat die Griekwas hul eie spreekwyse het, wat baie van dié van die blanke bevolking verskil. Ook, sê hy het die blankes vroeër in Griekwaland-Wes heel anders gepraat. Deur die invloed van nuwe intrekkers, lees, onderwys en beskawing het die mense meer beskaafd lêer praat (vergelyk Von Wielligh 1925 : 239). "Hierdie snaakse manier van praat het nog nie uitgesterf nie en as hulle moet sê:

'Sy is hier' dan sê hulle 'Hy is hier' of baie maal net die omgekeerde: as hulle moet sê: 'Hy is hier' dan word dit 'Sy is hier.' " (Von Wielligh 1925 : 239).

Rademeyer 1938 : 66 sluit hierby aan wanneer hy sê die gebruik van hy(se) vir vroulike persone of diere is heel gewoon, ook onder die Rehobothers en die blankes van die N.W. Kaap-Provinsie, dus:

die koei het hy seen been gebreek, hy kan nie loop nie (vir hy se-gebruik vergelyk 3.4).

Du Plessis 1984 : 105 onderskryf die stellings vir hedendaagse Griekwa-Afrikaans ook, wanneer hy aantoon dat waar die voorname woorde hy en sy in Griekwa-Afrikaans gebruik word, dit nie sonder meer die geslag van die referent aandui nie. Gevalle

is waargeneem in Douglas waar die anafoor hy gebruik is om na 'n vroulike referent te verwys, byvoorbeeld:

Toe hardloop my ma daar van huis af, toe sê hy daar brand my kind en kom hy

Ek sê (ek) is 'n Rousseau-vrou wat ek getrou het. Ja. Hy's ok Griekwa. Hy kom uit die Kaap uit

..... 'n meisiekind; dat hy; nou groot is. Ja mies hy's nou hiervandaan af is hy Kimberley toe, toe sê hy ek soek bietjie werk in die dorpe.

In Griekwastad is die volgende nie-standaardvorme aangeteken na aanleiding van 'n gesprek met Klaas van der Westhuizen, 'n Griekwa, op 1 April 1982.

Ek het <u>hom</u> begrawe	(sy vrou)
<u>Hy</u> bly nou allening	(sy dogter)
Voor <u>hy</u> getroud is	(sy ma)
Ek gaan by <u>sy</u> huis verby	(sy gewese vrou)
<u>Hy</u> kom kuier nog so af en toe	(sy gewese vrou)
<u>Hy</u> het eerder as hy vort gegaan	(die kaptein se vrou is voor hom dood)
My vrou het my weggegooi en toe gaan <u>hy</u> Kaap toe	
<u>Hy</u> kan onmoontlik weet ;	(verwys na sy vrou)

In 'n liedjie getitel "My liefeling" sing hy onder meer:

"eenkeer het sy gesê" (sy vrou) , maar as hy die gedig in sy eie woorde weergee, praat hy nie van sy (vroulik) nie, maar: "dan is ek weg van hom af" (sy vrou) en gebruik hy weer die manlike vorm vir sy vrou.

3.7.2 Kleurlinge

Die Kleurlinge gebruik sover ons kon vasstel, en volgens informante wat nou kontak met hulle het, ook die hy-vorm vir die vroulike geslag met verwysing na mekaar sowel as na die blankes. Net soos by die blankes word die hy-vorm nie sommer met verwysing na ouer en gerespekteerde persone gebesig nie (vergelyk 3.7.6.1).

'n Steekproef by ongeskooldes het die teenoorgestelde resultaat opgelewer. Dit word gestaaf deur die feit dat twee middeljarige Kleurlingvroue, onderskeidelik van Kimberley en Upington, die hy-vorm tydens verwysing na hul ma en ouma gebruik het, vergelyk:

*Hy het hier gebly, maar nou bly hy ver (verwysing na haar ma)
Ek gaan netnou na hom toe, want hy is siek (verwysing na haar ouma).*

Links 1983 : 167 staaf die feit wanneer hy sê dit kom baie frekwent in die taalgebruik van die Kleurlinge voor dat die manlike voornaamwoord heel dikwels die vroulike vorm verdring. Dié verskynsel het h_{am} in al sy respondente se taalgebruik geopenbaar soos blyk uit die volgende voorbeelde:

"My vrou is nie hier nie; hy is in Spoegrivier"

"Hy het my gesê 'Oom' toe ek by hom gekom het. Nou jy weet dis mos 'n kind man, Elias, ou George se dogtertjie, dogter. Eletjie, en hy's mos 'n jong kind. Hy's jonk, hy's jonk man, hy's jonk Meester"

"Ou Hendrik Smit se vrou. Dis mos 'n kind, 'n kind; maar wragtig, hy loop, net so. Toe sê ek hom : Jou naam is Kortkierie, want hy loop net so. Ek loop nog beter as hy"

"Toe had ek vir hom getrou, my vrou."

Links 1983 : 168 sê verder dit gebeur soms dat hierdie verbreking van die anaforiese ketting deur 'n hele gesprek volgehou kan word soos blyk uit die volgende stuk opgetekende gesprek:

"Toe het ek eers met die sinkding gesukkel dat hy daarin kom. Toe hy die Kaap vat wat hy deurgespring het, wat hy die werk gekry het op die "nurse job", toe het hy geskrywe hy wil n gebou het, hy wil nie"

(Ondervraer): "Is dit n seun"

(Respondent): "Is n dogter. Hy wil nie, hy kan nie as hy daarvandaan kom en hy kry "leave", kan hy nie soos my manier is, kom nie, kom huis werk en afbreek en maak." Toe het ek vir hom gesê: "As dit jou plan is, dan sal jy kom moet nou uitwys", en daarvandaan het hy sy geldjies so opmekaar gegooi, opmekaar gegooi, opmekaar gegooi en hy het afgevra, en hy het gekom met daardie geld"

n Interessante verskynsel is dat die anaforiese ketting dikwels behou word ten opsigte van vreemde vrouens, dit wil sê, vrouens wat nie van die gemeenskap is nie. Maar selfs hier is die gebruik verwarrend (vergelyk Links 1983 : 169). Hierdie verskynsel het hom volgens my ondersoek ook voorgedoen by blankes (vergelyk hf. 4). "n Respondent het dié gebruik van die voornaamwoord met verwysing na vreemde vrouens soos volg probeer verduidelik:

"Vir my wêreld se meisies sal ek sê hy, maar vir hom (= n onderwyseres wat nie van die gemeenskap is nie) sal ek sê sy want hy is n sy" (Links 1983 : 169).

n Feitlik identiese verduideliking het ook voorgekom by n respondent wat die hy-gebruik met verwysing na vreemde blanke vrouens probeer verduidelik het (Vergelyk hf. 4).

Onderhoude, vraelyste (vergelyk bylae D) het aan die lig gebring dat geskoolde Kleurlinge hoogs uitsonderlik in geskrewe taal die hy-vorm met verwysing na vroulike wesens gebruik, maar

die teendeel is dat die sy-vorm (vroulik) heel geredelik deur geskooldes gebruik word met verwysing na gemeenslagtige diere, abstrakta, versamelname en lewelose dinge (vergelyk tabel 1).

Volgens die informante is moontlike beweegredes vir die gebruik die volgende:

Engelse invloed : byvoorbeeld h skip is sy
Affek : byvoorbeeld blomme staan vir skoonheid
Oorlewering : byvoorbeeld h motor is sy.

By ongeletterde Kleurlinge is daar die teenoorgestelde respons en hulle verwys amper almal deur die bank na lewelose dinge as hy.

Met die inagneming van verskeie sosiale faktore is daar by die Kleurlinge, net soos by die blankes, binne dieselfde spraakgemeenskap tekens van 'n nie-standaard én 'n standaardpatroon; dus 'n subsisteem binne 'n sisteem.

By wyse van ondervraging en vraelyste (vergelyk bylae F) is vasgestel dat die omruiling van die geslag 'n soms bewuste en soms onbewuste aanleerproses is. Die mense wat só praat is dit eens dat die volgende 'n rol gespeel het by die aanleerproses:

- a) Die Moeder en Vader het so gepraat.
- b) Die kinderoppasser kon daartoe bygedra het.
- c) Party is getroud met mense wat so praat.
- d) Almal in die omgewing praat so.
- e) Speelmaats en lede van ander bevolkingsgroepe kan 'n invloed uitoefen. (So byvoorbeeld praat ons huishulp waarmee ons seuntjie, vier jaar, baie in aanraking kom van alle manlike wesens, ongeag ouderdom as sy: "Die man wat die huis wil koop was hier en sy sê sy kom later weer.")

Klopper 1981 : 275 sê by 'n beoordeling van die variante wat betref pronominale vorme daar basiese verskille bestaan tussen die vorm van die pronominale sisteem van Suid-Sotho en dié van Afrikaans. Van Eeden 1941, in Klopper 1981 : 276, wys daarop dat vir die gebruik van die eerste en tweede persoon daar nie demonstratiewe bestaan nie, maar vir die derde persoon daar 'n verskeidenheid vorme teenwoordig is - 'n verskeidenheid wat volgens hom kan bydra tot die verwarring tussen hy in plaas van sy en sy in plaas van hy. "By die Suid-Sotho is die voorkoms so onvas dat 'n graderingsreël nie daarvoor opgestel kan word nie. Vergelyk die volgende:

'Ek kry hy brand nog? (met betrekking tot huis)

Hy kan die mense kry, want hy gaan by die bushalte op Klerksdorp (bus)

Nou hy wag die son laat hy kan ondergaan (son)!" (Klopper 1981 : 277-278).

Dus, by swartes kom die voornaamwoordelike omruiling in Afrikaans sterker voor.

'n Feit waaroor al die informante dit eens is, is dat niemand hul geleer of gedwing het om so te praat nie. Die onderwyser (-es) het hul wel daarop gewys dat dit verkeerd is volgens Standaardafrikaans, maar dat hul nooit daarvoor getugtig is nie.

3.7.3 Die vroulike gebruik met verwysing na diere en leweloze dinge in die Noordweste

In die Namakwalandse streek, wat veral daarvoor bekend is dat die mense die manlike voornaamwoord vir vroulike wesens gebruik, het die volgende aan die lig gekom na aanleiding van onderhoude en vraelyste:

- a) Diere word nie vervroulik nie en daar word deurgaans na alle diere as hy verwys, byvoorbeeld:

Daar loop die hen met sy kuikens (die tendens, sover ons kan vasstel, kry ons nie in die ander dele van die land nie).

- b) As 'n besoeker in die Noordweste van 'n teef as sy (vroulik) praat, word die persoon met verbasing aangekyk.
- c) Die Namakwalanders gebruik, soos afgelei kan word uit onderhoude en vraelyste, deur die bank die manlike vorm vir lewelose dinge soos Moederaarde, 'n Lelie, die Aandster.
- d) As 'n persoon na 'n skip in die geweste as vroulik, sy, verwys, klink dit vreemd.
- e) Die vroulike gebruik vir die kerk en gemeente, soos in ander streke van die land, vind ook nie byval by die Namakwalander nie.

Ter staving van bogenoemde feite kan gemeld word dat geeneen van die informante in die Noordweste van die land na gemeenskaplike diere en lewelose dinge (vergelyk bylae D) as sy (vroulik) verwys het nie, terwyl ander informante in ander dele van die land telkens die vroulike vorm gebruik het (vergelyk tabel 1).

3.7.4 Gebruiksfrekwensie in Standaardafrikaans

Vervolgens word daar gekyk na die sogenaamde foutiewe omruiling van die voornaamwoord en word dit met verwysing na verskillende ouderdomsgroepe in verband gebring.

- a) Omruiling ten gunste van die manlike vorm is baie algemeen met verwysing na baie klein, voorskoolse en laerskooldogetertjies.

- b) By wyse van uitsondering (vleitaal) word daar ook na hoërskooldogters en vrouens met die manlike voornaamwoord verwys.
- c) Daar is egter 'n definitiewe afname in dié gebruiksfrekwensie namate vrouens se ouderdom toeneem.
- d) Slegs by 'n hoogs uitsonderlike geval (onkunde, ergerlikheid) sal 'n ou dame as hy aangespreek word.
- e) 'n Onderzoek by voorskoolse en graadstanderd kinders het getoon dat hul die geslag van persone heel geredelik omruil en waarskynlik as gevolg van hul gebrekkige taalkennis (vergelyk ook Jenkinson 1982 : 112-115).
- f) By wyse van 'n vraelys (vergelyk bylae E) is vasgestel dat laer- en hoërskoolkinders nie die hy-vorm met verwysing na die vroulike geslag gebruik nie omdat dit taalkundig as foutief uitgewys word.
- g) By naskoolse persone kom die omruiling geïsoleerd, maar onder alle ouderdomsgroepe, voor.
- h) Indien een lid van die gesin so praat, is dit geen uitgemaakte saak dat die res van die gesin so sal praat nie ; trouens die persoon word dikwels op die "foutiewe" gebruik gewys.

Die sogenaamde foutiewe omruiling sal, soos dit uit die navorsing blyk, eerder afgeleer as aangeleer word (vergelyk ook hf. 4 oor die uitsterfmoontlikheid).

Ter inligting kan net genoem word, dat wanneer 'n steekproef met 'n groep informante gedoen is, die respondente uit ewe veel manlike en vroulike wesens bestaan het.

3.7.5 Lokaliteit

Gesprekke, opnames, vraelyste ensovoorts het aan die 'lig gebring dat die omruiling van geslag by voornaamwoorde 'n wyd-verspreide tendens is en dat daar dus nie van 'n presiese afbakeningsgebied sprake is nie. In die grootste deel van die lank kom die omruilingsverskynsel geïsoleerd voor, maar by die volgende plekke en streke is die omgekeerde gebruik teenoor vrouens 'n algemene verskynsel, en soos uit die navorsing bewys is, veral by volwasse persone:

- a) In Suidwes-Afrika.
- b) Die Suidwestelike dele van die land.
- c) Veral in die Noordweste van die land byname: Brandvlei, Bitterfontein, Soebatsfontein, Kleinsee, Springbok, Upington, Kuruman, Vryburg, Nababeep, Barkley-Wes ensovoorts.

Die omruilingsgebruik van die voornaamwoorde is nie gelokalisêr nie, maar kom voor op plase, dorpe, stede en streke.

3.7.6 Voorbeelde en moontlike redes vir die gebruik van HY met verwysing na die vrou deur standaard en nie-standaardsprekers in spreek- en streektaal

3.7.6.1 Respek

Die verwisseling van geslagte kom baie selde voor wanneer verwys word na ouer persone aangesien hier eerbied en respek ter sprake is, byvoorbeeld in die geval van verwysing na Oupa, Ouma, Oom en Tannie byvoorbeeld: *Ons kan nie vir Oumatjie aan haar lot oorlaat nie.*

Daar is egter uitsonderings soos in die volgende gevalle:

- a) As 'n persoon nie van beter weet nie kan na 'n Ouma as hy verwys word, veral by anderskleuriges:

My ouma bly daar anderkant, Hy is siek en ek gaan vir hom kuier.

- b) Die gebruik van die HY-vorm teenoor ouer dames kan in die geval van ergerlikheid by die blankes voorkom, vergelyk:

As tant Sarie jou regtig vies maak, kan die volgende sin gebesig word:

Kan hy tog nie net een dag ophou neul nie?

- c) Waar die vrou manlike handeling verrig, byvoorbeeld 'n vragmotor bestuur, maar die tipe geslagwisseling is nie baie algemeen nie, vergelyk:

Jy kan nie met Miemy's kers vashou nie, want hy bestuur die vragmotor beter as 'n man.

3.7.6.2 Woede

'n Huisvrou het van haar huishulp as hy gepraat nadat sy 'n duursame gebruiksartikel laat val het, vergelyk:

Die bediende het die koppie laat val, want hy is mos heeldag aan die slaap.

3.7.6.3 Vleitaal (Toegeneentheid)

'n Verdere rede vir die geslagsomruiling kry ons by vleitaal.

- a) 'n Ma het dit aan haar kind, 'n dogter in standerd vier, gesê toe sy haar in 'n nuwe rok gesien het.

Lyk hy dan nie vir jou pragtig nie.

- b) 'n Boodskap oor die radio het soos volg gelui:

Baie geluk met ons dogtertjie se vierde verjaarsdag en ons is trots op hom, want hy word nou regtig baie oulik (Bloemfontein).

- c) 'n Man aan sy vrou voor hul uitgaan die aand:

Kyk hoe mooi lyk hy vanaand.

Tweedens, die geval waar 'n bybedoeling betrokke is en daar fyn gespog word deur dit met nederigheid te verbloem, byvoorbeeld:

Ons dogter het vanjaar net vyf onderskeidings behaal, maar ons is nogtans trots op hom.

Jong en dan is Rina darem nie vir jou hiermaar oulik nie, hy het sy pryse gekry toe hy aan 'n naaldwerkcompetisie deelgeneem het.

Derdens, waar daar goedig gespot kan word byvoorbeeld:

Ou Sanna lyk darem vir jou spoggerig in sy nuwe rok.

'n Bybedoeling skyn dus 'n vereiste te wees, sowel as die streek. So het 'n informant na aanleiding van bogenoemde sin in Upington gesê: "Vandag sal ek haar gebruik, maar as ek in Namakwaland is, sal ek sy (manlik) gebruik."

Die spreker beheers dus die standaardpatroon asook die nie-standaardpatroon. Hy is intelligent genoeg om van die een sisteem oor te slaan na die ander.

3.7.6.4 Teenwoordigheid

Wanneer word die vrou die maklikste as hy aangespreek? Wanneer sy aanwesig of afwesig is? Uit die navorsing wil dit voorkom of daar makliker 'n negatiewe stelling met verwysing na 'n vrou gemaak sal word in haar afwesigheid, byvoorbeeld wanneer sy beskinder word:

Plaas ou Martha eerder sy huis aan die kant maak as om so op die foon te lê en afluister.

In teenstelling hiermee word die vrou in haar teenwoordigheid eerder geprys as afgekraak.

Die Francis, hy is darem 'n staatsmaker.

Indien iets met verwysing na iemand gesê word in 'n woedebui kan die omgekeerde plaasvind, want dan speel bogenoemde faktore geen rol nie en laat die persoon hom lei deur sy emosie.

3.7.6.5 Liefdevolle, versagtende optrede

Besonder opvallend is dat die hy-vorm veral met verwysing na babadogters, voorskoolse en laerskoolkinders gebruik word, hoewel dit soms by hoërskooldogters aangetref word.

In die meeste gevalle is die persone, en die geval vrouens teenoor kleinere kinders, nie bewus van die gebruik nie. 'n Aspek wat baie gewig dra, is dat dit as 'n versagtende vorm gebruik word en dan veral as 'n troetelnaam.

Die volgende voorbeelde met verwysing na babadogtertjies is in Bloemfontein opgeteken:

Hy raak nou darem oulik en woelig
n Mens raak so lief vir hom
Waar sal hy nou wees?
Siestog, hy probeer sy skoene aantrek
Ag nee, moenie hom pla nie.

Wanneer dié onskuld n oortreding begaan, word die stem verhef, maar die aanspreekvorm bly dieselfde. Weer n geval van liefde, broosheid en grootte wat bepalend is. Die volgende is opgeteken:

Die babadogter het n duursame artikel gebreek maar Oupa en Ouma se kommentaar was: *Ons kan darem nie vir Marietjie straf nie, want hy is nog baie klein.*

Dus, in die geval van beide ontevredenheid en liefdevolheid word hy nog steeds gebruik.

Volgens verskeie informante in die Noordweste van die land word groter dogters en vrouens makliker as in ander streke as hy aangespreek wanneer hul nie in die geselskap teenwoordig is nie, byvoorbeeld: *Hy is netnou netjies uitgevat hier weg* (teenoor n vrou) terwyl kleiner kinders en babadogtertjies deurgaans as hy aangespreek word en veral wanneer hulle teenwoordig is byvoorbeeld: *Kyk net hoe pragtig lyk hy in die dooprokkie.*

3.7.6.6 Koppigheid

In beide gevalle hier is daar assosiasie met koppigheid wat oorwegend n manlike eienskap is en in laasgenoemde geval is die spreker se gemoedstoestand bepalend vir die ongewone gebruik, veral teenoor ouer mense, vgl.:

Cathy is hardkoppig en speel net wanneer hy geïnspireerd is.

My ma moet ouetehuis toe, maar hy is so koppig dat hy nooit sal gaan nie.

3.7.6.7. Neerhalende gebruik

Daar is gevalle waar 'n toestand van ergerlikheid kan aanleiding gee tot sekere gebruike wat normaalweg nie eie aan persone se woordeskat is nie soos in die volgende gevalle:

- a) Die hy kan neerhalend gebruik word teenoor 'n meisie wat baie voor op die wa is:

(*Ek hou niks van Susan nie, hy hou hom darem te slim.*

3.7.6.8 Manlike handeling

Dit gebeur ook dat 'n vrou as 'n man aangespreek word, sodra sy iets doen wat mans gewoonlik doen:

Die Aneen, hy is darem ook 'n ander een om 'n vragmotor te bestuur.

Santie het hul motor se enjin al uitgehaal en nou wil hy dit weer doen.

3.7.6.9 Selfstandigheid

As 'n meisie/vrou baie selfstandig en onafhanklik is byvoorbeeld:

Die Betsie is darem 'n ander mens, vir hom kan jy ook niks leer nie.

Hy hou hom mos te slim en dink hy kan my met dambord wen, sê Johannes.

3.7.6.10 Teleurstelling

In teenstelling met die geval wanneer 'n persoon gevlei word en sy dan as hy aangespreek word, kom die teenoorgestelde voor wanneer die vroulike persoon berispe moet word.

- a) Die dogter se swak rapport word bespreek en die kommentaar daarop is: Sy sal nooit vanjaar deurkom nie, waar daar in die geval van vleitaal veel makliker gesê sou word: Hy het darem uitstehende werk gelewer die jaar.

3.7.6.11 Elegansie en tydsaspek

Veral hier behoort die kontrasterende gebruik van hy soveel groter te wees. Die dame lyk baie elegant in die pragtige aandrok, maar ten spyte hiervan word gesê:

Maggies, maar hy lyk darem mooi vanaand.

Wat is die beweegrede? Waarskynlik dat:

- a) Vleitaal 'n groter mate van genoegdoening verskaf.
- b) In die teenwoordigheid van mense voel die persoon dat die vleiwoorde enersyds van hom af kom, maar andersyds en terselfdertyd daar ook namens almal gespreek word.

3.7.6.12 Simpatieke meegevoel

Veral teenoor laerskooldogtertjies wanneer hulle onbeholpe voorkom in die beoefening van 'n sportaktiwiteit.

"Hy probeer tog so om die bal te vang, maar ai, hy het geen koördinasie nie. Ek kry hom so jammer, want hy probeer darem so hard" (gesê deur 'n onderwyseres in Bloemfontein).¹

'n Informant in Upington het die voorkeur vir hy met verwysing na die vroulike geslag so opgesom! "Die hy-gebruik kom meer uit die hart, dit dra meer gevoel oor, 'n mens bereik meer daarmee en helaas daar is 'n gevoel van lekkerkry aan verbonde."

3.8 Die gebruik van die vroulike SY met verwysing na die man

Net so algemeen as wat die manlike vorm vir vroulike wesens gebruik word, net so seldsaam is die omgekeerde.

Die seldsaamheid gaan ook gepaard met uitsonderings en miskien die grootste uitsondering is dat daar nooit prysenswaardig na die man met die vroulike vorm van die voornaamwoord verwys word nie. Alle voorkoms gaan gepaard met negatiewe aanmatig-hede, waarby veral affek betrokke is.

3.8.1 Doelbewuste vernedering

a) Met verwysing na 'n spanmaat gedurende 'n rugbywedstryd:

Ag, kan sy tog nie die bal vang nie.

b) Met verwysing na 'n manlike persoon wat nie meer wil mee-doen aan 'n aktiwiteit nie:

Siestog, haar voetjies is seer.

1. Behalwe by die voorbeelde waar die plek van herkoms vermeld word kom die res van die voorbeelde uit die Noordweste, veral Namakwaland.

- c) Gaan sy nie meer saam nie? (teenoor 'n man) (Opgeteken te Kakamas, Springbok en Kleinsee).

3.8.2 Goedige waarskuwing

Sy sal moet kyk die motor se bande is pap en sy ry sowaar met die motor terwyl sy nog nie 'n lisensie het nie. (Gesê deur 'n man tussen 40-45 van 'n seun wat motor bestuur, in die Noordweste).

3.8.3 Gegriefdheid

3.8.3.1 Oor Selfbejammering

As die persoon die hele dag kla, homself bejammer, sal hy deur sy vervang word.

Ag, kan sy tog nie end kry met die klaery nie.

3.8.3.2 Oor Verfyndheid

- a) As 'n manlike persoon verfynd is en vrouagtig optree kan daar gesê word.

Die Kolie is darem fyntjies in haar doen en late.

- b) Dikwels met verwysing na homoseksuele mans wat baie vroulik is.

3.8.4 Terg

'n Persoon wat telkens verskonings aanbied om sodoende kwytskeld te word van 'n aktiwiteit leen hom tot vroulike assosiasie:

*Hoekom kan sy nie vandag saamspeel nie?
Wil haar vroultjie nie hē dat sy moet gaan nie?*²

3.8.5 Frustrerende moedeloosheid

Tydens 'n gholfspel in Bloemfontein het 'n onbekende persoon tot vervelens toe al 'n oponthoud veroorsaak deurdat hy so teen 'n slakkepas speel. Nadat hy weer 'n keer gesondig het, het die een spanmaat vir die ander gevra: *Waar sal die man nou wees?* waarop die mede-speler baie moedeloos-frustrerend antwoord. *Daar staan sy tussen die bome.*

'n Geval van 'n situasionele opset wat tot die uiting gelei het aangesien dit nie 'n kenmerkende gebruik van die persoon is nie.

3.8.6 Leedvermakerigheid

Snobistiese optrede gee ook aanleiding tot die gebruik waar een persoon 'n ander laat verstaan dat dit nie binne sy vermoë is om hom die onderspit te laat delf nie, byvoorbeeld:

Sy moet oppas anders boul ek haar nou uit. (Opgeteken te Bloemfontein)

Die navorsing het getoon dat babadogtertjies baie maklik as hy aangespreek word, maar die teendeel, naamlik dat klein seuntjies as sy (vroulik) aangespreek word, gebeur nooit.

3.9 Samevatting

Die omgekeerde gebruik van die voornaamwoord is nie streekgebonde

2) Voorbeelde soos in 3.8.3 - 3.8.4 is as 'n wydverspreide tendens waargeneem.

nie, aangesien die omruiling hom dwarsdeur die land in die spreek- en streektaal voordoën. Ongeag die wydverspreide gebruikstendens is daar tog streke, groepe en sosiale lae waar die wisselende verskynsel meer frekvent gebruik word. Dit is kenmerkend van die inwoners van die Noordweste van die land, en dan veral die Namakwalanders.

- 4. Sintese
- 4.1 Sosiale lae
- 4.2 Nie-standaardtaalvorme
- 4.3 Standaardafrikaans teenoor nie-Standaardafrikaans
- 4.4 Aanvaarbaarheid van die onreëlmatige gebruik
- 4.5 Nie-standaardreëls?
- 4.6 Standaardisering
- 4.7 Grammatikareël of stylmiddel?
- 4.8 Manlike en vroulike voornaamwoordmededinging

4. Sintese

Ten slotte word aandag gegee aan die voorkoms van die wisseling van die bespreekte voornaamwoorde in soverre dit gemanifesteer word in sosiale lae; die beheer wat verskillende groepe het ten opsigte van die wisseling; die moontlikheid van standaardisering; die moontlike oorsprong van die verskynsel van onreëlmatige voornaamwoordgebruik en die aanvaarding van en/of teenkanting teen die "foutiewe" gebruik.

4.1 Sosiale lae

"Die verband tussen taal en ander vorme van sosiale gedrag het egter al duideliker begin word en daarom word al meer teruggekeer na die studie van taal in gebruik. Taal is maar net een vorm van sosiale gedrag, en min mense sou dit kan regkry om hulle lewens deur net met hulleself te praat" (Du Plessis 1983 : 45).

- a) Die navorsing het aan die lig gebring dat hoe hoër in die opvoedingshiërargie opbeweeg word hoe groter die bewuste proses van wisselende voornaamwoordgebruik by standaard-sprekers is.
- b) Aan die anderkant was dit opvallend hoe min Standaardafrikaanssprekers kennis gedra het van die basisreël in Afrikaans waarvolgens Afrikaanse manlike en vroulike voornaamwoorde hoofsaaklik bepaal word deur die natuurlike geslag van die referente en dat hy met verwysing na onsydige entiteite gebruik word.
- c) By Swart Afrikaanssprekers is die voornaamwoordelike wisseling nog groter, hoofsaaklik vanweë die feit dat hulle taal

nie 'n voornaamwoordsisteem het wat geslagaanduidend is nie en omdat hul nie kennis dra van die genoemde basisreël in Afrikaans nie.¹

- d) Opgradering by Kleurlingsprekers is bepalend ten opsigte van 'n voorkeur vir die manlike en vroulike voornaamwoord. Hoe meer geskoolde die informante was, hoe korrekter is die Standaardafrikaanse voornaamwoordsisteem toegepas met verwysing na vroulike menslike referente, gemeenslagtige diere en onsydige entiteite. Sodra die nie-standaardspreekers opgradeer as gevolg van die stigmatisering van die oormatige gebruik van hy, probeer hulle so na as moontlik aan die gebruik in Standaardafrikaans kom.

4.2 Nie-standaardtaalvorme

Dit is duidelik dat 'n moedertaalspreker verskeie aanpassings aan sy moedertaal kan maak. Een van die belangrike faktore wat die aanpassings beheers is die aanpassings by die aangesprokene (vergelyk Van Rensburg 1983 : 16).

Van Wyk 1983 : 162 sê dit is volstrek 'n algemene en dwingende beginsel dat 'n spreker sy taalgebruik op die gespreksituasie moet afstem. 'n Groot verskeidenheid van faktore wat op die een of ander wyse op die gespreksituasie betrekking het, beïnvloed sy woordkeuse, die interpretasie van sy taaluitings, die sintaktiese strukture wat hy kies en selfs sy uitspraak. Die belangrikste faktore wat by die aanpassingsbeginsels werksaam is, staan egter in verband met die aangesprokene.

Du Plessis 1983 : 52 sê selfs waar ... "n spreker 'n besondere variasie van 'n taal gebruik, kom sekere sistematiese veranderlikes voor en hierdie wisseling in die spreker se linguïstiese

1. Ook as gevolg van moontlike moedertaalinterferensie en ander redes waarop daar nie hier ingegaan word nie.

kode hou verband met wisseling in sosiale omstandighede, soos byvoorbeeld die gespreksgenoot, die gespreksonderwerp of die mate waarin die spreker by die hoorder indruk wil skep."

By die inwoners van die Noordweste waar die wisseling van die voornaamwoord baie algemeen voorkom, sowel as ander lede van die land waar die geslagomruiling meer sporadies voorkom, was die volgende opvallend:

- a) Die Namakwalanders en ander inwoners van die Noordweste is wat die wisselende voornaamwoordgebruik betref meer-moedertalig, met ander woorde, die standaardspreker kan die nie-standaardvorm beheersd gebruik en kan dus sy taal aanpas by omstandighede terwyl die nie-standaardspreker dit nie kan doen nie.

’n Informant in Upington het die meer-moedertaligheid begrip onbewus soos volg opgesom:

"Vir my wêreld se vrouens sal ek sê sy, maar wanneer ek by my broer in Namakwaland is, val ek lekker terug in die Namakwalandse spreekstyl, en dan sal ek vir haar sê hy."

- b) Die beheersdheid van die onreëlmatige gebruik veroorsaak dan dat die inwoners van die Noordweste die hy-vorm met verwysing na klein dogtertjies, skoolgaande dogters en vrouens gebruik terwyl die persone in ander dele van die land, by wie die wisselende voornaamwoordgebruik opgemerk is, die hy-vorm net met verwysing na klein dogtertjies gebruik.
- c) Die navorsing dui daarop dat die sprekers van die Noordweste meer konstant ’n nie-standaardvorm gebruik en dat die geslagomruiling by die Namakwalanders ’n baie meer bewuste proses is in teenstelling met die taalgebruikers in die

res van die land waar 'n groot persentasie nie bewus is van die wisseling in hul taalgebruik nie.

Die identifiserende wisselende sisteem by Namakwalanders is soos volg deur 'n informant in Upington uitgespel:

"Dit raak so 'n "lekker" ingeburgerde aanspreekvorm, dat, as daar 'n besoeker kom en hy praat van sy (vroulik), waar die Namakwalander hy sou gebruik, word dit dadelik aangevoel dat die persoon uit 'n ander streek afkomstig is."

4.3 Standaardafrikaans teenoor nie-Standaardafrikaans

- a) Die onreëlmatige voornaamwoordgebruik kom geïsoleerd binne dieselfde gesin, familie, streek, provinsie en onder alle ouderdomsgroepe voor.
- b) Die Swart-, Kleurling- en Griekwa-Afrikaans het 'n sterk invloed op die HY-gebruik. Die navorsing het bewys dat die groepe, veral die minder geskooldes, hy met verwysing na vroulike wesens en lewelose entiteite redelik frekvent gebruik. Dié invloed geld veral vir die gesproke taal, aangesien geen afwykings in teksverband opgeteken is nie.
- c) In nie-Standaardafrikaans word die patroon van hy met verwysing na nie-lewende referente beter toegepas as in Standaardafrikaans. In Standaardafrikaans kom sy meer voor.
- d) Vir menslike referente word die patroon van sy met verwysing na vrouens meer frekvent toegepas in Standaard- as in nie-Standaardafrikaans. Dis veral hier waar hy 'n groter gebied bestryk in nie-Standaardafrikaans as in Standaardafrikaans.

- Standaardafrikaans : HY/SY (By uitsondering hy in plaas van sy)
- Nie-Standaardafrikaans : HY (baie minder sy, en sy in plaas van hy, dit wil sê baie meer hy in plaas van sy).

- e) Die onreëlmatige gebruik van hy met verwysing na vrouens, vroulike diere en gemeenslagtige diere by die nie-standaardsprekers kom min of meer ewe sterk voor onder Griekwas, Kleurlinge en stem ooreen met die Namakwalandse gebruik van hy.

4.4 Aanvaarbaarheid van die onreëlmatige gebruik

Daar bestaan uiteenlopende menings oor die hinderlikheid van die onreëlmatige voornaamwoordgebruik. Die volgende menings is opgeteken:

- a) Vir persone wat nie daarmee tuis is nie is die hy-verwysing na die vroulike geslag baie verwarrend.
- b) Vir baie is die hy-gebruik met verwysing na dogters en vrouens 'n onverklaarde interessantheid.
- c) Wanneer hy liefdevol en met vertroeteling na dogters en vrouens verwys is dit nie hinderlik nie.
- d) Die hy-gebruik met verwysing na die vroulike geslag is hinderlik wanneer nie-standaardsprekers dit oordoen.
- e) 'n Mens raak later so gekondisioneer dat dit by jou verbygaan (Mev. Carstens van Bloemfontein wat met 'n Namakwalander getroud is).

- f) Vir die mense van die Namakwalandse streek is die wisselende gebruik meer aanvaarbaar as vir ander.
- g) Daar is egter diegene wat nie by die hy-gebruik met verwysing na dogters en vrouens kan berus nie en persone se aandag gedurig op die "foutiewe" gebruik vestig.

Miskien net die staaltjie om te bewys dat die wisselende gebruik identifiserend is, maar soms ook stigmatiserend: Mense wat groot vriende is, maar lanklaas bymekaar gekuier het, het weer die vriendskapsbande verstewig. Persoon A, wat twee dogters het en oorspronklik van Namakwaland is, het na een van persoon B en na sy eie dogter aanhoudend met hy verwys. Persoon B het later aangedaan gevoel, en geantwoord: "Hou tog op om gedurig hy vir die dogters te sê. Ek weet dat jy bitter graag 'n seun wil hê!" (Vertel deur mev. Carstens van Bloemfontein).

4.5 Nie-standaardreëls?

- a) Die hy-verwysing na ou dames is nie gebruik by standaard en nie-standaardsprekers nie.
- b) Slegs faktore soos ongeletterdheid en Engelse invloed (Engels verwys maklik met he en she) kan veroorsaak dat hy gebruik word wanneer na ou dames verwys word.
- c) Die gerespekteerde tendens is by alle groepe aangetref en is dus 'n ongeskrewe sosiale verwysingsnorm.
- d) Die onreëlmatige gebruik van hy met verwysing na dogtertjies, dogters en vrouens is baie positief affekties ge-laai, slegs by uitsondering (bv. berispending) negatief.

- e) Die gebruik van sy (vroulik) met verwysing na mans word uitsonderlik en dan met 'n negatiewe konnotasie gebruik.

4.6 Standaardisering

- a) Hy se gebied is na my mening besig om te krimp as gevolg van:
- (i) onderwys;
 - (ii) kultuurbewustheid;
 - (iii) die huidige geslag wat daardeur gestigmatiseer word en daarom al hoe minder so praat; en
 - (iv) geletterdheid.
- b) Vroeër was die wisselende gebruik baie sterker, maar as gevolg van genoemde faktore tree daar standaardisering en taalverandering in (vergelyk bv. opgradering by geletterde Kleurlinge).
- c) Algehele taalverandering is nie moontlik nie aangesien die verskynsel sal bly voortleef in nie-Standaardafrikaans en in die volksmond wanneer die uiting affekties gelaai is.

4.7 Grammatikareël of stylmiddel?

In aansluiting by Scholtz 1966 : 118 ten slotte die bespiegeling of die vervangende voornaamwoordgebruik 'n grammatiese of stilistiese proses is.

Deur die keuse van die voornaamwoord karakteriseer en klassifiseer die Afrikaanssprekende vrylik die sake waarna hy verwys. Sy gebruik is afhanklik van hoe hy die saak sien, van sy gevoel ten opsigte van die saak; dit is nie iets konstants nie, nie

eens by dieselfde spreker of skrywer nie; dit kan wissel soos die situasie verander.

Elke taalgebruiker het sy eie kenmerkende styl en intuïtiewe openbaring. 'n Skrywer en spreker se styl kan met die verloop van tyd verander soos sy selfvertroue en ervaring toeneem; of hy kan dit ook wysig na gelang van sy behoefte bepaling.

Alles hang dus af van

- a) die houding van die taalgebruiker teenoor die saak wat hy noem;
- b) sy voorstelling van die saak;
- c) die gaping tussen sy spreek- en skryftaal en die van ander gebruikers;
- d) die opgewektheid waarmee gepraat word;
- e) die gevoelswaarde van die taaluiting;
- f) die gebruik van die verskillende voornaamwoorde is by die taalgebruiker betekenisvol en in sy styl as geheel behoorlik geïntegreer.

4.8 Manlike en vroulike voornaamwoordmededinging

Die bevindings van die ondersoek kan ten slotte so saamgevat word: daar bestaan wel mededinging tussen die manlike en vroulike voornaamwoord in Afrikaans. Hy is sterker aanwesig in nie-Standaard as in Standaardafrikaans en sy is sterker aanwesig in Standaard- as in nie-Standaardafrikaans. Die mededinging tussen die manlike en vroulike voornaamwoorde reflekteer steeds die mindere posisie van die vrou in die Afrikaanse samelewing. Toenemende beïnvloeding van die standaardpatroon as gevolg van opvoeding en massakommunikasiemedie sal waarskynlik die groot wisseling mettertyd verminder, maar die funksionele en kleurvolle wisselings nooit uitskakel nie.

BIBLIOGRAFIE

- Allerton, D.J.
1979 Essentials of Grammatical Theory : A Consensus View of Syntax and Morfology. Routledge and Kegan Paul.
- Antonissen, R.
s.j. Digkuns van die Nederlande 1100 - 1970. Universiteituitgewers en -Boekhandelaars.
- Banders, A.
1977 Groups at Work. In Veach (red.).
- Bodine, A.
s.j. Androcentrism in Prescriptive Grammar. In Thorne & Henley (reds.) : 211-212.
- Bosman, D.B.
1923 Oor die ontstaan van Afrikaans. Swets & Zietlinger
- Botha, T.J.R., J.G.H. Combrink & F.F. Odendal (reds.)
1984 Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Academica.
- Brend, R.M.
1972 Male-Female Intonation Patterns in American English In Thorne & Henley (reds.).
- Brouwer, D., M. Gerritson, D. de Haan & A. van der Post (reds.)
1979 Vrouwentaal en mannenpraat. Verschillen in taalgebruik en taalgedrag in relatie tot de maatschappelijke rolverdeling. Van Genneep.
- Claassen, G.N. & M.C.J. van Rensburg (reds.)
1983 Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Academica.
- Densome, D.
s.j. In Hook (red.).
- Diebold, A.R.
1964 Incipient Bilingualism. In Thorne & Henley (reds.).

- Donaldson, B.C.
1925 Dutch Reference Grammar. Martinus Nijhoff.
- Du Plessis, H.G.W.
1983 Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. In Claassen & Van Rensburg (reds.).
- Du Plessis, H.G.W.
1984 Die Sintaksis van Griekwa-Afrikaans. RGN-verslag.
- Faust, J.
1970 Words that Oppress. In Thorne & Henley (reds.).
- Fischer, J.L.
1958 Social Influences on the Choice of a Linguistic Variant. In Thorne & Henley (reds.).
- Graham, A.
1973 The making of a nonsexist Dictionary. In Thorne & Henley (reds.).
- Grove, A.P. & J.L. Steyn (reds.)
s.j. Keur uit die Nederlandse Poësie. Nasou Beperk.
- Hennessee, J. & J. Nicholson
1972 Now Says : TV Commercials Insult Woman. In Thorne & Henley (reds.).
- Hook, D.D.
1974 Sexism in English Pronouns and Forms of Address. In General Linguistics, Vol. 14, No. 2.
- Jenkinson, A.G.
1982 As ek jy is en jy is hy, wie's ons? In Van Jaarsveld (red.) : 101-119.
- Kempen, W.
s.j. Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans. Nasionale Boekhandel Beperk.

- Klopper, A.H.
1981 Die stand van Afrikaans onder die Suid-Sotho in die R.S.A. : 'n Sosiolinguistiese ondersoek. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Kok, B.
1942 Die vergelyking in die Afrikaanse Volkstaal. J.L. van Schaik Beperk.
- Kramer, C.
1974 Folklinguistics. In Thorne & Henley (reds.).
- Kritzinger, M.S.B., A.M.M. de Villiers & E.J. Pienaar (reds.)
1957 Afrikaanse Spreekwoorde, Gesegdes, ens. J.L. van Schaik Beperk.
- Labov, W.
1972 Sociolinguistic Patterns. Basil Blackwell.
- Lakoff, R.
1973 Language and Woman's Place. In Thorne & Henley (reds.).
- Lee, D.R.
1974 Spatial setting of advertisements : some sexist observations. In Thorne & Henley (reds.).
- Le Roux, J.J.
1921 Handleiding in Het Afrikaans. S.L. van Looy.
- Le Roux, J.J.
1923 Oor die Afrikaanse Sintaksis. Swets & Zietlinger.
- Le Roux, J.J. & C.J. Nienaber
1956 So sê ons in Afrikaans. J.L. van Schaik Beperk.
- Links, L.T.
1983 Die Afrikaans van Kharkams. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland.

- Malherbe, D.F.
1975 Afrikaanse Verse. Tafelberg.
- Nienaber, G.
1949 Oor Afrikaans. Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Nilsen, A.P.
1973 The Correlation Between Gender and Other Semantic Features in American English. In Thorne & Henley (reds.).
- Pheiffer, R.H.
1980 Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die 18de eeu. Academica.
- Ponelis, F.A.
1979 Afrikaanse Sintaksis. J.L. van Schaik.
- Ponelis, F.A.
1984 Afrikaans binne Germaanse verband. In Botha, Combrink & Odendal (reds.) : 11-12.
- Rademeyer, J.H.
1938 Kleurling-Afrikaans Die Taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters. N.V. Swets & Zietlinger.
- Raidt, E.H.
s.j. Afrikaans en sy Europese Verlede. Nasou Beperk.
- Rossouw, P.J., M.A. du Toit, I.J. Louw & M.L. Jurgens
1970 Die Lewende Taal. Juta & Kie Beperk.
- Schneider, J.W. & S.L. Hacker
1973 Sex Role Imagery and the Use of the Generic 'Man', In Thorne & Henley (reds.).
- Scholtz, J. du P.
1966 Smal Swaard en Blink. Bundel aangebied aan N.P. van Wyk Louw by geleentheid van sy 60ste verjaarsdag. Academica.

- Scholtz, J. du P.
1980 Wording en Ontwikkeling van Afrikaans. Tafelberg
- Schrassert, J.
1963 Consultation, advyzen ende advertisementen.
In Steyn (reds.).
- Schulz, M.R.
1975 The Semantic Derogation of Woman. In Thorne &
Henley (reds.) : 65-66.
- Steyn, L.C. (red.)
1963 Die Uitleg van Wette. Juta & Kie Beperk.
- Thorne, B. & N. Henley
1975 Language and Sex. Difference and Dominance.
Newbury House Publishers.
- Truter, L.D. & A.J. van der Merwe
1982 Stilleesoefeninge vir Begripspoed. Nasou Beperk.
- Van den Toorn, M.C.
1977 Nederlandse Grammatica. Walters-Noordhoff
Groningen.
- Van der Merwe, C.P. & W. Kempen
1958 Afrikaans as Eerste taal. Nasionale Boekhandel
Beperk.
- Van Eeden, B.I.C.
1941 Inleiding tot die studie van die Suid-Sotho. In
Klopper (red.).
- Van Jaarsveld, G.J., L.P. van Eeden & A.G. Jenkinson
1979 Afrikaanse Taalkunde: Studiegids vir eerstejaars.
P.J. de Villiers.
- Van Jaarsveld, G.J. (red.)
1982 Wat sê jy? Studies oor Taalhandelinge in Afri-
kaans. McGraw-Hill.

- Van Oostrum, O.
1925 De Bussy se Afrikaanse Spraakkuns.
J.H. de Bussy.
- Van Wyk, E.B.
1983 Gepidginiseerde Afrikaans. In Claassen &
Van Rensburg (reds.);
- Veach, S.R. (red.)
1979 Sex Differences in Language Use Attitudes
.... Acquisition. In Woman and Language News, Vol.
V, No. 1.
- Voet, J.
1963 Commentarius ad Pandectas. In Steyn (red.).
- Von Wielligh, G.R.
1925 Ons Geselstaal. J.L. van Schaik Beperk.

WOORDEBOEKE

- HAT : Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.
1973 F.F. Odendal (Hoofredakteur). Perskor.
- WAT : Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Vierde Deel. H - I.
1961 P.C. Schoonees (Hoofredakteur). Die Staatsdrukker.

BERIGTE EN ARTIKELS UIT DIE VOLGENDE KOERANTE

- Die Burger : 09/05/84
Die Volksblad : 09/07/83
Die Volksblad : 23/05/84
Rapport : 29/04/84

PRAATJIES OOR DIE RADIO EN TELEVISIE

'Joachim Verwey' 1982.

'Uit en Tuis' 12/05/83.

Vrouerubriek. 'Vroueseminaar in die Kaap' 21/07/83.

'Man-vrou bedeling' 22/08/1983.

Kleinteater: 'Gee mekaar die regterhand' M. Breedt 01/09/83.

BYLAES

BYLAE A

Sinne met substantiewe wat manlik of vroulik gekwalifiseerd is:

- * (M) = manlik
* (V) = vroulik

1. Meneer Nel het baie geld (M)
2. Gert vertel sy maats hoe hy sakgeld verdien het (M)
3. Die spreker moet hard praat, want die saal is taamlik groot (M)
4. Sannie wil nie glo dat die skaal akkuraat is nie (V)
5. Ons ryk buurman beweer dat hy die beste melkkoeie het (M)
6. Rooi-Piet sit en slaap elke Maandagmôre in die klas (M)
7. Mammie het vir Ina gevra of sy die tafel sou dek (V)
8. Opgewonde skree die seuns dat hulle gewen het (M)
9. Die plaasjapie wou nie in die stad begrawe wees nie (M)
10. Die vroutjie het my dit meegedeel (V)
11. Die klerk het vir die bestuurder verlof gevra (M)
12. Moeder het ons verbied om met klippe te gooi (V)
13. Jan het die onderwyser gevra of hy sy boek mag leen (M)
14. Die bakker het die suurdeeg vergeet (M)
15. Mitzi is baie populêr onder haar maats (V)
16. Bennie weet nie hoe om te melk nie (M)
17. Tinus ken nie die verkeersreëls nie (M)
18. Sy suster sal nog 'n vername swemster word (V)
19. Mammie eet nie graag styselkos nie (V)
20. A.G. Visser se naam is alombekend (M)
21. Die arm vrou was en stryk self haar klere (V)
22. Marie ondergaan 'n operasie (V)
23. Prof. Nel beskryf ons dorp se geskiedenis in sy boek (M)
24. Dr. Venter lees die praatjie voor in sy rubliek "Goggas" (M)
25. Oupa word vinnig grys (M)

26. Die bedelaar vra vir die dame 'n naald en garing (M)
27. Die sieke roep die verpleegster net as hy iets nodig het (M)
28. Ek en my broer moes met allerlei werkies help (M)
29. Ou Wagter is dood. 'n Slang het hom gepik (M)
30. Sarel kan amper nie loop nie. Hy is so vet (M)
31. Die bye het my boetie lelik toegetakel (M)
32. Petrus se pa het hom gelooi (M)
33. Servaas is vandag afwesig (M)
34. Ons tennisafrigter is 'n puik speler (M)
35. Dr. Smit is my swaer (M)
36. Piet was vies vir my (M)
37. Bepie het geslaag, want sy het fluks gewerk (V)
38. Die klasmaats het vir Annie geterg (V)
39. Die huisvader het 'n paar seuns betrap (M)
40. Opgewonde het die gehoor die sangeres toegejuig (V)
41. Slag vir slag het die doelwagter gemis, want hy kyk nie (M)
42. Ons prinsipaal het die kampioen gelukgewens (M)
43. Die man het my gekul (M)
44. Hulle het al weer die bedelaar gekoggel (M)
45. Sannie se ouers het haar nooit begryp nie (V)
46. Die jagter het die bok geskiet (M)
47. Mej. Nel het ons geroep (V)
48. Oom Jan het sy plaas verkoop (M)
49. Pieter het gevra of hulle gaan swem (M)
50. Boetie het gevra of ek wil saam speel (M)
51. Die skelm het gewonder of hy tronk toe gaan (M)
52. Die onderwyser het sy stem dik gemaak (M)
53. Kerneels het die bal raak gevat (M)
54. Jan het die hele dag in sy kamer gesit (M)
55. My ma het self die deeg geknie (V)
56. Die meisie het baie mooi gelyk (V)
57. Outa Doons is 'n lui skepsel (M)
58. Ek dink daardie vent is getrou (M)
59. My suster is getroud (V)
60. Ons hoofonderwyser is 'n wewenaar (M)
61. Pappie het my aangeraai om prokureur te word (M)

62. Die gasheer het die gaste koel ontvang (M)
63. Sy vriend het hom 'n streep getrek (M)
64. My suwer is 'n onderwyser (M)
65. Ons buurman is 'n vriendelike kêrel (M)
66. Die prinsipaal van ons skool is 'n goeie sanger (M)
67. Mej. Pienaar is 'n lektrise (V)
68. My neef wil eendag 'n akteur word (M)
69. Net dames mag by die vereniging aansluit (V)
70. Daardie half behoort aan die outa (M)
71. Die gasvrou het hom aan die woord gestel (V)
72. Die pianis is 'n bekende musikant (M)
73. Die kelner is 'n weeskind (M)
74. Om watter rede het jy vir Neels geklap? (M)
75. Die polisiesman het die fietsryer voorgekeer (M)
76. Piet en Gert is maats (M)
77. Die werkgewer het die man ontslaan (M)
78. Ek het na Jan gekyk (M)
79. Oupa was baie siek (M)
80. Ouma hou van biltong (V)
81. Mnr. Kriel is tagtig jaar oud (M)
82. Lenie is verlief op jou broer (V)
83. Mammie het vir 'n spinnekop geskrik (V)
84. C.M. van den Heever het "Gister" geskrywe (M)
85. Oom Piet is om die bos gelei (M)
86. Die kêrel speel heelagter (M)
87. Die argitek twyfel of hy dit kan doen (M)
88. Die prokureur wonder wat hy moet doen (M)
89. Jy moet dadelik vir Gert bel om te sê of jy gaan (M)
90. Oupa sal skryf (M)
91. Jannie sal weer beter word (M)
92. Oom Piet het vir Hannes gevra om die brief te pos (M)
93. Die dogters was ongehoorsaam (V)
94. Die seuns het laat opgebly (M)
95. Piet het sy eksamen geslaag (M)
96. Hester is tot prefek verkies (V)

97. Haar niggie kom kuier (V)
98. Die seuns vang kwajongstreke aan (M)
99. Ek hou nie van Jan nie (M)
100. Die prefek het sy maats gestraf. (M)

NS: Van die sinne wat hier gebruik is, is sommige verkort,
maar die inhoud en die strekking het dieselfde gebly.

BYLAE B

Voornaamwoordelike gebruik in sinne vir geslagbepaling

- * M = manlik
* V = vroulik

1. Hy gee die inhoud weer (M)
2. Hy sê die sin woord vir woord voor (M)
3. Hy het die moed om te boks (M)
4. Hy het gesê hulle sou kom (M)
5. Sy roep uit dat sy gebyt is (V)
6. Dit was sy laaste woorde (M)
7. Ons het hom dae aaneen geterg (M)
8. Almal het vir hom gelag (M)
9. Sy bynaam is Ghandi, omdat sy voortande uit is (M)
10. Snags droom hy net van fietse (M)
11. Gister het hy nie tyd gehad nie (M)
12. Sewe jaar lank sal hy ongelukkig wees (M)
13. Hy is baie bedrywig (M)
14. Hy het al sy opstel geskrywe (M)
15. Hy het 'n lang brief huis toe geskrywe (M)
16. Hy is al lank in die tand (M)
17. Hoe verder hy hardloop, hoe moeër word hy (M)
18. Ek herken hom aan sy rooi hare (M)
19. Sy staan daar en dink (V)
20. Hy het die brief geskrywe (M)
21. Hy het nie sy werk gedoen nie (M)
22. Hy was heeltemal gewillig om te help (M)
23. Na daardie optrede het sy belangstelling verloor (V)
24. Sy vriend het hom 'n streep getrek (M)
25. Hy is 'n sondaar (M)
26. Sy het die kaart met 'n potlood geteken (V)
27. Sy loop daarheen (V)
28. Sy is vir niemand kwaad nie (V)

29. Sy vrou brei n trui (M)
30. Moes hy nie die woord met n hoofletter skrywe nie? (M)
31. Hy het nog nie telegrafeer nie (M)
32. Hy het in die hof verskyn (M)
33. Die misdadiger het sy lewe verbeter (M)
34. Hy het die woorde teruggetrek (M)
35. Hy het moedeloos geword (M)
36. Hy het mooi skoene aangehad (M)
37. Hy het sy plan laat vaar (M)
38. Hulle het hom as spreker gekies (M)
39. Hulle het hom beskuldig van kwajongstreke (M)
40. Hy sal slaag, want hy is leergierig (M)
41. Die honde blaf omdat hy n vreemdeling is (M)
42. Hy word orals verdink (M)
43. Hy sluit altyd eers die deur (M)
44. Sy gaan werk na sy matrikuleer het (V)
45. Hy sal die bus nog haal (M)
46. Sy broer het lus om ingenieur te word (M)
47. Sy onthou nog die poets wat ons haar gebak het (V)
48. Sy suster hou daarvan om te terg (M)
49. Hy lees graag poësie (M)
50. Hy het al sy kansse verspeel (M)
51. Hy gaan selde bioskoop toe (M)
52. Sy sing net in die bad. Haar stem is vals (V)
53. Sy gesig is vol knoppies van die muskiete (M)
54. Hy sal nie die vergadering bywoon nie (M)
55. Hy het gister verjaar (M)
56. Sy was glad nie lelik nie (V)
57. Sy het n swart oorjas aangehad (V)
58. Hy was nog fris en lewendig na die wedstryd (M)
59. Sy vriende het hom almal in die steek gelaat (M)
60. Hy het sy studies voltooi (M)
61. Hy is baie arm (M)
62. Hulle sal hom nie help nie (M)
63. Hy kon my nie ompraat nie (M)

64. Ek vertrou hom nie (M)
65. Hy sien ook nie verder as wat sy neus lank is nie (M)
66. Sy sing te pragtig (V)
67. Saans gaan hy bad (M)
68. Hy gaan soggens draf (M)
69. Sy voete het onder hom uitgegely (M)
70. Hy het al eerder bedrog gepleeg (M)
71. Hy het die kis goed toegespyker (M)
72. Hy is nie familie van ons nie (M)
73. Hy eet nie varkvlies nie (M)
74. Hy ken nie Afrikaans nie (M)
75. Sy is nie baie mooi nie (V)
76. Hy kon dit nie vlot opsê nie (M)
77. Hy sê die kinders luister nie (M)
78. Hy sê hy hoor jou nie (M)
79. Hy glo hy het geen vriende nie (M)
80. Hy vertel hy is nie bang vir spoke nie (M)
81. Sê nou hy dink nie daaraan nie? (M)
82. Hy sê die hond byt nie (M)
83. Hy sê hy is nie verloof nie (M)
84. Hy vertel mos hy kan nie duik nie (M)
85. Glo jy hy kan nie swem nie? (M)
86. Hy wil ons wysmaak hy kry nie pak nie (M)
87. Dink jy nie hy sal skrik nie? (M)
88. Sê hy regtig hy wil nie voorsitter wees nie? (M)
89. Ek hoop dat ek nooit so vet soos sy sal word nie (V)
90. Daar moet erken word hy het gesondig (M)
91. Daar is bevind dat sy ernstig beseer was (V)
92. As hy so spog, kry ek hom jammer (M)
93. Hy het ons nie gewaar nie (M)
94. Ek is oortuig dat julle hom 'n streep getrek het (M)
95. Ons sal geen beswaar maak as hy dit voorstel nie (M)
96. Hy loop so stadig om my te trotseer (M)
97. Ek twyfel of hy dit gedoen het (M)
98. Hy hou hom altyd vol fiemies (M)

99. Hy het dit per ongeluk gedoen (M)
100. Hy maak of hy dit weet. (M)

NS : Van die sinne wat hier gebruik is, is sommige verkort,
maar die inhoud en die strekking het dieselfde gebly.

BYLAE C

Begripstoetstitels : St. 4-boek

- * M = Manlik
- * V = Vroulik
- * N = Neutraal (nie-geslagaanduidend)

1. Voëlpret (N)
2. Hasie verkoop sy plaas (M)
3. Versamel-vreugde (N)
4. Oupa (M)
5. Pos en posseëls (N)
6. George Müller (M)
7. Kropvasmaak (N)
8. Die basaar (N)
9. Lampies wat lewe (N)
10. Nag, Mattewis (M)
11. Plante en insekte (N)
12. Miershope (N)
13. Die lipstrop (N)
15. Nag, Mattewis (M)
15. Kleinjan loop sy rieme styf (M)
16. Die by en die perdeby (N)
17. Liebenbergsrus (N)
18. My voëltjies (N)
19. Spinnekoppe (N)
20. Dirk Ligter (M)
21. Die skepbekertjie (N)
22. Jakkals en Wolf word boemelaars (M)
23. Die verjaarsdaglied (N)
24. Die taal van die diere (N)
25. Die man uit die Paradys (M)

Begripstoetstitels : St. 5-boek

- * M = Manlik
- * V = Vroulik
- * N = Neutraal (nie-geslagaanduidend)

1. Beethoven vir bobbejane (M)
2. Bergmarathon (N)
3. Die natuur se tuin (N)
4. Lelik maar liefdevol (N)
5. Komete (N)
6. Onderaardse klaskamer (N)
7. Koring van grootvishengelaars (M)
8. Ons goud en diamante (N)
9. Modetooisels en verestoffers (N)
10. Die kerndriehoek (N)
11. Hansie Smal (M)
12. Insekte se wapens (N)
13. Koggelmanderpraatjies (N)
14. Gertjie Bezuidenhout (M)
15. Die ystervarkjag (N)
16. Buitengewone boelbinder (N)
17. n Bal in die Kasteel (N)
18. Skoenlappers (N)
19. Saldanha - amper stad (N)
20. Meer voedsel is nodig (N)
21. Voëls (N)
22. Sarel Cilliers (M)
23. Seuns van die berge (M)
24. Rooibostee (N)
25. Die wonderlike wêreld (N)
26. Die Suid-Afrikaanse Munt (N)
27. Jan Blom (M)
28. Vader van sy volk (M)
29. Dis nou Trix (V)
30. Pa se skêrtjie (M)

BYLAE D

Mededinging tussen die manlike en vroulike voornaamwoord:
sy, hy, hom, haar

Kies tussen die manlike en vroulike vorm deur net die een te onderstreep soos deur u gebruik sou word

1. Die son loer deur die wolke en sy/haar strale bekoor my.
2. Moedertaar is dikwels wreed teenoor haar/sy kinders.
3. Die wêreld gaan sy/haar eie gang.
4. Die maan is vanaand op haar/sy bekoorlikste.
5. Die natuur bring dalk vandag meer digters na vore as wat hy/sy nodig het.
6. Die lelie is bekend vir haar/sy skoonheid.
7. Die roos ontbloot sy/haar pragtige kleure.
8. Die môre groet ons wuwend met haar/sy pragtige kleure.
9. Die aandster maak sy/haar opwagting tussen die mede-sterretjies.
10. Die aandblom staan daar in al haar/sy glorie.

11. Die skip vervoer sy/haar passasiers.
12. Dis my motor en ek het baie goeie diens van haar/hom.
13. Kyk hoe mooi lyk die huis nadat ons hom/haar gevef het.
14. Die stad word verhelder deur die pragtige ligte wat op hom/haar val.
15. Die horlosie kwyt haar/hom goed van die daaglikse taak.
16. Die treintjie beur met haar/sy vrag die bult uit.
17. Die blompotjie is al so baie reggemaak, maar Mamma gebruik hom/haar nog.
18. Die motorfietsie se dae is haas verby en nou gebruik ons haar/hom as speelding.
19. Die arme bussie is oorlaai met al sy/haar passasiers.
20. Ek heg baie waarde aan die kledingstukkie en pas haar/hom goed op.
21. Skoonheid doen hom/haar baie voor in die veelkleurige natuur.
22. Geldgierigheid is so! sy/hy maak jou blink vir menslikheid.
23. Ouderdom is pragtig as hy/sy met gesondheid vereenselwig word.

24. Blydskap kom sonder dat jy haar/hom verwag.
25. As die vreugde eg is, verbly hy/sy jou behoorlik.
26. Oppas vir die haat : sy/hy maak jou blind.
27. Rykdom is mooi as jy hom/haar kan verwerk.
28. Vredeliewendheid is 'n eienskap wat haar/hom soms baie selde voordoën.
29. Droefheid eis soms meer as wat hy/sy jou bied.
30. As die liefde jou vang, laat sy/hy jou nie sommer los nie.

31. Ek bad my skoothond gereeld dat hy/sy kan skoon bly.
32. My lieflingskat sal jou bevlieg as jy haar/sy nooi pla.
33. Die arme perd is so oud dat ek hom/haar van kant gaan maak.
34. Die eend loop al waggeland na sy/haar drinkplek.
35. Die hoender skrop so baie in die tuin dat ek sy/haar nek wil omdraai.
36. Die vlindertjie bekoor my met haar/sy pragtige kleure.
37. My dierbare kanarie is uit die kou gelaat en nou is hy/sy skoonveld.
38. Die onskuldige motjie waag sy/haar lewe om die kers.
39. Die miertjie laat mens verstom met haar/sy werkkrag.
40. Die duifie lyk so skadeloos waar hy/sy op die gras sit.

41. Die kerk en haar/sy strewe moet eerlik wees.
42. Die Jurie bestaande, uit ses vroue en vier mans, moet sy/haar besluit ter tafel lê.
43. Engeland het haar/sy kolonies onderdruk.
44. Die staat moet sy/haar besluite ooreenkomstig en tot voordeel van die land neem.
45. Die gemeente sit haar/sy aangevange godsdiensoefening voort.
46. Die kommissie na vroue regte moet hom/haar ten volle laat geld.
47. Engeland, die moederland, het haar/sy mense uitgebuit.
48. Die harem en sy/haar gebruike dateer uit die verre verlede.
49. Die komitee moet haar/sy besluite gestand doen.
50. Suid-Afrika moet staande bly teen sy/haar haters.

BYLAE E

Teenoor dames/dogters gesê:

1. U dogter het 'n nuwe rok en nou sê u: "Kyk hoe spoggerig lyk _____ in die nuwe rok."
2. Die babadogter lê in die wiegie en u sê: "Moet _____ nie pla nie."
3. Aan u (of 'n) vrou wat spoggerig lyk: "Kyk hoe mooi lyk _____ van-aand."
4. Die dogter se swak rapport word bespreek en u sê: "_____ sal nooit die jaar slaag nie."
5. Die kleinkind/babadogter het 'n duursame artikel gebreek en u kommentaar is: "'n Mens kan ook nie met _____ huis hou nie."
6. U ma/vrou het vergeet om die toebroodjies in te pak: "_____ het al weer vergeet om dit in te pak."
7. "My ma wil nie hospitaal toe gaan nie en _____ is werklik koppig."
8. "My dogter het vanjaar net vyf onderskeidings behaal, maar ons is nogtans trots op _____."
9. "Ek kan Sannie nie duld nie, want _____ gedrag is nes die van 'n man."
10. "Ons kan darem nie vir Marietjie straf nie, want _____ is nog baie klein."
11. "Jy kan nie met Miems kers vashou nie, want _____ bestuur die vragmotor beter as 'n man."
12. "Ons moet ons ontferm en kan nie vir Oumatjie so aan _____ eie lot oorlaat nie."
13. "Cathy is hardkoppig en speel net wanneer _____ geïnspireerd is."
14. "Susan is 'n vrou duisend, want _____ bly stoksielalleen op die plaas."
15. "Die Fransina darem, _____ het al weer die seuns uitgestof."
16. "Ou Sanna lyk spoggerig in _____ nuwe rok."
17. "Is Rina dan nie vir jou oulik nie, want _____ het al die seuns uitgestof."
18. Gesê aan 'n babadogter: "_____ probeer _____ skoene aantrek."

19. Tydens h teeparty: "Siena, jy het vir Cahtrien vergeet. Bring vir _____ ook tee asseblief."
20. "Santie het hul motor se enjin al uitgehaal en nou wil _____ dit weer doen."

Teenoor mans gesê:

1. "Koos sê sy voetjies is seer, en sies tog, nou kan _____ nie verder loop nie."
2. "As so, en nou kan _____ ewe skielik nie meer gaan nie."
3. "Foei tog, en nou wil _____ nie meer gaan swem nie."
4. "Het _____ skoentjies by die huis vergeet?"
5. Tydens h rugbywedstryd: "Ag, kan _____ tog nie die bal vang nie?"
6. "Sareltjie wil nooit saam met ons speel nie en nou gaan ons vir _____ h poppie koop."
7. "Ons sal maar alleen gaan, want _____ vrou wil dit kamstig nie hê nie."
8. "Aag wat, los _____ maar, want netnou loop die traantjies."
9. "Kom ons speel maar sonder Ferdie, want _____ is al weer tussen die meisietjies."
10. "Sies tog, Mamma se kind het seer gekry en nou wil _____ huil."

BYLAE F

h Onderzoek na die hy/hom gebruik teenoor persone van die vroulike geslag byvoorbeeld "Hy moet tog asseblief die rokkie aantrek"

Probeer om so DUIDELIK en OBJEKTIEF as moontlik in u antwoorde te wees en om telkens 'n moontlike rede te verskaf.

1. Kom die verskynsel baie algemeen in u streek voor? JA/NEE
2. As 'n persoon uit die vroulike geslag as HY aangespreek word. Pla dit u? JA/NEE
3. Sal u die manlike voornaamwoord teenoor u ma, ouma of meerdere persone gebruik?
4. As u na lewelope dinge soos 'n skip, 'n kar ens. verwys sal die manlike of vroulike voornaamwoord gebruik word?
5. Gebruik alle ouderdomsgroepe die hy-vorm teenoor die vroulike geslag?
6. Wie gebruik dit die meeste? Vrouens of mans.
7. Het u beheer oor die gebruik, met ander woorde, kan die sy-vorm vir u vrou gebruik word as dit moet?
8. Praat die Kleurlinge ook so?
9. Gebruik die Kleurlinge die manlike voornaamwoord vir die vroulike net onder mekaar of teenoor die Blankes ook?
10. Praat u van die vroulike bediende as hy?
11. Is 'n hoender, eend, hond, kat (gemeenslagtige diere) 'n hom of 'n haar?
12. Teenoor wie word dit die meeste gebruik bv. kindertjies, maats ens?
13. Is u bewus daarvan dat u so praat?
14. Kom dit meer op die plase of dorpe voor?
15. Sal geleerdheid maak dat die vorm minder gebruik word?
16. Het iemand u so geleer praat?
17. Word die vrou ooit as jy aangespreek in u streek?
18. Sal die Kleurling van 'n blanke vrou as hy praat?

19. Sal u vir 'n dame of dogter wat netjies geklee is hy of sy sê?
20. As 'n dame of dogter onnet geklee is sal u van hom of haar praat?
21. As 'n ouer dame u regtig kwaad maak. Sal u die dame as hy of sy aanspreek?
22. Sou u sê dis 'n manier van aandag trek om so omgekeerd te praat?
23. Sou u hy vir 'n vroulike persoon gebruik as u die persoon:
 - 23.1 Vlei
 - 23.2 Spot
 - 23.3 Afkraak (neerhalend praat)
24. Gebruik u omgewing se mense maklik die omkeerde vorm onder mekaar?
25. Praat hulle ooit oor die gebruik?
26. Is dit volgens u reg of verkeerd om so te praat?
27. As iemand vir 'n dogtertjie sê "Hy lyk oulik nê" - voel u dit aan of dat hy 'n besoeker is?
28. As 'n vrou soos 'n man optree sal u die vrou hy of sy noem?
29. Sal u 'n vrou hy noem as die persoon groot en fors is?
30. Sal u 'n dame makliker hy noem in haar aanwesigheid of afwesigheid?
31. Voel u dat meer bereik word met die hy-gebruik teenoor 'n vroulike persoon?
32. Indien wel, wat wil u bereik?
33. Sal u tussen vreemde mense ook die omgekeerde vorm gebruik?
34. Word die kinders geleer om so te praat?
35. Indien nee. Hoekom praat hulle wel so?
36. Word die man ook as vroulik aangespreek? Rede(s)
37. Voel u die verskynsel sal uitsterf? Rede(s)
38. Praat die kinders net tuis of by die skool ook so?
39. Is dit vir u lekker om so te praat?
40. Enige byvoegings, wat u voel, wat kan meehelp in die ondersoek sal waardeer word.

Geslag:

Geboortedatum:

Plek:

Telefoonnommer:

BYLAE G

Onderstreep die passende voornaamwoord

- A. 1. Bessie, my ou tjor, vir wie/waarvoor ek baie lief is.
2. My ou tjor waarvoor/vir wie ek baie lief is.
3. Bessie vir wie/waarvoor ek baie lief is.
- B. 1. Jopie, my motorboot, waarsonder/sonder wie ons nie vertrek nie.
2. My motorboot sonder wie/waarsonder ons nie vertrek nie.
3. Jopie, waarsonder/sonder wie ons nie vertrek nie.
- C. 1. Dis Sandra, die lokomotief, oor wie/waaroor daar gepraat is.
2. Dis die lokomotief waarvoor/oor wie daar gepraat is.
3. Dis Sandra oor wie/waaroor daar gepraat is.
- D. 1. Daar staan Stoffeltjie, ons ou tjorrie, waarvan/van wie ek jou vertel het.
2. Daar staan Stoffeltjie van wie/waarvan ek jou vertel het.
3. Daar staan ons ou tjorrie waarvan/van wie ek jou vertel het.
- E. 1. Dis Grietjie, die kanon, voor wie/waarvoor baie mense moes vlug.
2. Dis die kanon waarvoor/voor wie baie mense moes vlug.
3. Dis Grietjie voor wie/waarvoor baie mense moes vlug.
- F. 1. Jakop, die ou trekker, waaronder/onder wie ek beland het.
2. Die ou trekker onder wie/waaronder ek beland het.
3. Jakop waaronder/onder wie ek beland het.

OPSOMMING

Die probleem wat in die verhandeling onder die loep kom het drie fasette, naamlik:

- die manlike dominansie in die taal van mans en vrouens;
- die konkurrensie van hy/sy en hy/dit en om die dominansie te bepaal;
- die wisselende gebruik van hy en sy met verwysing na lewende geslagtelike referente, nie-lewende referente, menslike referente en om voorbeelde en moontlike voorwaardes vir die onreëlmatige gebruik te probeer bepaal.

⁂ Werkbare definisie is gegrond op die omskrywing wat in WAT gevind word en die voornaamwoorde is aan die hand van hierdie definisie getoets.

Die ondersoek het die volgende bevindings aan die lig gebring, naamlik dat:

- taalverandering besonder sterk aan die werk is by voornaamwoordelike anaforiek en dat hy klaarblyklik besig is om dit nog verder te verdring;
- die primêre funksie van hy die gebruik in verband met manlike persoons- en diername en by gemeenslagtige persoons- en diername is waar die geslag nie ter sake is nie;
- hy egter onder bepaalde omstandighede deur sy verdring word;
- die dominansie van die manlike voornaamwoord vir onsydige voorwerpe en vir gemeenslagtige persoonsname suggereer dat manlike dominansie moontlik ook op ander vlakke van die taal gereflekteer word.

Die belangrikste bevindings wat gemaak is, is naamlik dat:

- onreëlmatige voornaamwoordgebruik in sommige streke 'n patroonmatige voorkoms het, andersins toon die wisselende verskynsel 'n minder patroonmatige gebruik wat in beide die Standaard en nie-Standaardafrikaans voorkom;
- die verskynsel van wisselende voornaamwoordgebruik hom landswyd voordoen en by beide geslagte aangetref word;
- die wisseling in sommige gevalle met doelbewuste gebruik gepaard gaan;
- die onreëlmatige gebruik in nie-Standaardafrikaans sterk ooreenkoms toon met die Namakwalandse spreekstyl;
- die gebruik 'n subsisteem van die spreker se taalskat is as gevolg van faktore soos die volgende

- Respek
- Vleitaal
- Liefdevolle, versagtende optrede
- Simpatieke meegevoel
- Neerhalende gebruik
- Woede
- Selfstandigheid
- Engelse invloed
- Nederlandse invloed
- Gevoelswaarde

Ten slotte is aangetoon dat:

- die onreëlmatige gebruik gemanifesteer word in opvoedingshiërargieë;
- beheersdheid gepaard gaan met die wisseling;
- daar 'n proses van taalverandering aan die werk is, maar dat algehele standaardisering uitgesluit is omdat te veel affektiwiese faktore betrokke is.